

**Strategie en prosedures vir die Afrikaanse vertaling van
identiteitsvormende elemente van die Nac Mac Feegle-karakters in
Terry Pratchett se *The Wee Free Men***

deur

Carla van Wyk

**'n Verhandeling voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die
graad**

MAGISTER ARTIUM: TOEGEPASTE TAALSTUDIE

in die Fakulteit Geesteswetenskappe van die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

STUDIELEIER: Dr. Helena Kruger-Roux

Augustus 2016

Etiese verklaring

Die outeur, wie se naam op die titelblad van hierdie verhandeling verskyn, het vir die navorsing in hierdie werkstuk die toepaslike goedkeuring rakende navorsingsetiek verkry.

Die outeur verklaar dat hy of sy die etiese standaarde, soos vereis in die Universiteit van Pretoria se Etiese kode vir navorsers en die Beleidsriglyne vir verantwoordelike navorsing, gehandhaaf het.

Synopsis

This study entails a case study of the translation of the novel *The Wee Free Men* by Terry Pratchett to Afrikaans. The purpose of the study is to determine which translation strategy and procedures can be used to successfully transfer the unique identity of a certain group of characters to the target text. A study is made of literature written on the subject of dialect translation as well as the translation of names to identify the strategy and possible procedures that can be applied to this translation. Identity forming elements from the source text is categorised and examples from each category is identified for analysis. By applying the identified strategy and procedures on the identity forming elements, certain sub-procedures that are used predominantly to portray the identity of the characters in the target text, are identified.



INHOUDSOPGAWE

1.	INLEIDING.....	1
1.1	Probleemstelling	1
1.2	Bestaande navorsing oor identiteitsvormende elemente	1
1.3	Navorsingsvrae.....	2
1.4	Die doelwitte van die studie	3
1.5	Voorgestelde metodologie	3
1.6	Terme en konsepte	4
1.7	Beperkinge	5
1.8	Die rasionaal van die studie	5
1.9	Hoofstukitleg.....	5
2.	LITERATUURSTUDIE	7
2.1	Inleiding.....	7
2.2	Die ontwikkeling van vertaling as 'n studieveld	7
2.3	Strategieë vir vertaling.....	9
2.4	Benaderings tot vertaling.....	11
2.5	Literêre vertaling.....	16
2.6	Dialekvertaling	19
2.7	Skotse dialek as karakterisering.....	27
2.8	Vertaling van name	27
2.9	Gevolgtrekking	30
3.	METODOLOGIE.....	32
3.1	Inleiding.....	32
3.2	Navorsingsfilosofie.....	32
3.3	Navorsingsbenadering	33
3.4	Navorsingsontwerp	34
3.5	Databronne	35
3.6	Datainsamelingsmetodes.....	37
3.7	Betroubaarheid en geldigheid	41
3.8	Data-analise en -interpretasie	41
3.9	Beperkinge	42
3.10	Etiese oorwegings	43



3.11	Gevolgtrekking.....	43
4.	DATA-ANALISE EN -INTERPRETASIE	44
4.1	Inleiding.....	44
4.2	Data vanuit die literatuuroorsig.....	44
4.3	Inhoudsanalise	50
4.4	Analise van kategorieë en vertaling.....	52
4.4.1	Gebruik van nie-Standaardengels	53
4.4.2	Gebruik van niestandaardspelling	81
4.4.3	Naamgewing	101
4.4.4	Voorkoms	115
4.4.5	Musiekinstrument.....	117
4.4.6	Ander.....	118
4.5	Frekwensie van gebruik van subprosedures.....	121
4.5.1	Vertaling van taalgebruik.....	121
4.5.2	Vertaling van name	122
4.6	Gevolgtrekking.....	123
5.	BEVINDINGE EN GEVOLGTREKKINGS.....	125
5.1	Inleiding.....	125
5.2	Navorsingsvrae en bevindinge van die studie	125
5.3	Gevolgtrekkings van studie	128
5.4	Voorstelle vir verdere navorsing.....	129
5.5	Gevolgtrekking.....	129
	BIBLIOGRAFIE	130

1. INLEIDING

1.1 Probleemstelling

Sir Terry Pratchett was daarvoor bekend dat hy aan karakters op 'n humoristiese manier 'n sekere unieke identiteit gegee het. In baie gevalle speel die taalgebruik en naamgewing van die karakters 'n groot rol hierin. Ten einde 'n roman met identiteitsvormende elemente suksesvol te vertaal, is dit belangrik dat die unieke identiteit in die doeltaal behoue bly. Om te verseker dat hierdie unieke identiteit behoue bly, behoort die funksie van al die elemente wat bydra tot die identiteitsvorming van die karakters na die doeltaalteks oorgedra te word.

In Pratchett se roman *The Wee Free Men* is dit grotendeels die taalgebruik en naamgewing van 'n sekere groep karakters, die Nac Mac Feegles, wat aan hulle 'n unieke identiteit gee. Daar is wel ander elemente, soos hul voorkoms en musiekinstrumente, wat ook 'n rol speel in hierdie identiteitsvorming, maar hulle taalgebruik en name dra die meeste van die identiteit aan die leser oor.

Die identiteit van die karakters is losweg gebaseer op die Skotse kultuur en kom sterk na vore in hulle taalgebruik. Die skrywer het wel in 'n onderhoud gesê dat dit nie werklik 'n suiwer Skotse dialek is wat hulle gebruik nie: "They speak a mixture of Gaelic, Old Scots, Glaswegian and gibberish" (Peschel, 2006:411).¹

Die navorsingsprobleem is die identifisering van 'n strategie en prosedures wat met die grootste sukses die karakters se unieke identiteit in Afrikaans kan oordra. Die unieke identiteit van die karakters moet behoue bly in die vertaling om die doeltaallesers dieselfde genot as die brontekstlesers te verskaf. Om dit te bewerkstellig moet 'n vertaalstrategie en -prosedures gekies word wat die funksie van die identiteitsvormende elemente behou.

1.2 Bestaande navorsing oor identiteitsvormende elemente

Daar is reeds geskryf oor hoe ander vertalers identiteitsvormende elemente soos dialek en naamgewing hanteer. Hierdie teoretici se werke word in ag geneem met die bepaling van 'n strategie en prosedures om tydens die vertaling toe te pas.

¹ In hierdie dokument word aanhalingstekens gebruik soos in die *Skryf Afrikaans* voorgestel (Müller, 2003:411), naamlik dubbel aanhalingstekens vir alle aanhalings en enkelaanhalingstekens vir aanhalings in aanhalings.

1.2.1 Bestaande navorsing oor dialekvertaling

Verskeie teoretici het al strategieë en prosedures voorgelê oor hoe die vertaling van 'n dialek in 'n teks hanteer behoort te word. Daar bestaan meningsverskille onder hulle oor die hantering hiervan. Prosedures oor 'n breë spektrum is voorgelê waarvan die twee ekstreme die volgende is: moet glad nie dialek vertaal nie (Rosenthal, 1945; Englund Dimitrova, 1997; Landers, 2001), en vertaal die dialek deur van 'n bestaande doeltaaldialek gebruik te maak (Doyle, 1930; Bonaffini, 1997; Horobin, 2001).

Verskeie teoretici meen dat die dialek eers geanaliseer moet word voor 'n besluit oor die strategie vir vertaling geneem kan word (Bonaffini, 1997:288; Rosenthal, 1945:270).

Wat egter baie pertinent na vore kom, is dat die meeste teoretici die funksie van die dialek as belangrik ag en die vertaler dit tydens die vertaalproses in gedagte moet hou (Bonaffini, 1997; Englund Dimitrova, 1997; Bassnett, 2002; Perteghella, 2002; Epstein, 2006b; Mašlaň, 2006; Davies, 2009; Mrzygłodzka, 2013).

1.2.2 Bestaande navorsing oor die vertaling van name

Vir die hantering van name in 'n teks is daar ook teoretici wat meen dat dit glad nie vertaal moet word nie en slegs in die doelteks getranskribeer moet word (Newmark, 1981:70; Kalashnikov, 2006a; Benko & Zorko, 2012), en ander wat weer moontlike prosedures vir die vertaling daarvan voorstel (Kalashnikov, 2006b:3).

Al die teoretici kom wel ooreen dat waar 'n karakter se naam ekstra funksies vervul, die vertaler dit in ag moet neem en dit sover moontlik na die doeltaal moet probeer oordra (Newmark, 1981; Bassnett, 2002; Kalashnikov, 2006a; 2006b).

1.3 Navorsingsvrae

Die navorsingsvraag vir hierdie studie lui soos volg: Watter strategie en -prosedures kan toegepas word om die unieke identiteit van die Nac Mac Feegles suksesvol na Afrikaans oor te dra? Om hierdie vraag te beantwoord, moet die volgende subvrae beantwoord word:

1.3.1 Watter strategieë en prosedures kan moontlik gebruik word om die funksie van identiteitsvormende elemente suksesvol in vertaling oor te dra?

1.3.2 Watter identiteitsvormende elemente kenmerk die identiteit van die Nac Mac Feegles?

1.3.3 Watter van die geïdentifiseerde strategieë en prosedures sal die betekenisfunksie van die identiteitsvormende elemente die beste in Afrikaans oordra?

1.4 Die doelwitte van die studie

Die hoofdoel van hierdie studie is om vas te stel watter vertaalstrategie en -prosedures toegepas kan word om die unieke identiteit van die Nac Mac Feele-karakters suksesvol na Afrikaans oor te dra. Die vertaalde teks, wat met die toepassing van hierdie strategie en prosedures gelewer word, moet dieselfde genot aan die leser verskaf as wat die Engelse teks aan lesers verskaf.

Die doelwitte van hierdie studie is om moontlike vertaalstrategieë en -prosedures te identifiseer wat gebruik kan word om enige identiteitsvormende elemente suksesvol na Afrikaans oor te dra. Identiteitsvormende elemente in die boek *The Wee Free Men* wat die Nac Mac Feeles karakteriseer, moet geïdentifiseer en gekategoriseer word. Laastens sal daar bepaal word watter strategie en prosedures die unieke identiteit van die karakters die beste in Afrikaans weerspieël.

Die sukses van hierdie studie word deur die suksesvolle vertaling bepaal. Indien 'n suksesvolle vertaling nie gelewer kan word nie, kan die studie nie onderneem word nie.

1.5 Voorgestelde metodologie

1.5.1 Filosofie en benadering

Die studie wat onderneem word is op die interpretivistiese filosofie gebaseer omdat die verstaan van die identiteitsvormende elemente aan die leser se sosiale kennis gekoppel is. 'n Induktiewe benadering word tydens die studie gevolg om 'n strategie, prosedures asook die identiteitsvormende elemente te identifiseer en dan dié strategie en prosedures op die geïdentifiseerde identiteitsvormende elemente toe te pas om vas te stel watter subprosedures oorheersend gebruik is.

1.5.2 Navorsingsontwerp

'n Kwalitatiewe navorsingsontwerp word gebruik deur 'n gevallestudie te onderneem oor die hantering van die vertaling van die identiteitsvormende elemente in 'n spesifieke teks. Die studie gaan van ondersoekende navorsing gebruik maak om die navorsingsvrae te beantwoord.

1.5.3 Databronne

Die data word uit sowel primêre as sekondêre bronne verkry. Die literatuur wat reeds oor vertaling geskryf is, is die sekondêre databron wat moontlike vertaalstrategieë en -prosedures oplewer wat

tydens die vertaling toegepas kan word. Terry Pratchett se roman *The Wee Free Men* dien as primêre databron om die identiteitsvormende elemente op te lewer. Die derde databron is retrospektiewe verbalisering wat aandui watter subprosedure gebruik is en om watter rede.

1.5.4 Datainsamelingsmetodes

In hierdie studie is drie datainsamelingsmetodes gebruik:

- 'n Uitgebreide literatuuroorsig word uitgevoer om moontlike vertaalstrategieë en -prosedures te identifiseer wat teoretici in die geval van dialek en naamgewing voorstel.
- Deur middel van inhoudsanalise word die teks geanaliseer om identiteitsvormende elemente in die teks te identifiseer. Hierdie elemente word dan gekategoriseer.
- Deur gebruik te maak van introspeksie, spesifiek van retrospektiewe verbalisering, word die regverdiging vir die besluite deur die vertaler geneem tydens die vertaalproses, genoem. 'n Semiotiese proses soos voorgestel deur Kruger (2001:191) word gebruik om moontlike vertaalkeuses voor te lê en op 'n finale subprosedure te besluit vir elke voorbeeld.

1.5.5 Data-analise en -interpretasie

Die interpretasie van die data begin reeds gedurende die datainsamelingsproses (Saldanha & O'Brien, 2014:230) aangesien dit gebaseer is op hoe lesers die identiteitvormende elemente moontlik kan interpreteer.

Nadat 'n strategie en prosedures geïdentifiseer is, word dit op voorbeelde van elke geïdentifiseerde identiteitsvormende element-kategorie toegepas. Die vertaalkeuses wat gemaak word, sal aandui watter subprosedure oorheersend in die vertaling gebruik is. Met hierdie data word dan vasgestel watter subprosedures meestal toegepas is om die identiteit van die karakters suksesvol in die Afrikaanse vertaling te weerspieël.

1.5.6 Etiese oorwegings

Aangesien die studie nie menslike subjekte behels nie, is daar geen etiese oorwegings by die datainsameling van hierdie studie nie.

1.6 Terme en konsepte

Vir die doel van hierdie studie word die geïdentifiseerde prosedure uit die literatuur vir die hantering van dialek gebruik vir die vertaling van alle taalgebruik van die Nac Mac Feegles. Die rede hiervoor is

omdat hulle taalgebruik grotendeels op die Skotse dialek gebaseer is en daar geen onderskeid getref word tussen die vertaling van dialek en die hantering van ander niestandaard taalgebruik nie.

In hierdie studie verwys die term “bronteks” na die oorspronklike Engelse teks en die term “doelteks” na die Afrikaanse vertaling van die oorspronklike teks.

1.7 Beperkinge

Moontlike navorsersvooroordeel kan ’n beperking wees in hierdie studie aangesien die navorser en die vertaler dieselfde persoon is.

Die gebruik van ’n spesifieke teks vir die studie is ’n beperking omdat dit die veralgemening van enige bevindinge bemoeilik.

1.8 Die rasionaal van die studie

Sir Terry Pratchett was ’n baie bekende en populêre fiksieskrywer. Hy is wêreldwyd bekend en van sy werke is alreeds in 33 tale vertaal (Fantasy Book Review, 2016). Pratchett se karakters is altyd uniek en humoristies en sy verhale is deurtrek van woordspeling, humor en satire. Die meeste van sy verhale speel in ’n fiktiewe wêreld af. Hierdie wêreld word die “Discworld” genoem en bevat self ook baie satiriese elemente.

Die fantasie-genre is baie populêr onder veral jonger lesers en die vertaling van hierdie teks sal aan jong Afrikaanse lesers die geleentheid bied om Pratchett se humor en sêgoed in hulle moedertaal te geniet. Jong lesers behoort gemotiveer te word om in hul moedertaal taal te lees en die vertaling van populêre skrywers soos Pratchett se verhale sal as goeie motivering dien om te lees.

Hierdie studie behoort ’n goeie strategie en prosedures te identifiseer wat moontlik toegepas kan word op enige verdere vertalings van Pratchett se verhale; dalk ook vir die vertaling van ander skrywers se werke wat van dieselfde tipe elemente gebruik maak.

1.9 Hoofstukitleg

Die res van die verhandeling word soos volg ingedeel:

Hoofstuk 2: Literatuuoroorsig

’n Oorsig oor die ontwikkeling van vertaling as ’n veld word bespreek. Dan word daar gekyk na die

benaderings wat al voorgelê is vir literêre vertaling, dialekvertaling en die vertaling van name met die oog op identifisering van 'n strategie en prosedures vir gebruik in die vertaling.

Hoofstuk 3: Metodologie

Die metodologie wat gevolg is tydens hierdie studie word volledig in hoofstuk 3 bespreek.

Hoofstuk 4: Data-analise en -interpretasie

Hierdie hoofstuk bevat die bespreking en analise van die data. Die bevindinge vanuit die literatuuroorsig word eers weergegee en daarna word die identiteitsvormende elemente per kategorie bespreek.

Hoofstuk 5: Bevindinge en gevolgtrekkings

Die bevindinge wat gemaak is met die data-analise word hier uiteengesit. Die navorsingsvrae word ook hier beantwoord.

Bibliografie

Alle bronne wat tydens die studie geraadpleeg is word hier gelys.

2. LITERATUURSTUDIE

2.1 Inleiding

Die teks wat gekies is vir die vertaling is 'n literêre teks met identiteitsvormende elemente wat vertaalprobleme veroorsaak. Hierdie identiteitsvormende elemente bestaan onder meer uit taalgebruik en naamgewing. Vir die doel van hierdie studie word literêre vertaling binne die konteks van die hele vertaalveld beskou asook hoe taalgebruik en naamgewing hanteer word.

Die ontwikkeling van vertaling as 'n studieveld sal kortliks in die volgende gedeelte bespreek word omdat benaderings en teorieë deur die loop van die ontwikkeling ontstaan het en literêre tekste 'n groot deel uitmaak van die tekste wat deur die loop van die jare vertaal is. Daarna sal die hoofbenaderings tot vertaling kortliks bespreek word om te wys watter vertaalbenaderings tot dusver ontwikkel is. Derdens sal die benaderings wat spesifiek van toepassing is op literêre vertaling kortliks bespreek word. Laastens word sommige strategieë en prosedures, wat teoretici spesifiek vir die vertaling van dialekte en naamgewing geïdentifiseer het, bespreek met die oog op die gebruik daarvan in die studie.

2.2 Die ontwikkeling van vertaling as 'n studieveld

Die eerste tekens van vertaling dateer uit die Egiptiese Ou-Koninkryk, omtrent 3000 v.C., waar inskripsies in twee tale ontdek is (Newmark, 1976:5). Die vertaalhandeling vind al vir duisende jare plaas, maar volgens Terence Hawkes (Bassnett, 2002:i) het dit eers in die laat 1970's regtig as 'n akademiese studieveld tot stand gekom.

Bassnett (2002:48) meen dat vertaling nie werklik aan vaste periodes gekoppel kan word nie, maar daar is wel historiese bewegings (marxisme, feminisme, poststrukturalisme en postkolonialisme (Venuti, 2004a:337)), asook 'n wye spektrum studieveld (linguistiek, semantiek, literatuurstudies, kultuurstudies en genderstudies (Munday, 2001:1)) wat 'n invloed gehad het.

Bybelvertaling, asook die vertaling van ander religieuse tekste, het ook 'n groot invloed op vertaling gehad aangesien mense soos William Tyndale en Martin Luther van mening was dat die lekepubliek ook tot daardie tekste in hulle eie taal behoort toegang te hê. (Bassnett, 2002:55-56).

Inligting oor vertaling gedurende die vroeë eeue is gevind in inleidings, voorwoorde en kommentaar van vertaalde werke (Brisset, 1996:344). Sir John Denham (1615-1669) en John Dryden (1631-1700)

het gedurende die sewentiende eeu reeds teorieë geformuleer en geveg vir die regte van vertalers (Bassnett, 2002:65-66).

Munday (2001:7-8) noem dat vanaf die laat agtiende eeu tot in die 1960's vertaling hoofsaaklik vir die aanleer van ander tale gebruik is en om 'n vertaling te lees was ten doel om te leer hoe die brontaal se grammatika werk sodat die oorspronklike teks uiteindelik in die oorspronklike taal geles kon word.

Volgens Venuti (2004a:11) het die Duitse literêre en filosofiese tradisies, die Romantiek, hermeneutiek en eksistensialistiese fenomenologie, die hoofdendense van vertaalteorie gedurende die periode 1900 tot 1930 beïnvloed.

Gedurende die 1940's tot 1950's was die hooffokus in die veld 'n teks se vertaalbaarheid (Venuti, 2004a:67).

Ekwivalensie was 'n groot trefwoord gedurende die 1960's tot 1970's (Venuti, 2004a:121). Die bekendste definisie van ekwivalensie is seker Nida (1964) se "formal equivalence" en "dynamic equivalence". Met sy agtergrond in linguistiek het Nida 'n baie groot invloed op die ontwikkeling van vertaling as studieveld gehad.

Gedurende 1960 tot 1979 vind heelwat ontwikkeling in die veld plaas. Volgens Venuti (2004a:123) dui al hierdie navorsing daarop dat 'n nuwe akademiese dissipline begin ontwikkel.

In 1980 publiseer Bassnett 'n boek met die titel *Translation Studies*. Hierdie boek word, volgens die hoofredakteur van die derde uitgawe, een van die boeke wat elke student moet besit (Bassnett, 2002:i) en Venuti (2004a:215) meen ook dat dit die veld in eie reg tot stand bring.

Gedurende die volgende dekade kom baie benaderings na vore, teorieë en modelle word voorgestel, en die ontlukende dissipline van vertaalkunde word aan invloede vanuit 'n groot verskeidenheid ander dissiplines blootgestel (Venuti, 2004a:220). Vir die eerste keer word vertaling as 'n proses in eie reg binne die verskillende taalkundige en kulturele kontekste beskou (Venuti, 2004a:215) en nie meer as net 'n onderafdeling van ander velde nie.

In die 1990's verkry die veld volgens Venuti (2004a:333) "institusionele gesag" aangesien daar nou nie net aan die verskynsel aandag geskenk word nie, maar ook aan die opleiding van vertalers en die

oorvloed publikasies wat in die veld voorkom. Met die ontwikkeling van rekenaarprogramme en die relatiewe maklike toegang wat mense tot rekenaars in hierdie tydperk begin kry, word nog meer subvelde vir navorsing ontbloot. Die ontwikkeling van korpus linguistiek gee aan vertalers toegang tot analitiese metodes wat sonder die gebruik van rekenaars onmoontlik sou wees (Venuti, 2004a:335).

Venuti (2004a:333-342) meen linguistiek is steeds die hoofbron van studies in hierdie tydperk maar daar kom ook studies vanuit die oogpunt van poststrukturalisme, postkolonialisme, geskiedenisstudies, genderstudies en politieke studies te voorskyn.

Waar in die verlede baie aandag aan die tekste self geskenk is, word daar nou meer aandag aan die proses van vertaling gegee (Venuti, 2004a:339). Hierdie vertaalproses word geanaliseer deur vertalers uit te vra oor hul denkwysse toe hulle sekere besluite geneem het en waarom sekere besluite geneem is. "Think-aloud protocols (TAPs)" word gebruik om inligting te verkry oor vertalers se denkwyses maar daar word ook getwyfel oor die geldigheid van hierdie proses (Baker, 2005:266)

Die geskiedenis van die ontwikkeling van vertaling as studieveld het dus al in die antieke tye begin en is deur baie velde beïnvloed. Daar is 'n magdom teorieë vanuit verskillende benaderings. In die volgende gedeelte word die hoofbenaderings wat 'n impak gehad het op die ontwikkeling van die studieveld bespreek.

2.3 Strategieë vir vertaling

Voordat enige vertaling gedoen kan word, moet daar op die makro-vlak besluit word of daar groter lojaliteit aan die bronteks of aan die doeltekslesers bewys gaan word met die vertaling. Hierdie keuse sal een van twee strategieë tot gevolg hê, naamlik vervreemding of domestikering (Venuti, 2004b:20).

Alhoewel Venuti die twee strategieë vir vertaling eers later gedefinieer het as vervreemding en domestikering, is die konsep al vir eeue lank deel van die bespreking ten opsigte van vertaling. Volgens McElduff (2009:133) se vertaling van wat Cicero in antieke tye geskryf het, het selfs Cicero al die behoefte raakgesien vir sommige tekste om gedomestikeer te word: "I did not translate them as an interpreter, but as an orator, with the same ideas, forms and, as it were, figures, with language fitted to our usage" (McElduff, 2009:133). Cicero het die teks waarna hy verwys as het ware gedomestikeer en die teks nader aan die doelteksleser gebring. Vir hom was dit belangrik dat die doelteksleser die teks verstaan en nie as buitestaander probeer interpreteer nie.

In die vergelyking van die verskillende maniere waarop vertalers die teks *The thousand and one nights* vertaal het, verwys Borges (1935) ook na die twee konsepte van domestikering en vervreemding:

He does not seek to bring out the barbaric color of the *Nights* like Captain Burton, or to forget it and attenuate it like Galland, who domesticated his Arabs so they would not be irreparably out of place in Paris. (Borges, 1935:36)

Die vervreemde vertaling deur Galland waarna hier verwys word, is reeds tussen 1707 en 1717 gedoen en die gedomestikeerde vertaling deur Burton is in 1872 gedoen. Dit dui daarop dat hierdie konsepte nie eers met Venuti ontstaan het nie, slegs gedefinieer is deur hom.

Venuti (2004b:19-20) verwys na Schleiermacher se uitspraak van 1813 dat daar slegs twee metodes van vertaling is, naamlik om die skrywer in vrede te laat en die leser so na as moontlik aan die skrywer te bring; of om die leser in vrede te laat en die skrywer so na as moontlik aan die leser te bring. Venuti (2004b:20) definieer hierdie twee vorme van vertaling as domestikering en vervreemding. Domestikering is dus waar daar in die vertaling 'n etnosentriese vermindering plaasvind en die skrywer na die doelkultuur verplaas word, en met vervreemding word die bronkultuur so goed moontlik behou sodat die leser na die bronkultuur verplaas word (Venuti, 2004b:20).

Gedomestikeerde vertalings word deur die doeltaleser ten volle verstaan binne die raamwerk van die doeltaal en -kultuur omdat enige bronkultuurelemente in die teks vervang word met doeltaallemente. Enige doeltaalleser behoort 'n teks wat domestikerend vertaal is goed te kan verstaan en sal gemaklik wees met al die konsepte en terme wat gebruik word in die teks. Die teks word na die doeltaal oorgedra en hou geen of min van die bronkultuur oor nie.

Verveemde vertalings na Engels kan 'n vorm van weerstand wees teen etnosentrisme, rassisme, kulturele narsisme en imperialisme (Venuti, 2004b:20). Volgens Venuti (2004b:20-21) is vervreemding 'n strategie wat meestal in Europese tale voorkom en in die Anglo-Amerikaanse kultuur is daar 'n groter geneigdheid om domestikerend te vertaal. Venuti (2004b:21) lê Nida se definisie van dinamiese ekwivalensie (wat hy aan domestikering gelykstel) voor as voorbeeld daarvan.

Die idee van vervreemding kan volgens Venuti (2004b:24) die manier verander waarop vertalings gelees en voortgebring word, aangesien dit 'n konsep van menslike subjektiwiteit aanneem wat verskil van die aannames wat domestikering steun. Venuti (2004b:39) is 'n voorstander daarvan dat vertalers

minder onsigbaar raak en vertalings moet skep wat die linguistieke en kulturele andersheid van vreemde tekste herken (Venuti, 2004b:41).

Hierdie twee konsepte kan beskou word as die twee ekstreme op 'n kontinuum. Wanneer 'n vertaler met 'n teks begin werk, word 'n besluit geneem oor hoe na aan die een of die ander die vertaling gaan lê. Wanneer vertaal word, is dit moontlik om 'n teks te domestikeer maar steeds sommige van die vreemde elemente in die teks te behou. Die vertaler moet hierdie besluit maak voor die vertaling gedoen word aangesien dit beskou kan word as die oorkoepelende strategie vir die vertaling.

Vir die doel van hierdie studie is daar besluit om die strategie van domestikering te volg aangesien die karakters se taalgebruik op die Skotse dialek gebaseer is en dit nie werklik moontlik of prakties is om Skotse uitspraak in Afrikaans aan te dui nie. Die strategie van domestikering sal aan die vertaler die geleentheid bied om 'n Afrikaanse vertaling te lewer wat die Afrikaanssprekende leser beter sal verstaan as 'n teks wat die Skotse uitspraak probeer oordra.

Domestikering van alle ander spesifieke bronkulturelemente sal ook met die domestikering van die taalgebruik ooreenstem. Indien daar nog prominente bronkulturelemente in die teks gelos word, sal dit verwarring tot gevolg hê omdat daar dan die vermenging is van twee nie-verwante kulture. Die karakters sal dan nie 'n goeie identiteit hê nie, maar 'n dubbel identiteit wat oor twee kulture probeer strek.

2.4 Benaderings tot vertaling

Deur die geskiedenis heen het mense verskillende benaderings tot vertaling gehad. Omdat dit in die verlede nie as 'n aparte studieveld beskou is nie, het elkeen vertaling binne sy eie raamwerk en konteks gesien. Daarom het elkeen ook sy eie teorieë, modelle en strategieë voorgelê wat op die betrokke situasie en konteks van toepassing was. Om hierdie rede is daar byna net so baie benaderings en teorieë as studieveldde wat met taal, geskiedenis of kultuur te doen het.

Mettertyd het dit duidelik geword dat vertaling wel as 'n aparte studieveld beskou kan word. Teen hierdie tyd was daar reeds menige benaderings, al was daar 'n gebrek aan 'n algemene, allesomvattende teorie. Een van die grootste deurlopende debatte onder teoretici handel oor die vertaler se lojaliteit: Is dit veronderstel om teenoor die bronteks of die doelteks te wees? Daar is voor- en nadele verbonde aan elk van die benaderings en elkeen se redes word breedvoerig in die gepubliseerde werke van teoretici verdedig.

Die hoofbenaderings tot vertaling wat voorgestel is word volgende bespreek.

2.4.1 Filosofiese benaderings

Filosofiese benaderings tot vertaling is bronteksgeoriënteer en beskou die doeltteks nie as 'n teks op sy eie nie, maar slegs as 'n uitbeelding van die bronteks. Teoretici wat hierdie benadering volg sluit onder andere George Steiner, Ezra Pound en Benjamin Walter in.

Die filosofiese benadering is meestal bronteksgeoriënteer en die lojaliteit van die vertaler moet by die bronteks lê. Vir Steiner (1975:190) is dit om om 'n gebalanseerde vertaling te bied en Pound (1929:33) se idee van getrouheid aan die bronteks hou verband met die oudheid van die teks wat bewaar moet word.

Die filosofiese benaderings kyk op 'n baie abstrakte manier na vertaling. Linguistiek word nie genoem nie en die hooffokus vir hierdie benadering blyk te wees om die bronteks se status te bevorder, nie om enige waarde tot die doeltaal te voeg nie.

2.4.2 Linguistiese benaderings

Die meeste van die benaderings en teorieë wat op ekwivalensie fokus, kom vanuit die linguistiek omdat afgelei kan word dat twee tekste wat op linguistiese vlak ekwivalent is, goeie vertalings van mekaar is. Die linguistiese benadering fokus op die verhouding waarin bronteks en doeltteks teenoor mekaar staan.

Nida se twee soorte ekwivalensie, naamlik formele ekwivalensie en dinamiese ekwivalensie, is seker die bekendste, en het baie ander teorieë beïnvloed (Venuti, 2004a:121). Ander teoretici wat die linguistiese benadering gebruik is die volgende: Jakobson (1959:114) wat meen 'n vertaling tussen twee tale is twee ekwivalente boodskappe in verskillende kodes; Catford (1965:141) wat twee tipes linguistiese verskuiwings (vlakverskuiwings en kategorieverskuiwings) wat tydens vertaling plaasvind identifiseer; Peter Newmark (1981:39) met die konsep van kommunikatiewe vertaling; Ernst-August Gutt (1991) wat die relevansie-teorie op vertaling toepas; Baker (1992:4) wat linguistieke kennis as die basis vir die vertaalaksie beklemtoon asook Vinay en Darbelnet (1995) wat onderskei tussen twee strategieë vir vertaling, naamlik direkte en verboë vertaling.

Linguistieke ekwivalensie is die belangrikste element in hierdie benadering. Die teoretici lê benaderings voor wat die soorte ekwivalensie wat hulle identifiseer, regverdig; asook verskeie strategieë wat 'n vertaler kan toepas om hierdie ekwivalensie te bereik.

2.4.3 Funksionele benaderings

Die hoofokus van funksionele benaderings tot vertaling is die funksie wat die doeltteks moet vervul en is doeltteks en -kultuurgeoriënteer. Die funksie van die doeltteks bepaal die besluite wat die vertaler moet neem en ook hoe die vertaling uiteindelik gaan lyk (Vermeer, 1989:221-230) (Nord, 2001:29).

Die bekendste teorie wat vertaling funksioneel benader, is die skoposteorie. Vermeer het die skoposteorie geformuleer en toe in samewerking met Katharina Reiss verfyn (Nord, 2001:27). Volgens die skoposteorie is vertaling 'n vertalende aksie wat slegs op 'n bronteks gebaseer is (Vermeer, 1989:221).

Die volgende teoretici pas ook die funksionele benadering toe: Reiss (1971:161) wat die bronteks volgens tekstipe ("text type") en tekssoort ("text variety") klassifiseer; Holz-Mänttari (Nord, 2001:13) en Nord (2001:47) met 'n meer uitgebreide vertaaltipologie gebaseer op funksionele terme en definieer twee soorte vertaalprosesse, naamlik dokumentêre en instrumentele vertaling ;

Funksionele benaderings beskou die vertaler as deskundige en nie net as 'n tussenganger nie (Vermeer, 1989:229; Nord, 2001:13). Die besluite oor hoe om die vertaling uit te voer word dus deur die vertaler self geneem (Nord, 2001:30). Die vertaler word nie voorgeskryf hoe om te vertaal nie en hy/sy dra dus volle verantwoordelikheid vir die besluite wat gedurende die vertaalproses geneem word.

Funksionele benaderings fokus op die funksie van die teks of die funksie van die vertaling self. Die doelkultuur is die fokus en die vertaler word as deskundige beskou. Enige besluite wat gedurende die vertaalproses geneem word is onderhewig aan die funksie van die vertaling.

2.4.4 Kulturele benaderings

Volgens die kulturele benadering is vertaling altyd binne 'n sekere kulturele en politieke situasie vasgelê (Bassnett & Trivedi, 1999:6) en kan daarom tot voordeel van die dominante kultuur en politieke party gebruik word.

Bassnett en Trivedi (1999:4) skryf vanuit 'n postkoloniale oogpunt en beweer dat, net soos kolonies as ondergeskik beskou is, vertaling ook as ondergeskik beskou word (Bassnett & Trivedi, 1999:6). Vertaling is gebruik om die Europese tale te verryk (Bassnett & Trivedi, 1999:5) en kolonisasie te bevorder (Bassnett, 2007:20).

Daar is ook teoretici wat meen dat vertaling nie gebruik word om net kulture te onderdruk nie, maar ook geslag. Voorbeelde hiervan is: Von Flotow (2007:92) se twee paradigmas; Chamberlain (1988:314) se vergelyking van skryfwerk met die dominante manlike figuur en vertaling met die ondergeskikte vroulike figuur asook Harvey (1998:446) se analise van die vertaling van “kamp”, ’n sekere uitspattige en oordrewe styl wat onder meer die seksuele karaktertrekke en maniere van mense oordryf (Sontag, 1964:519).

Kulturele benaderings tot vertaling het ’n sterk doeltaal en -kultuur fokus. Vir baie van hierdie teoretici behoort vertaling ’n manier te wees om ’n minderheidsgroep op te bou en te promoveer, in teenstelling met dit wat hulle meen tradisioneel met vertaling gebeur, naamlik die onderdrukking van die minderheidsgroepe.

2.4.5 Konteks, diskoers en pragmatiek

Munday (2001:89) noem dat diskoersanalise in die 1990’s ’n invloed op vertaling begin uitoefen het. Diskoersanalise bestudeer die manier waarop taal betekenis asook sosiale en magsverhoudinge oordra (Munday, 2001:89).

Hatim en Mason (1990: 39-54) bespreek die rol van register in ’n teks en definieer die verskillende soorte register in terme van gebruikerverwante variasie en gebruiksverwante variasie. Verder bespreek hulle die faktore wat die soort diskoers in tekste definieer en hoe dit vertaling kan beïnvloed. Hierdie faktore sluit konteks, pragmatiek en semiotiek in (Hatim & Mason, 1990:55-75).

House (1977:103; 2001:247) is van mening dat daar funksionele pragmatiese ekwivalensie tussen die bronteks en die doelteks behoort te wees. Om hierdie tipe ekwivalensie te verkry moet die doelteks se funksie ekwivalent aan die bronteks se funksie wees; en hierdie funksie moet pragmaties gedefinieer kan word deur die teks se gebruik in ’n gegewe konteks of situasie (House, 2001:247-248). Sy definieer twee soorte vertaling wat sal bepaal of streng ekwivalensie aan die doelteks behou moet word of nie, naamlik owervertaling en kovertvertaling (House, 2001:249-251).

Hierdie teoretici meen dat die regte besluite geneem en ’n ekwivalente boodskap oorgedra kan word deur die bronteks op ’n pragmatiese manier te analiseer en die konteks daarvan in die bronkultuur in gedagte te hou.

2.4.6 Stelsels-benaderings

Die term “stelsel” word in hierdie opsig gebruik as “a neutral, descriptive term, used to designate a set of interrelated elements that happen to share certain characteristics that set them apart from other elements perceived as not belonging to the system” (Lefevere, 1992:12). Die benaderings hieronder meen dat vertaling ’n invloed op die literêre stelsel het en dat dit tydens vertaling in ag geneem moet word.

Die polistelselsteorie van Even-Zohar is gegrond op ’n invalshoek wat hy uit 1920 by die Russiese Formaliste geleen het (Munday, 2001:109). Volgens Even-Zohar (1990:192-193) tree vertalings as ’n individuele stelsel binne die groter literêre stelsel van die doeltaal op twee maniere op, naamlik die manier waarop die bronteks gekies word en die manier waarop die doelteks sekere norme, gedrag en beleide aanneem. Die vertalings moet ’n plek binne die literêre raamwerk van die doeltaal hê en kan óf ’n primêre óf ’n sekondêre posisie beklee (Even-Zohar, 1990:193).

Volgens Toury (1995:198) het vertaalaktiwiteit ’n kulturele betekenis en die daarstelling van vertaalnorme is ’n voorvereiste vir ’n vertaler in ’n kulturele omgewing. Vertaling word deur Toury (1995:200) gesien as ’n aktiwiteit wat deur norme bestuur word en aangesien daar ten minste twee tale betrokke is, is twee stelsel norme betrokke. Toury (1995:204) is van mening dat norme die soort en omvang van enige vertaling bepaal, maar dat hierdie norme veelduidig is en varieer, wat beteken dat praktiese vertaling baie ingewikkelder is as die teorie daaragter.

Dit is duidelik dat hierdie benaderings die bronkultuur sowel as die doelkultuur in ag neem vir die doel van ’n goeie vertaling. Die doelteks se fokus hang van verskillende aspekte en situasies af.

2.4.7 Semiotiese benadering

Die hoofelemente van semiose is ’n teken, ’n objek en ’n “interpretant”, of ’n tweede teken. Die teken moet in ’n verhouding met sy objek staan, geïnterpreteer word en sodoende nog ’n teken, sy “interpretant”, voortbring om as ’n teken te dien (Gorlée, 1994:50). Semiose is dus ’n eindelose proses van ’n reeks “interpretants” wat elk weer die proses van voor af aan die gang sit (Gorlée, 1994: 122).

Die proses van vertaling is ’n proses van semiose. ’n Teken (brontekswoord of -frase) dui ’n objek (definisie van die spesifieke woord of frase) aan en word deur die vertaler as ’n teken van daardie objek geïnterpreteer en gee dit dan ’n ander teken (doeltaalwoord of frase), wat die “interpretant” is.

Gorlée (1994:17) meen dat Jakobson die eerste persoon was wat die semiotiese benadering tot vertaling gebruik het. Volgens Eco en Nergaard (2005:218) is daar baie mense wat van mening is dat vertaling eerder onder semiotiek as linguistiek tuishoort. Ander teoretici wat ook semiotiek en vertaling bymekaarbring is: Newmark (1976:7) wat meen semiotiek is 'n belangrike faktor by vertaling; Frawley (1984:252) wat die brontaal as matrikskode, die doeltaal as doelkode en vertaling as 'n derde kode beskou; Hatim en Mason (1990:69) wat meen vertaling het met tekens te make en probeer semiotiese, pragmatiese en kommunikatiewe eienskappe behou

Volgens Gorlée (1994:14) is die semiotiese benadering veral op literêre vertaling van toepassing aangesien dié deel van die veld buite die grense van streng normatiewe benaderings val. Die tradisionele benadering tot vertaling het baie te doen met die vergelyking van die brontaaltekens met die doeltaaltekens en hoe vertalers te werk moet gaan om vertaalprobleme op te los, nie werklik met die vertaalproses wat tot die tekens lei nie (Gorlée, 1994:14).

Wanneer 'n semiotiese benadering tot vertaling gebruik word, word die vertalingsproses 'n tekeninterpretasie. Die brontaalwoorde en -frases word as tekens gesien wat sekere objekte voorstel. Met vertaling ontstaan 'n doeltaalwoord wat dan dus die "interpretant" is. Daar is teoretici vanuit ander benaderings wat ook hier genoem is en dus is die semiotiese benadering 'n gekombineerde benadering wat meer as een veld in ag neem.

2.5 Literêre vertaling

Daar word oor die algemeen aanvaar dat die vertaling van poësie moeiliker is as die vertaling van prosa. Met die navorsing wat gedoen is, asook die artikels en boeke wat oor vertaling verskyn het, het dit duidelik geraak dat die vertaling van prosa nie so maklik is as wat aanvanklik aanvaar is nie en dit vir die vertaler 'n hele klomp uitdagings inhou.

Literêre vertaling is ook nie kwyteskel van die debat oor lojaliteit teenoor brontekste of doeltekste nie. Nabokov (1955:71) is van mening dat 'n letterlike vertaling die beste soort vertaling vir literêre werke is. Volgens Boyd (2013) sal die toepassing van Nabokov se voorstel vir "footnotes reaching up like skyscrapers" (Boyd, 2013) nie werklik wonderlike literatuur voortbring nie. Hy ondersteun, in teenstelling tot Nabokov, Borges se mening waar vertalers op die skouer geklop word vir die kreatiwiteit waarmee hulle 'n klassieke teks meer vrylik vertaal het omdat hulle nie die brontekste as onaantasbaar beskou het nie (Boyd, 2013).

Toury (1981) stel voor dat vir literêre vertaling 'n doeltaalgeoriënteerde benadering eerder gebruik moet word. Hy meen dat 'n vertaalbenadering wat brontaalgeoriënteer is, nie 'n goeie basis vir die beskrywende studie van vertaling is nie (Toury, 1981:14).

Volgens Newmark (1988:77) is dit 'n tendens onder moderne literêre vertalers om 'n baie neutrale bronteks meer idiomaties te vertaal.

Daar is wel 'n hele paar teoretici wat literêre vertaling op 'n teoretiese vlak aangepak het. Landers het in 2001 'n boek gepubliseer waarin hy literêre vertaling bespreek en 'n goeie model vir die hantering van 'n literêre teks voorstel. Die boek is in die styl van 'n handleiding geskryf, wat 'n goeie grondslag gee vir enige student in die veld omdat dit in eenvoudige taal geskryf en maklik verstaanbaar is.

Landers (2001:x) stel dat geen vertaalprobleem slegs een antwoord het nie. Hy meen dat die doeltekslesers in gedagte gehou moet word wanneer vertaling uitgevoer word (Landers, 2001:15) omdat literêre vertaling gewoonlik met die oog op publikasie uitgevoer word (Landers, 2001:ix). Hy stel voor, omdat daar so min oor literêre vertaling geskryf is, dat 'n vertaler enige teorie wat hy/sy oor vertaling opgelees het, op die vertaling van literêre werke moet toepas (Landers, 2001:27), maar hy noem ook dat 'n spesifieke teorie nie noodwendig toegepas hoef te word vir 'n vertaling om suksesvol te wees nie (Landers, 2001:50). Hy meen dat die vertaler self moet besluit wat die optimale benadering vir 'n vertaling gaan wees en dat die vertaler nie alles hoef te vertaal wat die skrywer geskryf het nie, maar slegs dit wat die skrywer bedoel het (Landers, 2001:55). Verder sê hy dat geen sin of frase in isolasie hanteer moet word nie, maar dat die hele konteks van die teks in gedagte gehou moet word (Landers, 2001:61).

Wanneer die hele subveld van literêre vertaling in ag geneem word, is daar baie meer aandag aan die vertaling van poësie as prosa gegee. Bassnett (2002:114) meen dat 'n moontlike rede hiervoor die dwaalbegrip is waar geglo word dat prosa 'n eenvoudiger struktuur het en gevolglik makliker is om te vertaal. Sy meen dat daar baie meer aandag geskenk behoort te word aan spesifieke probleme wat by prosavertaling voorkom (Bassnett, 2002:137).

Bassnett (2002:82) beskryf hoe spesifieke probleme in literêre vertaling na vore kan kom as gevolg van 'n vertaler se keuse in kriteria deur die vertalings van literêre werke te analiseer. Volgens haar is dit belangrik dat vertalers nie net die inhoud van 'n bronteks in ag neem nie, maar ook die tyd en plek waar dit geproduseer is (Bassnett, 2002:85) en die struktuur van die teks in sy geheel (Bassnett, 2002:119). Die vertaler moet die funksie van elke stelsel wat gebruik word in die bronteks bepaal en

’n funksie in die doeltaal identifiseer wat dieselfde doel sal dien (Bassnett, 2002:123). Haque (2012) meen ook dat baie literêre vertalers onsuksesvol is omdat hulle nie in ag neem dat die teks ’n kombinasie van ’n komplekse stel stelsels is wat in verhouding met ander stelsels staan buite die teks se grense nie.

Venuti (2004b:41) is van mening dat literêre vertaling ’n wye praktyk is waar vertalers met die keuse van tekste en die ontwikkeling van vertaalmetodes kan eksperimenteer met die grootste beperking wat op hulle geplaas word die huidige situasie in die doeltaalkultuur is.

Hermans (2007:77-78) stel die algemene mening is dat literêre vertaling met ’n spesifieke tekssoort te make het en daarom moet die tekssoort eers verstaan en gedefinieer word voor die vertaling daarvan gedefinieer kan word. Hy noem ook dat om ’n definisie vir literêre vertaling te soek, niks oplewer nie (Hermans, 2007: 78). Literêre vertaling word in ’n hele paar vertalingsbenaderings genoem, maar word nie werklik goed gedefinieer nie.

Cunningham (2007) is ook van mening dat waar elke woord vertaal word, ’n goeie vertaling nie opgelewer sal word nie maar waarsku ook dat die teks nie oorvereenvoudig moet word nie. Met die vertaling van Duitse toneelstukke² in Engels vir uitvoering in die VSA, word van domestisering sowel as vervreemding gebruik gemaak. Hy noem dat met die vertaling van Duitse verhoogstukke hulle die Duitse gevoel aan die toneelstuk behou het deur Duitse titels te gebruik, maar die verdere gebruik van Duitse woorde tot die minderheid gehou het (Cunningham, 2007). Die reuk van die aktrise se parfüm word byvoorbeeld gedomestikeer na ’n algemener plant wat in die VSA bekend is sodat die effek daarvan beter beklemtoon word, en ook omdat die plant waarna in die Duitse toneelstuk verwys word nie in die VSA alombekend is nie.

Haque (2012:105) lys vyf beginsels wat ’n prosavertaler moet volg om ’n goeie vertaling te lewer:

- ’n goeie kennis van die brontaal;
- uitstekende beheer oor die doeltaal;
- ingeligtheid op die onderwerp van die bronteks;
- deeglike kennis van die etimologiese en idiomatiese korrelasies tussen die twee tale; en
- ’n gesonde verstand om te kan onderskei wanneer om letterlik te vertaal en wanneer om te parafraseer.

² Onder andere die volgende toneelstukke: *Roundelay (Reigen)*; *Interlude (Liebele)*; *The Green Cockatoo (Der grüne Cockatoo)*; *Countess Mitzi (Komtess Mitzi)* en *The Last Masks (Die letzten Masken)*.

Hierbenewens noem hy ook 'n paar metodes wat op literêre vertaling toegepas kan word; dat verskuiwings en dan ook ekwivalensie in gedagte gehou moet word (Haque, 2012:105-107).

Dabbaghian en Solimany (2013:280) het ook opgemerk dat die tradisionele benaderings tot literêre vertaling baie aandag geskenk het aan die soeke na ekwivalente vir leksikale terme en sintaktiese strukture maar dat in meer onlangse studies die styl, genre, figuurlike taalgebruik en konnotasie ook in ag geneem is. Hulle kom ook tot die gevolgtrekking dat literêre tekste 'n sosiale en kulturele saak is (Dabbaghian & Solimany, 2013:281).

Literêre vertaling word deur die meeste teoretici aangeraak, maar nie almal neem dit in ag wat hul teorieë betref nie. Baie teorieë word vir ander soort tekste geskryf en wanneer daar oor literêre vertaling geskryf word, val die fokus gewoonlik op poësievertaling.

2.6 Dialekvertaling

Een van die hoofidentiteitsvormende elemente in die roman wat in hierdie studie vertaal gaan word, is die taalgebruik van die karakters. Hierdie taalgebruik is baie sterk op 'n Skotse dialek gebaseer en daarom is die strategieë vir die vertaling van dialek in teks baie belangrik vir hierdie studie. Daar is akademiese menings oor hoe dialek in 'n vertaling hanteer behoort te word en 'n bespreking daarvan volg hieronder.

In 'n resensie van 'n boek met volksverhale, wat oorspronklik in 'n Franse dialek geskryf is en in Engels vertaal is, dui Gerber aan dat vertaling van 'n dialek in standaardtaal uitgevoer kan word. Alhoewel dit makliker is om te verstaan, gaan die kleurvolheid van die teks verlore en belemmer dit ook die karakterisering van die karakters indien die dialek daarvan deel uitmaak (Gerber, 1896).

Daar is vertalers wat brontaaldialekte met doeltaaldialekte vertaal. Volgens die skrywer van die *Notes and News* van *The Modern Language Journal* in 1930 het die vertaler Jacques Le Clerq, met die vertaling van Jean Giono se *Colline* vanuit Frans na Engels, die taalgebruik van die Franse kleinboere met 'n Engelse dialek wat in die platteland van Brittanje gebruik is, vertaal. Volgens die skrywer neem dit 'n sekere soort bekwaamheid om hierdie soort vertaling aan te pak, maar dat dit geen rede is om dit nie uit te voer nie (Doyle, 1930:404).

Die vertaler moet hom-/haarself afvra: Is hierdie dialek eg? Macha (Rosenthal, 1945:270) vra hierdie vraag in *Notes on Some Afro-Cuban Translations* omdat dit vir hom nie na 'n egte dialek lyk nie: "much

of it is lifeless and not very accurate, sort of a variation of ‘comic’ vaudeville dialect” (Rosenthal, 1945:270). Hy vra dan ook, as dit wel ’n egte dialek is, of dit die moeite werd is om so ’n spreektaal na die doeltaal te vertaal (Rosenthal, 1945:270). Rosenthal (1945:270) is verder van mening dat die gebruik van ’n dialek in ’n vertaling eerder vermy moet word wanneer daar historiese en kulturele implikasies asook musikale tegnieke is.

Englund Dimitrova (1997:57) meen dat die doel van ’n dialek in prosa gewoonlik is om fiktiewe karakters te karakteriseer. Volgens haar kan dit een van twee uitwerkings hê: Eerstens, om die karakter as deel van ’n streek of sosiale groep te identifiseer of tweedens, as ’n unieke individu (Englund Dimitrova, 1997:57-58). Perteghella (2002:49) se mening is soortgelyk aan Englund Dimitrova s’n want sy noem dat dialek karakters se isolasie van die samelewing en hulle sosiale onsigbaarheid kan aandui.

Bonaffini (1997:281) noem ’n probleem met die vertaling van dialek is die feit dat dit in elke taal anders gedefinieer word. Partykeer word die dialek beskou as ’n selfstandige linguistieke stelsel “historically determined through well-known mechanisms, as all linguists recognize” (Bonaffini, 1997:281), en ander kere as ’n substandaard wat as ’n merker van ’n sekere sosiale klas, streek of ouderdomsgroep dien wat “speech-oriented lexical and grammatical features as colloquial formulas and epithets, slang, obscenities, and other vulgarisms, and certain kinds of allusive or elliptical morphological and syntactic arrangement” insluit (Bonaffini, 1997:281).

Daar is sommige tekste wat doelbewus in hulle totaliteit in ’n dialek geskryf word om ’n sekere atmosfeer te skep. Sulke tekste word dialekliteratuur genoem.

Bonaffini (1997) bespreek vertalings van poësie wat in dialek geskryf is en noem dat die vertalers hier ook die rym en ritme in gedagte moet hou. Die dialekdigters gebruik dialek om verskillende redes, byvoorbeeld “as an alternative to a monotonous and meaningless reality” (Bonaffini, 1997:279) en daarom moet die vertalers dit in ag neem. Wanneer die dialek in die teks dus van soveel belang is behoort dit behoue te bly of só vertaal te word dat dit dieselfde trefkrag as in die brontaal het.

In sy artikel word sommige vertalers tog gekritiseer omdat hulle die belangrikheid van die dialekte nie raakgesien het nie of gekies het om te ignoreer. Dialekvertaling maak die werk van die vertaler baie moeilik en soms is daar ’n baie goeie rede waarom ’n dialek nie in die doeltaal gebruik kan word nie. Die vertaalbaarheid van ’n dialek is afhanklik van hoe volop dit in die teks is, asook die kennis wat die vertaler van die dialek dra (Bonaffini, 1997).

Een van die strategieë wat Bonaffini bespreek, is die vertaling van 'n dialek na 'n sosiolek: “choosing a sociolect which is geographically neutral and without oppositions within the text” (Bonaffini, 1997:282). Dit is 'n goeie strategie omdat die geografiese ligging in die doelkultuur nie dieselfde as in die brontaal kan wees nie.

Bonaffini (1997:286) het vertalers gevra waarmee hulle gesukkel het. Twee het min of meer dieselfde geredeneer, dat die dialek die norm is vir die mense wat dit praat, om dit dus met sleng te vertaal is nie reg nie (Bonaffini, 1997:286). Nog 'n probleem met dialekvertaling is dat die woord heeltemal uit sy konteks gehaal moet word vir gebruik in die doelteks.

Bonaffini (1997:288) beskou dit as onmoontlik om 'n oortuigende antwoord vir die vertaling van dialekte te kry. Daar is verskillende moontlikhede maar die sukses van so 'n vertaling hang van die vertaler self af.

Volgens Englund Dimitrova (1997:51) bestaan streeksdialekte meestal net in spreektaalvorm – daar is geen amptelike skryftaal daarvoor nie. Wanneer dit in prosa gebruik word, pas skrywers dialek toe as 'n “artistic device in fiction . . . it must differ both from the standard language, and from “ordinary” colloquial speech” (Englund Dimitrova, 1997:52). Dit beteken dat 'n skrywer gewoonlik doelbewus van 'n dialek gebruik maak: “A writer of fiction therefore has to make a conscious choice between available markers or create appropriate markers, and then use them selectively . . .” (Englund Dimitrova, 1997:52). Vertalers moet dus in ag neem waarom die skrywer die dialek gekies het.

Englund Dimitrova (1997:52) identifiseer die volgende merkers op verskillende linguistiese vlakke: fonologies/ortografies (wat met alternatiewe spelling 'n uitspraak aandui wat van die standaard afwyk), sintakties en leksikaal. Leksikale merkers is gewoonlik die duidelikste aanduiding van 'n dialek (Englund Dimitrova, 1997:52). Die vertalers van die teks wat sy as voorbeeld gebruik, het nie dialekmerkers in die Engelse of Russiese vertalings gebruik nie, maar het van spreektaal gebruik gemaak. In die Engels gebruik die vertaler hoofsaaklik sintaktiese merkers deur byvoorbeeld die weglating van sinsdele. Die Russiese vertaler gebruik hoofsaaklik drie soorte sintaktiese merkers, naamlik verouderde taal, substandaardtaal en spreektaal (Englund Dimitrova, 1997:58-60). Wat albei die vertalers doen, is om só te vertaal dat daar geen linguistiese merkers in die teks voorkom wat tot 'n spesifieke dialek in die doeltaal behoort nie (Englund Dimitrova, 1997:62). Dus is Englund Dimitrova ook van mening dat geen vertaler 'n dialek met 'n dialek behoort te vertaal nie.

Landers (2001:117) se standpunt is dat 'n vertaler verkieslik glad nie 'n dialek moet vertaal nie, veral nie waar dit 'n opgemaakte dialek is nie. Volgens hom word dialek gereeld as 'n minderwaardige spraakpatroon gesien (Landers, 2001:116) en dat 'n dialek altyd aan 'n sekere geografiese en kulturele milieu geheg word wat nie in die doeltaal se raamwerk bestaan nie (Landers, 2001:117). Wanneer 'n "ekwivalente" dialek vir die vertaling gebruik word, sal dit beslis 'n mislukking wees (Landers, 2001:117).

Landers (2001:117) is wel daarvoor te vinde dat vertalers 'n dialek op so 'n wyse vertaal dat dit voorkom of die spreker op 'n onkonvensionele manier praat, maar dit behoort spaarsamig gebruik te word. Hy meen ook dat om 'n algemene aangepaste gesproke taal te gebruik die beste ding is om te doen (Landers, 2001:117).

In 'n studie oor verskillende vertalings van Chaucer se *Reeve's Tale* is daar bewys dat die vertalers die noordelike dialek in ag geneem het en die effek daarvan in die vertaling probeer behou het (Horobin, 2001). Party vertalers het die dialek na 'n suidelike dialek vertaal en ander het die noordelike geur probeer versterk deur meer verwysings daarna in te voeg. Hier was die strategie om die dialek met 'n dialek te vertaal. In die geval is die vertaling van ou Engels na moderner Engels aangepas, wat beteken dat die dialek steeds in die taal bestaan, dit is nie 'n ander kultuur nie. Die teendeel wys dat dit ook moontlik is om 'n dialek in vertaling te behou.

Bassnett (2002:123) is van mening dat 'n vertaler die funksie van 'n stelsel wat gebruik word in die brontaal moet identifiseer en daarna 'n stelsel in die doeltaal moet kry wat dieselfde funksie sal vervul. As hierdie benadering gevolg gaan word by 'n vertaling waar 'n dialek voorkom, behoort die brontaaldialek met 'n doeltaaldialek vertaal te word wat dieselfde funksie gaan vervul.

Dialekte is ook gereeld vir die identiteitskepping van karakters in toneelstukke gebruik. Moontlike vertaalstrategieë vir die vertaling van streekstaal en dialek in toneelstukke word deur Perteghella bespreek aan die hand van die vertalings van George Bernard Shaw se *Pygmalion* (na Duits) en Edward Bond se *Saved* (na Italiaans), wat albei van die Cockney-dialek gebruik maak. Eers definieer sy dialek as verbind aan óf 'n area óf 'n sosiale groep. Hierdie soort taalgebruik word meestal as 'n substandaardvorm van die taal beskou, alhoewel daar sommige dialekte is, soos byvoorbeeld Skots, wat deur hulle sprekers as standaardtaal gesien en aanvaar word (Perteghella, 2002:45). Perteghella (2002:45) is van mening dat om sulke sterk kulturele, sosiale en plaaslike kenmerke van een taal na 'n ander oor te dra een van die moeilikste uitdagings vir 'n vertaler is.

Nadat Perteghella (2002:50-51) verduidelik het wat die vertalers van *Pygmalion* en *Saved* met die toneelstukke gedoen het, gee sy die volgende vyf strategieë vir die vertaling van dialek en sleng vir teater:

- *Dialekkompilasië*: Met hierdie strategie word die dialek na 'n mengsel van doeltaaldialekte en spreektaal vertaal. Die milieu en agtergrond bly hier dieselfde as in die oorspronklike toneelstuk.
- *Pseudo-dialek vertaling*: Die vertaler maak sy/haar eie dialek op wat fiktief en vaag is. Daar word van niestandaardtaal en spreekwyses van verskeie doeltaaldialekte gebruik gemaak. Eiename sowel as plaaslike en kulturele verwysings word soos in die oorspronklike teks behou.
- *Parallel-dialek vertaling*: Die dialek of sleng word na 'n spesifieke dialek in die doeltaal vertaal, gewoonlik een wat soortgelyke konnotasies het en in 'n gelyksoortige posisie in die doeltaalstelsel staan. Met hierdie strategie word eiename, plaaslike grappe, plekke en ander brontaal-kultuurverwysings behou.
- *Dialeklokalisering*: Hierdie strategie behels ook dat die dialek na 'n spesifieke dialek in die doeltaal vertaal word, met die verskil dat eiename verander word. Die agtergrond sowel as die plaaslike en kulturele verwysings word verander om doeltaalspesifiek te wees. Volgens Perteghella is hierdie strategie baie na aan adaptasie omdat dit die bronkultuur heeltemal laat wegval.
- *Standaardisering*: Hier word alle dialek, sleng en jargon na gewone standaardtaal vertaal. Die taal sal hier en daar van geselstaal gebruik maak en enige inheemse konnotasies vermy. Die agtergrond en plaaslike verwysings bly die van die oorspronklike. Perteghella voel hierdie strategie veroorsaak dat die karaktereienskappe trefkrag en die dialoog kleurvolheid verloor.

Perteghella (2002:46) is van mening dat die gebruik van 'n doeltaaldialek een van die moeilikste strategieë is omdat dit altyd politieke en estetiese waarde inhou.

Volgens Epstein (2006b) is daar gewoonlik 'n rede waarom dialek in 'n teks gebruik word. Die vertaler moet dus hierdie rede identifiseer en in gedagte hou wanneer die teks vertaal word. Hy noem op sy blog, in 'n inskrywing oor dialekvertaling, dat die dialek eenvoudig eers geïgnoreer en dan met standaardtaal in die doeltaal vertaal kan word (Epstein, 2006b). Hy is van mening dat dit die maklike uitweg is en nie gedoen behoort te word nie – behalwe in sekere gevalle waar net een skryftaal in die doeltaal aanvaar word (Epstein, 2006b). Hy lys die volgende drie strategieë wat volgens hom tot die vertaler se beskikking vir dialekvertaling is (Epstein, 2006b):

- Geografies – 'n geografiese ligging van die doelkultuur word gekies en die brontaaldialek word met 'n dialek vertaal wat in die gekose geografiese ligging in die doelkultuur gebruik word.

- Sosioëkonomies – die dialek in die brontaal verteenwoordig dalk ’n sekere sosioëkonomiese vlak en moet dus met ’n soortgelyke een vertaal word.
- Ekwivalensie van betekenis – die dialek moet só vertaal word dat die gevoel wat die dialek in die brontaal skep in die vertaling behoue bly.

Wat ook belangrik is, is dat die vertaler nie die gebruik van die dialek moet oordryf nie. Hy meen ook dat die vertaler moet seker maak die dialek word op so ’n manier vertaal dat die storie en karakters akkuraat uitgebeeld word sonder om met hulle die spot te dryf (Epstein, 2006b).

In ’n tweede inskrywing op sy blog skryf Epstein (2006a) oor die vertaling van die boek *To Kill a Mockingbird*³ deur Harper Lee in Sweeds. In die bronteks word daar Standaardengels sowel as ’n Suid-Amerikaanse dialek gebruik. Volgens Epstein (2006a) is daar twee opsies vir die vertaler beskikbaar, naamlik die gebruik van ’n Suidelike dialek of die verandering van die spelling en grammatika van sekere woorde om die oorspronklike te weerspieël. Die vertaler het op sommige plekke bloot die teks na Standaardsweeds toe vertaal sonder om die karaktertrekke in die dialoog te probeer duidelik maak. Op ander plekke – waar daar meer dialoog is – het die vertaler party woorde verkeerd gespel om gesproke eerder as geskrewe taal te weerspieël, asook die grammatika op sommige plekke verkeerd uitgebeeld. Epstein redeneer dat die vertaler meer kon doen om dit aan die lesers duidelik te maak dat die karakter ’n nie-Standaardengelse dialek het sonder om die manier te spot waarop hy praat (Epstein, 2006a).

Mašlaň (2006:9) noem dat die navorsing wat hy gedoen het, bewys het dat die dialek in ’n teks gewoonlik vir humorskepping gebruik word. Dit is dan ook in die gekose teks die geval – die karakters is nie ernstig nie en die hele roman is op ’n humoristiese wyse geskryf.

Mašlaň (2006:32) sê ook dat daar partykeer gevalle is waar vertalers die betekenis van die oorspronklike teks verdraai. Hy meen dat vertalers soms die teks verswak deur op linguïstiese vlak die teks te verander na ’n neutraler toon of deur verduidelikende notas in te voeg wat meer van die betekenis gee as wat in die bronteks voorkom (Mašlaň, 2006:32). Die vertaler van ’n teks moet dus kan motiveer waarom ’n verdraaiing plaasvind of waarom dit noodsaaklik is. Onnodige veranderinge aan die teks kan tot ’n swak vertaling lei.

³ Die gebruik van die dialek speel ’n baie belangrike rol in hierdie roman aangesien dit te doen het met ras- en klasverdeling.

’n Gevaarlike strategie wat tot vertalers se beskikking is tydens dialekvertaling is herskrywing. Marshall (2007) bespreek ’n gedig wat Antjie Krog geskryf en self vertaal het. Krog het die gedig byna herskryf na iets anders omdat dieselfde sosiale klas en omstandighede nie effektief in die doeltaal gereproduseer kon word nie. Dis aanvaarbaar wanneer die skrywer so iets doen, maar nie vertalers nie aangesien die skrywer die eenaar van die teks is en die vertaler slegs die teks in ’n ander taal wil oordra.

Davies bestudeer die gebruik van dialek in grappe en humor. In sy artikel sê hy dat wanneer so ’n grap vertaal word, dit baie belangrik is dat die vertaler van die sosiale agtergrond kennis neem voordat die vertaling aangepak word (Davies, 2009:1). Mense wat grappe oorvertel pas elke keer die grap aan om op die nuwe gehoor van toepassing te wees (Davies, 2009:1-2). Met ’n teksvertaling kan dieselfde redenasie gebruik word, aangesien die teks na ’n nuwe kultuur verskuif word en die agtergrond nie dieselfde gaan wees as vir die bronteks nie.

Die strategie wat Davies voorstel vir die vertaling van die dialek is om slegs seker te maak die gehoor en lesers lag, “without sacrificing sophistication” (Davies, 2009:2). Volgens hom sal dit help om ’n bietjie plaaslike geur by te voeg, maar net genoeg om aan te dui dat die taalgebruik nie standaardtaal is nie; behalwe waar die dialek as agtergrond vir die grap belangrik is, dan moet dit tog op ’n manier behou word (Davies, 2009:2).

Volgens Davies (2009:3) moet die dialek behou word waar dit ’n sosiale onderskeid aandui. Waar die dialek matig gebruik en die verskil aangedui word deur die gebruik van verouderde, formele taal vir die standaardtaalspreker, oordryf dit die kontras tussen die sprekers. Dit is dus baie belangrik dat hierdie kontras in die vertaling behou word.

Davies noem ’n paar situasies waar Skots gebruik word en moontlike strategieë vir vertaling daarvan:

- Waar die dialek ’n kenmerk aandui, soos byvoorbeeld suinigheid, moet die vertaling die gebruikelike spreektaal behels van ’n groep in die doelkultuur aan wie so ’n kenmerk toegeken kan word (Davies, 2009:4).
- Waar die dialek ’n karakter se herkoms aandui, moet die vertaler eerder standaardtaal met merkers gebruik (Davies, 2009:5).

’n Kontras kan dus gebruik word sodat die leser van die teks die verskil in sosiale status kan onderskei sonder dat ’n spesifieke dialek in die doeltaal gebruik word. Dit gaan hier om die spesifieke sosiale stand van die karakter, bv. geskoolde professor teenoor ’n straatveër. Dit hoef nie noodwendig in

standaardtaal vertaal te word nie, die geskoolde professor kan byvoorbeeld net 'n meer formele register as die straatveër gebruik. Sodoende hoef 'n dialek nie gebruik te word nie, net 'n verandering in register wat ook as karakterisering kan dien.

Davies (2009:9) voorsien drie vrae wat die vertaler hom-/haarself moet afvra voor 'n strategie vir dialekvertaling in humoristiese tekste gekies word:

- Is dit werklik die moeite werd om 'n goeie ekwivalente dialek in die doeltaal te kry?
- Waarom word hierdie dialek gebruik? Dit kan wees om streeks-, etniese of nasionale identiteit aan te dui, verskille in sosiale klas of opvoeding, plattelands teenoor stedelik of manlik teenoor vroulik. Die vertaler moet seker maak dit kom duidelik in die vertaling na vore.
- Hoekom is die sentrale karakter 'n spesifieke etnisiteit toegeken?

Wanneer hierdie drie vrae beantwoord is, kan die vertaler 'n ingeligte besluit neem oor watter strategie vir die dialekvertaling te gebruik. Die vertaler moet dus net seker maak die funksie van die dialek bly dieselfde in die doeltaal as die brontaal, al word dit nie met 'n dialek vertaal nie.

Benko en Zorko (2012) het die vertaling van die Sloweense teks *Samorastniki* deur Prežihov Voranc na Engels, waarin daar 'n duidelike dialek voorkom, ontleed. Die vertaler het in die vertaling nie van 'n dialek gebruik gemaak nie, maar met Standaardengels vertaal. Van die uitdrukkings is op plekke na omgangstaal en 'n laer register as die doeltaal vertaal (Benko & Zorko, 2012:8). Die vertaler het van veralgemening, vereenvoudiging, beskrywings en selfs weglatings van die doeltaalwoordeskat gebruik gemaak, maar Benko en Zorko (2012:9) is van mening dit veroorsaak dat die doeltteksleser van die kleurvolheid van die oorspronklike teks ontnem word.

In die opsomming van Mrzygłodzka (2013) se tesis, *Dialect in Translation*, sê sy dat wanneer dialek in die bronteks voorkom, die vertaler die rol van die dialek moet identifiseer en tydens vertaling in gedagte moet hou. Mrzygłodzka (2013) meen dat die vertaler twee opsies het, naamlik om die niestandaardtaal met niestandaardtaal te vertaal of om omgangstaal in die doeltaal te leksikaliseer.

Dit is duidelik dat skrywers dialekte vir verskillende doeleindes gebruik. Cunningham (2007) verwys daarna dat selfs waar Hollywood vir Klassieke Rome voorstel, die aristokrate 'n Britse aksent kry en die slawe 'n Amerikaanse een. Daar is ook duidelik nie net een manier om dialekte in die bronteks te vertaal nie. Die vertaler moet dus die teks in elke situasie deeglik analiseer om die doel, omvang en konteks van die dialek te verstaan voordat 'n besluit geneem word oor die vertaling daarvan. Daar

moet ook besluit word of die funksie wel belangrik genoeg is om oor te dra na die doelteks en of 'n neutrale vertaling voldoende sal wees.

2.7 Skotse dialek as karakterisering

Aangesien die taagebruik in die teks op 'n Skotse dialek gebaseer is, moet in ag geneem word hoe ander mense daarvan gebruik maak. Die Skots se funksie behoort te bepaal hoe die vertaling gaan lyk.

Die Skotse taal word gereeld in tekste as 'n humoristiese element gebruik. Volgens Perteghella (2002:47) sien Findley – 'n vertaler van dramatiese werke deur Michel Tremblay na Skots – Skots as 'n goeie taal vir gebruik in teater omdat dit onmiddellike politieke en kulturele effekte bied. Daar is dus 'n stereotipe aan die taal gekoppel wat dan 'n sekere bekende identiteit gee aan die dialekspreker in 'n teks of verhoogstuk.

Davies (2009:3) is weer van mening dat die wisseling tussen Standaardengels en dialek in 'n humoristiese teks die verskille in sosiale status of opvoeding kan aandui, asook tussen stadsbewoners en karakters wat op die platteland woon. Hy sê dat die gebruik van dialek in humor gewoonlik 'n sekere komiese kenmerk aandui wat dieselfde in die doeltaal moet aandui, dus is dit 'n sosiologiese kwessie, nie 'n linguistiese een nie (Davies, 2009:6).

2.8 Vertaling van name

Van die karakters in die teks het unieke name wat ekstra betekenis gee of woordspeling moontlik maak. Die manier waarop name vertaal word moet dus ook in ag geneem word.

Newmark (1981:70) meen dat name teoreties geen betekenis of konnotasies het nie en behoort, teoreties, nie vertaal te word nie omdat iets sonder betekenis onvertaalbaar is. Omdat dit nie so eenvoudig in die praktyk is nie, moet name slegs vertaal word indien 'n aanvaarbare vertaling daarvoor bestaan of as dit 'n metafoor is (Newmark, 1981:70). Hy noem 'n paar situasies en redes waar name vertaal en ook nie vertaal word nie. Vir name wat in literêre tekste gebruik word, noem hy dat daar gewoonlik 'n konnotasie aan die naam is en dat hierdie konnotasie in ag geneem moet word in die vertaling (Newmark, 1981:71). Hy meen die vertaler moet beoog om dieselfde konnotasie in die doelteks as die bronteks te behou (Newmark, 1981:71).

Bassnett (2002:122) noem dat Russiese name 'n verandering in standpunt kan aandui en daarom moet vertalers bewus wees van die funksie van die naamstelsel en nie net van die stelsel self nie.

Kalashnikov (2006a) bespreek strategieë wat gebruik is by die vertaling van eiename in 'n boek wat van Russies na Engels vertaal is. Die vertaler gebruik verskillende benaderings by verskillende soorte name. Sommige name vertaal hy direk met die soortname wat in die naam gebruik is. Waar die naam 'n karakterbeskrywing bevat probeer die vertaler dit so in die vertaling behou. Party karakters se name word eenvoudig net na Engels getranskribeer en die oorspronklike naam word dus behou. Daar is ook name met versteekte betekenis waar die vertaler die betekenis ook probeer behou (Kalashnikov, 2006a). Die naam se betekenis moet dus in ag geneem word met vertaling en indien moontlik oorgedra word omdat dit deel vorm van die karakterisering.

Kalashnikov (2006b) het ook 'n artikel geskryf waarin hy die probleem van karakteristiese se vertaling van Engels na Russies bespreek⁴. Volgens hom vervul die naam 'n karakteriseringsfunksie en hierdie funksie moet op 'n manier na die doelteks oorgedra word (Kalashnikov, 2006b:1). In sy vorige artikel definieer hy karakteristiese as name wat die eienskappe van die karakter uitbeeld (Kalashnikov, 2006a:1) en brei hierop uit deur te sê dat die naam gewoonlik 'n stam het wat na 'n gewone woord lyk (Kalashnikov, 2006b:1). Hierdie stam word ondersteun deur die gebruik van woorde wat elders in die teks daarmee ooreenkom (Kalashnikov, 2006b:1). Hy noem die ondersteunende teks die motiveerders en verdeel dit in twee soorte, naamlik implisiet en eksplisiet (Kalashnikov, 2006b:1). Die eksplisiete motiveerder is gewoonlik in 'n nou konteks geset en word deur slegs 'n woord of woordkombinasie uitgedruk (Kalashnikov, 2006b:1). Die implisiete motiveerder karakteriseer 'n persoon in 'n breër konteks (Kalashnikov, 2006b:2).

Kalashnikov (2006b:2) definieer karakteristiese volgens vier soorte:

- “. . . characteristic names as names whose significant element does not have a stylistically colored significant element. Hierdie name gee 'n eienskap maar is byvoorbeeld nie verkleinerend ook nie;
- “. . . expressive-and-characteristic names, that is with a stylistically colored significant element. Hierdie name het 'n dubbele betekenis omdat dit ook 'n konnotasie met 'n ander betekenisvolle term het;
- “. . . intersemantizing names whose motivators become other names from the narrow context.” Hier vorm die stamme 'n sekere semantiese veld en word die woorde motiveerders vir mekaar.
- “. . . expressive names, names that are expressive in terms of their lexical meanings but have no motivators.” Hierdie name het leksikale betekenis maar nie motiveerders ook nie.

⁴ Al die tekste wat gebruik is vir hierdie artikel word nie pertinent in die artikel genoem nie, maar Kalashnikov verwys wel na die skrywers wie se werke vertaal word, naamlik Sheridan, Dickens en Thackeray na Russies en Gogol, N. Ostrovsky en Chekhov na Engels (Kalashnikov, 2016b:1).

Volgens Kalashnikov (2006b:3) is daar agt soorte vertaalekwivalente wat gebruik kan word wanneer name vertaal word:

- Gewone ekwivalent – dit is die gewone woordeboekbetekenis van die woord of element.
- Gewone ekwivalent met irrelevante skakering – hier word die woord met die woordeboekbetekenis vertaal, maar waar die bronteks nie ekstra konnotasies elders het nie word ekstra konnotasies in die doelteks bygevoeg.
- Toevallige ekwivalent – hier word die woord of element met 'n woord of element vertaal wat nie die direkte ekwivalent is nie, maar wat dieselfde eienskappe toon.
- Toevallige ekwivalent met irrelevante skakering – hier word die woord met 'n woord of element vertaal wat nie die direkte ekwivalent is nie, maar wat dieselfde eienskappe toon en ekstra konnotasies byvoeg.
- Ekwivalent met veranderde karaktertrekke – hier word die eienskappe wat deur die betekenisvolle element uitgebeeld word nie met dieselfde eienskappe nie, maar met ander eienskappe vertaal.
- Ekwivalent met veranderde karaktertrekke en irrelevante skakering – hier word die eienskappe wat deur die betekenisvolle element uitgebeeld word nie met dieselfde eienskappe nie, maar met ander eienskappe vertaal en ekstra konnotasies byvoeg.
- Irrelevante ekwivalent – dit is die vertaling na 'n woord wat nie die karaktereienskappe weergee nie.
- Irrelevante ekwivalent met irrelevante skakering – dit is die vertaling na 'n woord wat nie die karaktereienskappe weergee nie en ekstra konnotasies byvoeg.

Kalashnikov (2006b:7) meen dat karaktonieme 'n belangrike deel vorm van die hele figuurlike stelsel van 'n literêre werk. Om hierdie rede is dit dus belangrik dat die vertaler sulke elemente so goed moontlik na die doelteks oor te dra.

Benko en Zorko (2012:4) bespreek die vertaling van tekste van Sloweens na Engels en noem dat wanneer geografiese name gebruik word, die name, indien in die doeltaal behou, van addisionele inligting vergesel moet word sodat die leser enige moontlike verwysings kan verstaan. Hulle sê ook dat met die vertaling van woorde wat van persoonlike naamwoorde afgelei is, die grootste probleem die verstaanbaarheid daarvan in die doeltaal sal wees (Benko & Zorko, 2012:5-6). In hierdie artikel behels die vertaler se strategie om die name in die doelteks soos in die bronteks te laat.

Al die teoretici hierbo bespreek meen dus dat die naam se funksie geïdentifiseer moet word voordat op die regte vertalingstrategie vir die naam besluit kan word. 'n Goeie analise is dus van elke naam in die konteks van die roman nodig voor 'n finale besluit geneem kan word.

2.9 Gevolgtrekking

Daar bestaan uiteenlopende benaderings tot vertaling wat verskillende aspekte van vertaling hanteer en dit van verskillende perspektiewe benader. Party teoretici probeer 'n baie algemene teorie voorlê om alle aspekte van vertaling te dek, soos byvoorbeeld die teoretici wat die filosofiese benadering tot vertaling voorlê. Ander fokus meer op 'n spesifieke soort vertaling, soos Landers wat spesifiek op literêre vertaling fokus. Die aspekte van vertaling dek so 'n breë spektrum, dat dit onmoontlik is om een teorie op alle vertalingsituasies toe te pas; soms is dit nodig om teorieë te kombineer om die beste resultate te verkry.

Wat ook duidelik na vore kom, is dat vertaling nie in isolasie behandel kan word nie omdat ander velde soos linguistiek, semiotiek en politiek 'n groot invloed daarop gehad het. Daar is ook benaderings waar die teoretici vertaling vanuit meer as een van hierdie velde benader wat dus gekombineerde benaderings tot gevolg het. Die kategorieë wat geïdentifiseer is in hierdie hoofstuk waarin die teoretici geplaas is, is dus nie vas nie en teoretici kan moontlik in ander kategorieë geplaas word of selfs in meer as een.


Wanneer daar na die vertaling van dialekte en name gekyk word, is dit duidelik dat die funksie van die dialek of naam bepaal moet word. Indien die funksie die sukses van die vertaling bepaal, moet daar op 'n baie goeie strategie besluit word om nie enige sosiale of etniese groepe in 'n negatiewe lig te stel nie. Baie van die teoretici meen dat 'n dialek om verskillende redes eerder met standaardtaal vertaal behoort te word (Landers, 2001:117; Rosenthal, 1945:270; Englund Dimitrova, 1997:62). Daar is gevalle waar die dialek noodsaaklik is vir die sukses van die teks en dan word daar redes aangevoer waarom die dialek wel vertaal moet word (Davies, 2009:3; Epstein, 2006b). Om met 'n dialek te werk is dus nie maklik nie en gee aan die vertaler 'n hele nuwe stel probleme.

Daar bestaan nie konsekwentheid in die literatuur oor die gebruik van die terme "strategie", "benadering", "proses" en "prosedure" nie. In die afdeling hierbo is die terme gebruik soos dit in die brontekste voorkom en is die term "strategie" vele kere gebruik vir iets wat in die werklikheid eintlik 'n proses is. Vir die doel van die studie word daar verder in hierdie teks na strategieë verwys as slegs domestisering of vervreemding wat die oorkoepelende benadering tot die vertaling bepaal. 'n

Vertaalprosedure sal vir die doel van die studie verwys na 'n spesifieke proses wat gebruik is om die vertaalkeuse by 'n spesifieke identiteitsvormende kategorie te bepaal. Subprosedures sal verwys na die spesifieke toepassings van die vertaalprosedures by die verskillende bespreekte voorbeelde, met ander woorde die prosedure wat op woordvlak toegepas is.

Die oorkoepelende strategie wat gekies is vir hierdie studie, naamlik domestikering, is toegepas op die makro-vlak van die vertaling. Hierdie strategie bepaal die tipes prosedures wat gekies is vir die vertaling, naamlik vertaling na standaardtaal met merkers vir die vertaling van die taalgebruik en die gebruik van gespesifiseerde vertaalekwivalente wat toegepas is by die vertaling van die name van die karakters. Subprosedures, wat bepaal is deur die prosedures wat gekies is, is op die mikro-vlak van die vertaling toegepas.

Die volgende diagram dui die vlakke aan waar die vertaling deur die verskillende aspekte beïnvloed word:



- Spreektaalspelling
- Standaardtaal met kompensasie
- Standaardtaal
- Niestandaardverkleining
- Afgeleide woord
- Informele taalgebruik
- Nederlands
- Spreektaalwoord
- Kombinasie van 'n vaste uitdrukking en 'n woord
- Nederlands en kompensasie

- Gebruik van die volgende vertaalekwivalente:
- Gewone ekwivalent
 - Gewone ekwivalent met irrelevante skakering
 - Toevallige ekwivalent
 - Toevallige ekwivalent met irrelevante skakering
 - Ekwivalent met veranderde karaktertrekke en irrelevante skakering
 - Irrelevante ekwivalent
 - Irrelevante ekwivalent met irrelevante skakering

Die volgende hoofstuk bespreek die metodologie wat gebruik is om hierdie studie te voltooi.

3. METODOLOGIE

3.1 Inleiding

Hierdie studie het die doel voor oë gehad om 'n vertaalstrategie en -prosedures te identifiseer wat die suksesvolle vertaling van die identiteitsvormende elemente, wat die Nac Mac Feegles beskryf, tot gevolg sou hê.

Die metodologie wat hier bespreek word, is toegepas om tot die suksesvolle beantwoording van die navorsingsvrae te lei. Die volgende resultate behoort met die toepassing van hierdie metodologie verkry te word:

- die identifisering van moontlike vertaalstrategieë en prosedures vanuit ander teoretici se werke (hierdie is reeds in Hoofstuk 2 afgehandel);
- die identifisering en kategorisering van die identiteitsvormende elemente wat die Nac Mac Feegles kenmerk; en
- die identifisering van die vertaalstrategie en -prosedures wat die funksie van die identiteitsvormende elemente suksesvol in Afrikaans weerspieël.

In die volgende gedeelte word sekere aspekte van die navorsingsmetodologie bespreek, naamlik navorsingsfilosofie, navorsingsbenadering, navorsingsontwerp, datainsamelingsmetodes, databronne, betroubaarheid en geldigheid van die studie, data-analise en -interpretasie, asook die beperkinge.

3.2 Navorsingsfilosofie

Die studie is op die interpretivisme gebaseer. Volgens hierdie filosofie moet die navorser elemente van die studie interpreteer en word menslike belange by die studie geïntegreer (Dudovskiy, 2016b). Hierdie stelling is baie toepaslik aangesien die vertaalstrategieë en -prosedures deur ander teoretici voorgestel word, gebaseer is op hoe daar aanvaar of aangeneem word die leser identiteitsvormende elemente in tekste sou interpreteer. Die navorser moes dus ook die identiteitsvormende elemente interpreteer op grond van die moontlike interpretasies deur die lesers, en die strategieë en prosedures wat deur ander teoretici voorgelê is, toepas om hierdie interpretasies na Afrikaans oor te dra.

Die filosofie gaan van die standpunt uit dat die werklikheid, soos ons dit ken, deur die betekenis en begrippe saamgestel word soos dit sosiaal en empiries ontwikkel; asook dat niemand hom-/haarself van dit wat 'n mens weet kan skei nie (Cohen & Crabree, 2006). Om hierdie rede is interpretivisme die

geskikste vir die studie. Hoe die identiteitsvormende elemente in die studie deur die leser verstaan word, is sterk gekoppel aan hoe die leser die sosiale elemente van die wêreld verstaan. Die navorser moes eie kennis gebruik om te interpreteer hoe lesers moontlik die identiteitsvormende elemente kan interpreteer en besluite op grond daarvan neem.

Die navorser se betrokkenheid by die studie was dus baie groot. Die voorkennis van die navorser kon wel die keuses in hierdie studie beïnvloed omdat elke ander leser se voorkennis nie bepaal kan word nie. Keuses is dus alleenlik op die navorser – as leser van die bronteks – se voorkennis gebaseer.

3.3 Navorsingsbenadering

Die studie het 'n induktiewe benadering gevolg. Met hierdie benadering word spesifieke observasies gemaak, waarna 'n patroon geïdentifiseer word en op grond daarvan word algemene teorieë geformuleer (Babbie, 2007:22; Dudovskiy, 2016a). Saldanha en O'Brien (2014:14-15) beskryf dit as volg: "**Induction** involves the development of theories and hypotheses from the data collected (it moves from particular instances to general statements)". Albei hierdie definisies van die benadering was geldig vir die studie.

In hierdie studie was die identiteitsvormende elemente wat geïdentifiseer en gekategoriseer is die "particular instances" waarna Saldanha en O'Brien verwys. Deur te redeneer en te verduidelik waarom sekere besluite geneem word tydens die vertaalproses kon die navorser patrone identifiseer oor hoe die strategieë en prosedures gebruik is, byvoorbeeld watter prosedures voorrang kry en waarom. Sodoende is die navorser in staat gestel om meer algemene gevolgtrekkings te maak oor watter strategie en -prosedures die beste toegepas kan word in die geval van hierdie soort identiteitsvormende elemente.

3.3.1 Voordele van die induktiewe benadering

Die voordeel van die gebruik van hierdie benadering is dat dit aan die navorser die geleentheid gegee het om eie prosedures te ontwikkel oor die hantering van identiteitsvormende elemente.

3.3.2 Nadele van die induktiewe benadering

Volgens Dudovskiy (2016a) is dit onmoontlik om aan die begin van die studie 'n hipotese te verkry aangesien die navorser nie seker is wat die soort en aard van die bevindinge gaan wees totdat die studie voltooi is nie. Dit maak die proses om vooruit te bepaal wat 'n moontlike uitkoms van die studie gaan wees moeilik.

3.4 Navorsingsontwerp

Hierdie studie se navorsingsdata is nie na 'n numeriese formaat omskep nie en kon dus nie 'n kwantitatiewe studie wees nie (Babbie, 2007:405). 'n Kwalitatiewe navorsingsontwerp is vir hierdie studie gebruik en 'n gevallestudie oor identiteitsvormende elemente in 'n spesifieke teks in die fantasiegenre is op die vertaling uitgevoer.

Dudovskiy (2016c) meen dat kwalitatiewe die doel van navorsingsmetodes is om te interpreteer en om 'n diepte van begrip te gee en is dit op woorde, insig en gevoelens gebaseer. Die studie het identiteits-vormende elemente geanaliseer, asook vertaalstrategieë en -prosedures, op grond van 'n sekere moontlike leserskap se interpretasie daarvan sodat hierdie elemente suksesvol na Afrikaans oorgedra kon word. Die insig van die navorser as vertaler was belangrik sodat die gevoel of betekenis van die identiteitsvormende elemente suksesvol na die Afrikaanse vertaling van die teks oorgedra kon word. Kwalitatiewe navorsing is by uitstek daarop gemik om 'n gedetailleerde en in-diepte beskrywing (“thick description”) van 'n spesifieke aspek te lewer.

Babbie (2007:405) noem dat die prosesse van datainsameling, analise en teorie by 'n kwalitatiewe studie baie meer as 'n kwantitatiewe studie inmekaarvloei. In hierdie studie is daar eers 'n sekere hoeveelheid analise gedoen voordat al die data ingesamel is.

Die studie het van ontdekkende navorsing gebruik gemaak om die navorsingsvrae te beantwoord. Met vertaling is daar dikwels meer as een moontlike manier om iets weer te gee. Vir die doel van hierdie studie is daar meer as een moontlike vertaalekwivalent gegee vir elk van die voorbeelde in die geïdentifiseerde kategorieë. Dan is die subprosedure wat die navorser meen die beste is vir die huidige situasie bepaal deur van 'n eliminasiëproses gebruik te maak op grond van 'n semiotiese proses soos voorgestel deur Kruger (2001:191), alhoewel dit nie noodwendig deur alle vertalers so hanteer sou word nie.

Die studie het die vorm van 'n gevallestudie aangeneem. Babbie (2007:289) definieer 'n gevallestudie as 'n “in-depth examination of a single instance of some social phenomenon”. 'n Diepgaande studie is van die identiteitsvormende elemente in 'n spesifieke teks gedoen. In hierdie geval kan die teks beskou word as die “single instance” waar die “social phenomenon”, naamlik die identiteitsvormende elemente, plaasvind.

Die konteks van dit wat bestudeer word is ook belangrik in 'n gevallestudie (Saldanha & O'Brien, 2014:207). Die identiteitsvormende elemente van die karakters kon nie buite die konteks van die bronteks bestudeer word nie. Dit is slegs binne die konteks van die teks wat hierdie elemente 'n effek op die leser het.

Die hoofdoel van hierdie gevallestudie was om slegs die strategie en prosedures te identifiseer wat met die vertaling van hierdie spesifieke teks toegepas word om die identiteitsvormende elemente oor te dra. Dit kan daarom gesê word dat 'n ideografiese begrip van die betrokke geval die doel van die gevallestudie is (Babbie, 2007:289).

3.5 Databronne

Die data is verkry vanuit primêre sowel as sekondêre bronne. Drie databronne is vir hierdie studie gebruik.

3.5.1 Literatuur

Die eerste databron was 'n sekondêre bron, naamlik die literatuur wat reeds oor die onderwerp van dialek en naamgewing geskryf is. Vanuit hierdie bron is moontlike strategieë en prosedures geïdentifiseer wat tydens die vertalingsproses gebruik kon word.

'n Sterkpunt van hierdie data was die feit dat daar reeds navorsing gedoen is oor die identiteitsvormende elemente wat in hierdie studie nagevors is. Die prosedures wat in die ander teoretici se werke geïdentifiseer is, kon dan as moontlike prosedures vir hierdie studie dien.

'n Swakpunt van hierdie bron was dat alle moontlikhede dalk nie tot die navorser se beskikking was nie as gevolg van tekste wat in ander tale geskryf is. Daar mag dalk tekste met waardevolle inligting bestaan, maar wat vir die navorser ontoeganklik was omdat dit in 'n vreemde taal voorkom.

Die data wat vanuit die literatuur verkry is, was genoegsaam vir hierdie studie aangesien dit 'n studie van 'n enkele teks is. Die doel van die studie was nie om 'n veralgemeende bevinding te lewer nie, maar slegs benaderings vir die hantering van die identiteitsvormende elemente in die betrokke teks. Die strategieë verkry vanuit die literatuur was voldoende om hierdie doel te bereik.

3.5.2 Bronteks

Die tweede databron was 'n primêre bron, naamlik die fantasieroman, *The Wee Free Men*, deur Terry Pratchett. Hierdie bron het die identiteitsvormende elemente opgelewer wat die vertaalprobleem veroorsaak het wat ondersoek word.

Hierdie roman is as onderwerp vir die studie gekies aangesien dit 'n groep karakters bevat wat as goeie voorbeeld van 'n unieke identiteit dien. Die identiteitsvormende elemente veroorsaak 'n vertaalprobleem wanneer dit na 'n ander taal en 'n ander kultuur oorgedra moet word.

Aangesien hierdie bron slegs 'n gedeelte van die moontlikhede van identiteitsvormende elemente in die veld van literatuurvertaling verteenwoordig, was dit 'n beperkte bron. Die analise van hierdie data het nie noodwendig bevindinge gelewer wat vir 'n wye veld veralgemeen kon word nie.

Die studie is op hierdie spesifieke teks gefokus en daarom was hierdie bron van data baie belangrik. Die elemente wat vanuit die bron geïdentifiseer is, het die basis van die navorsing gevorm.

3.5.3 Retrospektiewe verbalisering

Die laaste databron was retrospektiewe verbalisering. Nadat die vertaalproses afgehandel is, het die vertaler verslag gelewer oor die besluite wat geneem is en die regverdigings daarvan.

'n Sterkpunt van hierdie data was dat die redes en regverdigings wat die vertaler gegee het oor die besluite geneem, die sukses van die vertaling bepaal het. Die vertaler het die teks vertaal met die doel om 'n doelteks te lewer wat dieselfde effek op die doelteksleser het as wat die bronteks op die bronteksleser gehad het. Die verbalisering van die besluite (en redes vir hierdie besluite) wat geneem is, het data gelewer wat 'n groot invloed gehad het op die resultate van hierdie studie. Die vertaler se besluite het die subprosedures bepaal wat gevolg is om by daardie besluite uit te kom en was dus baie belangrik vir die studie.

Daar was 'n moontlikheid dat die vertaler vooruit kon besluit wat om te sê nog voor die vertaling uitgevoer is. Dit kon moontlik die vertalingsproses beïnvloed.

Die data verkry vanuit die derde databron het die bevindinge grootliks beïnvloed aangesien die redes wat hier gegee is vir besluite wat geneem is, die sukses van die vertaling bepaal het. 'n Suksesvolle vertaling was een van hierdie studie se doelwitte.

Hoe die data vanuit hierdie drie bronne verkry is, word verder onder die volgende punt uiteengesit.

3.6 Datainsamelingsmetodes

Daar is drie datainsamelingsmetodes vir hierdie studie gebruik, naamlik 'n uitgebreide literatuuroorsig, inhoudsanalise en introspeksie, spesifiek retrospektiewe verbalisering.

3.6.1 Uitgebreide literatuuroorsig

Die literatuuroorsig is uitgevoer deur akademiese werke wat handel oor die hantering van dialek en naamgewing in die bronteks by vertaling op te spoor en te lees. Aangesien hierdie twee aspekte die grootste deel uitgemaak het van die identiteitsvormende elemente wat die Nac Mac Feegles karakteriseer, is daar op werke gefokus wat hierdie elemente bespreek.

Die prosedures wat in hierdie werke genoem is, is geïdentifiseer en gegroepeer om te bepaal of daar oorheersende prosedures was wat in die geval van elke identiteitsvormende element gebruik kon word. Die groepering is gedoen op grond van die eendersheid van die teoretici se benaderings tot die dialekgebruik of strategieë wat by vertaling gebruik is.

Die geïdentifiseerde prosedures word in hoofstuk 4 bespreek.

3.6.1.1 Voordele van 'n uitgebreide literatuuroorsig

Die voordeel van die gebruik van 'n uitgebreide literatuuroorsig was dat ander teoretici reeds strategieë en prosedures geïdentifiseer het. Vir die doel van hierdie studie was dit noodsaaklik vir die navorser om die strategieë en prosedures wat voorgestel is vir die vertaling van identiteitsvormende elemente te bepaal met die oog op toetsing daarvan by die vertaling van identiteitsvormende elemente.

Die uitgebreide literatuuroorsig het ook aan die navorser 'n idee gegee van die algemene gevoel teenoor die gebruik van sekere strategieë en prosedures in die vertaling van die betrokke vertaalprobleme. In hierdie geval kon die navorser deur middel van die uitgebreide literatuuroorsig strategieë en prosedures identifiseer waarmee die meeste van die teoretici saamstem en ook nie saamstem nie.

'n Uitgebreide literatuuroorsig gee ook die navorser bewyse dat daar wel teoretici is wat hulle met hierdie saak bemoei. Dit is dus duidelik dat die betrokke probleem in die veld reeds geïdentifiseer is en dat vrae daarvoor gevra word.

3.6.1.2 Nadele van 'n uitgebreide literatuuroorsig

Dit is onmoontlik om alle bestaande tekste oor enige tema op te spoor en te lees. Hierdie aspek vorm deel van die groter studieveld Vertaling en daar is dus baie tekste in ander tale geskryf wat ook hierdie aspekte bespreek. Dit kon dalk tot gevolg gehad het dat die strategie en prosedures wat vir die studie toegepas is, grotendeels die strategie en prosedures is wat vertalers gebruik wat óf Engelssprekend óf Engels as bron- of doeltaal gebruik. Daar bestaan dalk beter prosedures, of wat beter van toepassing is op die spesifieke geval, wat in ander tale bespreek is buite die bereik van die navorser ten tye van hierdie studie.

Die feit dat daar reeds oor hierdie aspek geskryf is, veroorsaak ook dat hierdie metode nie enige nuwe wesenlike data kon oplewer nie, maar slegs 'n nuwe perspektief kon gee op dit wat reeds voorgestel is (Hofstee, 2013:121). Vir die doel van hierdie studie was dit nie nadelig nie, aangesien die doel van die studie nie die ontwikkeling van 'n nuwe strategie was nie, maar die toepassing van reeds getoetste strategieë.

3.6.1.3 Rede vir die gebruik van 'n uitgebreide literatuuroorsig

Die rede waarom die uitgebreide literatuuroorsig as 'n datainsamelingsmetode gekies is, is omdat dit die navorser in staat stel om die reeds nagevorste strategieë en prosedures te identifiseer en te groepeer. Dit het ook aan die navorser 'n algemene idee gegee van hoe ander navorsers hierdie probleme hanteer.

3.6.2 Inhoudsanalise

Deur middel van 'n inhoudsanalise is die teks geanaliseer om al die identiteitsvormende elemente te identifiseer. Die teks is deurgelees en al die identiteitsvormende elemente is gemerk soos dit voorkom. Aangesien die meeste van die identiteitsvormende elemente in die taalgebruik van die karakters voorkom, is die meeste op die dialoog van die Nac Mac Feegles gefokus.

Dialoog van die karakters is digitaal gekopieer en in die vorm van 'n rou teksdokument gestoor (.txt-formaat). Hierdie dokument is verwerk met 'n aanlyn teksanalise-instrument, beskikbaar op die webtuiste TAPoR (2016). Hierdie webtuiste het 'n dokument gegenereer wat al die woorde alfabeties lys. Hierdie dokument gee ook die frekwensie van die woorde in die gegewe teks. Die lys is gebruik om unieke of vreemde woorde asook woorde waarvan die spelling van standaardtaal afwyk in die teks te identifiseer.

Nadat al die identiteitsvormende elemente geïdentifiseer is, is die drie woorde met die hoogste frekwensie in die betrokke kategorie bespreek. Vir elke voorbeeld is die betekenis soos dit van toepassing is binne die konteks van die teks gegee. Hierdie betekenis is vanuit beskikbare woordeboeke verkry. Die woorde is nie buite konteks gedefinieer nie omdat die betekenis van die woord soos dit in die teks gebruik word, die betekenis moes wees wat in die vertaling oorgedra word. Hierdie metode is ook deur Landers (2001:61) voorgestel wanneer hy die literêre vertaler waarsku om nie enige sin of frase in isolasie te hanteer nie, maar binne die konteks van die teks as 'n geheel.

Die name van die Feegle-karakters is ook gemerk tydens die deurlees van die teks. Die Feegles se name dra karaktertrekke van die karakters oor en is nie net 'n naam nie. Die moontlike betekenis wat dit bevat is in elke geval gelyk.

Tydens die lees van die teks is alle ander elemente wat die Nac Mac Feegles karakteriseer ook geïdentifiseer en gemerk. Hierdie elemente is gekategoriseer op grond van die identiteitsvormende element wat dit na die leser oordra.

Hierdie kategorieë word verder in hoofstuk 4 bespreek.

3.6.2.1 Voordeel van 'n inhoudsanalise

Volgens Hofstee (2013:124) is die doel van die inhoudsanalise om die betekenis wat nie voor die hand liggend is nie te identifiseer. Baie van die identiteitsvormende elemente het eers ten volle na vore gekom met die inhoudsanalise van die teks. Hierdie elemente is tydens die lees van die teks moontlik deur enige leser in die onderbewussyn geïdentifiseer, maar dit is nie altyd so oppervlakkig nie. Met die inhoudsanalise is al hierdie elemente ten volle geïdentifiseer sodat die vertaler dit bewustelik na die doeltaal kon oordra.

3.6.2.2 Nadeel van 'n inhoudsanalise

'n Nadeel van die gebruik van die inhoudsanalise was die moontlikheid van navorsersvooroordeel (Hofstee, 2013:124). Daar was 'n baie klein risiko gewees vir navorsersvooroordeel om tydens die inhoudsanalise plaas te vind, aangesien die kategorie by die taalgebruik bepaal is deur die definisie van die woorde binne die konteks van die teks soos dit deur die navorser verstaan is.

3.6.2.3 Rede vir die gebruik van 'n inhoudsanalise

Die inhoudsanalise van die teks het aan die navorser al die identiteitsvormende elemente wat die Nac Mac Feegles karakteriseer, verskaf. Die identifisering en kategorisering van hierdie data was belangrik omdat die analise en suksesvolle vertaling van hierdie elemente die grondslag van die hele studie gevorm het.

3.6.3 Introspeksie

Nadat daar op die oorkoepelende strategieë besluit is, is die vertaling van die teks uitgevoer. Die subprosedure wat gebruik is by die vertaling is eers geïdentifiseer nadat die finale vertaling gekies is. Die finale vertaling is gekies deur van 'n semiotiese proses gebruik te maak soos deur Kruger (2001:191) voorgestel waar verskillende moontlikhede van die bronteksbetekenisse in konteks vertaal word en dié vertalings se betekenis in die doeltaal gedefinieer word om vas te stel of dit werklik dieselfde betekenis oordra.

Introspeksie, volgens Saldanha en O'Brien (2014:122), behels om te gesels oor wat 'n mens dink en hierdie proses kan gelyktydig met of ná die afloop van die aksie onder observasie uitgevoer word. Vir die doel van hierdie studie was dit nodig vir die navorser om in die rol van vertaler introspeksie te doen oor die besluite wat tydens die vertaalproses geneem is.

Met elke voorbeeld uit die teks is daar moontlike vertalings en die betekenis van hierdie vertalings in die doeltaal gegee. Daarna is op 'n finale vertaling besluit. Die subprosedure wat gebruik is, is deur die finale vertaling bepaal. Die navorser as vertaler moes, deur introspeksie oor die vertaalproses wat gevolg is, hierdie besluit met goeie redes regverdig.

Retrospektiewe verbalisering, wat die verbalisering van die vertaler se gedagtegang tydens die vertaalproses is, is in hierdie geval gebruik sodat die vertaler ongehinderd met die vertaalproses kon voortgaan. Die vertaler moes na afloop van die vertaalproses beredeneer waarom sekere besluite geneem is, en waarom die subprosedures wat gebruik word, gekies is.

3.6.3.1 Voordeel van introspeksie

Die voordeel van introspeksie vir hierdie studie is dat die vertaler moet redeneer waarom sekere besluite tydens die vertaalproses geneem is. Dit beïnvloed dus die vertaalproses ten goede omdat die vertaler bewus bly van die feit dat daar geldige redes voorgelê moet word vir die besluite wat tydens vertaling geneem is.

3.6.3.2 Nadeel van introspeksie

Saldanha en O'Brien (2014:123) noem dat een van die swakhede wat bevind is met introspeksie, is dat die proses onder observasie beïnvloed kan word en dat die deelnemers aan die navorser terugvoering oor die produkte van die kognitiewe prosesse gee en nie die prosesse self nie. As gevolg hiervan moet die navorsers die prosesse van verbale verslaggewing aflei (Saldanha & O'Brien, 2014:123).

Hierdie nadeel het nie 'n negatiewe invloed in dié studie se geval gehad nie, aangesien die doel van die studie nie die bestudering van die vertaalprosesse self was nie, maar die resultate wat gelewer word, met ander woorde die produk van die vertaalproses.

3.7 Betroubaarheid en geldigheid

3.7.1 Betroubaarheid

Volgens die interpretivistiese filosofie wat gevolg word, is die betroubaarheid van die studie op 'n hoë vlak aangesien data wat hiervolgens ingesamel word, betroubaar is (Dudovskiy, 2016b).

Die menslike belang is by die studie ingesluit omdat die studie dit wat die leser behoort te ervaar, in ag geneem het. Die navorser het eie kennis gebruik om te redeneer hoe die leser van die bronteks die elemente kan ervaar en het probeer om dit só oor te dra dat die doelteksleser dit ook ervaar.

3.7.2 Geldigheid

Die doel van die gevallestudie was om 'n grondige beskrywing van 'n sekere fenomeen te gee en nie om veralgemeende resultate te lewer nie (Hofstee, 2013:123). Die gevolgtrekkings wat gemaak is in hierdie gevallestudie is dus nie noodwendig geldig vir alle vertalings van identiteitsvormende elemente na Afrikaans nie. Dit mag wel van toepassing wees op verdere vertalings van Terry Pratchett se werke in Afrikaans.

Daar kon wel 'n algemene gevolgtrekking gemaak word oor hoe om moontlik 'n opgemaakte dialek in 'n bronteks te hanteer wat dus vir 'n wyer veld geldig is.

3.8 Data-analise en -interpretasie

Die interpretasie van die data het reeds begin gedurende die datainsamelingsproses (Saldanha & O'Brien, 2014:230) aangesien dit gebaseer is op hoe lesers die identiteitsvormende elemente moontlik kan interpreteer.

Die strategie het die moontlike prosedures om te gebruik by die vertaling van die identiteitsvormende elemente bepaal. Hierdie strategieë, wat bepaal is uit die literatuurstudie, word in terme van die bronteks oorweeg en 'n oorkoepelende strategie is geïdentifiseer om te gebruik. Prosedures wat toegepas kan word vir die hantering van die taalgebruik en die naamgewing tydens die vertaling is ook geïdentifiseer.

Met die inhoudsanalise van die bronteks is die verskillende identiteitsvormende elemente gekategoriseer en aan die hand van voorbeelde verduidelik. Die interpretasie wat die navorser aan hierdie elemente gee, is reeds beskou as analise van die primêre data om verdere data, naamlik die verskillende kategorieë identiteitsvormende elemente te verkry.

Ná die analise van die identiteitsvormende elemente is die vertaling uitgevoer deur die geïdentifiseerde strategieë te volg en sekere vertaalprosedures en subprosedures toe te pas. Die vertaler moes in elke geval deur retrospektiewe verbalisering regverdig waarom die vertaling op daardie spesifieke manier uitgevoer is. Die uiteindelige vertalings is verkry deur die toepassing van sekere vertaalprosedures en subprosedures. Die finale prosedure of subprosedure wat in elke geval gebruik is, is gedokumenteer en die frekwensie van elke subprosedure is aan die einde van die studie bepaal. Die frekwensie waarin sekere subprosedures aangewend is, is gebruik om gevolgtrekkings te maak oor die subprosedures wat die geskikste in hierdie teks se geval is.

3.9 Beperkinge

In hierdie studie was 'n beperking die moontlike navorsersvooroordeel. Die navorser was ook die vertaler van die teks. Die navorser as vertaler kon moontlik sekere vertaalbesluite neem wat nie so duidelik na vore kom in die retrospektiewe verbalisering nie, aangesien dit as vanselfsprekend beskou kon word – die navorser was moontlik “te betrokke” om 'n objektiewe opinie te lewer.

Die feit dat die studie 'n gevallestudie van 'n enkele teks van 'n unieke skrywer was, was nog 'n beperking wat voorkom. Die doel van 'n gevallestudie is egter nie om gevolgtrekkings te lewer wat veralgemeenbaar is nie, maar om 'n gedetailleerde, in-diepte beskrywing van 'n spesifieke onderwerp te gee. Hierdie studie kan egter wel dien as 'n wegspringplek vir studies oor die vertaling van identiteitsvormende elemente na Afrikaans wat wél veralgemeenbaar is. Die teks se uniekheid kan moontlik ook die veralgemening van die bevindinge beïnvloed. Die bevindinge van hierdie studie sal slegs op 'n baie klein hoeveelheid vertaalsituasies van toepassing wees, naamlik in gevalle waar die gebruik van opgemaakte dialekte en naamgewing 'n sterk karakteriserings-element bevat.

’n Ander beperking van die studie was dat die gebruik van ’n doeltaaldialek wel ’n moontlike vertaalstrategie was. Die vertaler dra nie genoegsame kennis van enige dialek om die vertaling daarin uit te voer nie. Indien ’n vertaling in ’n regte dialek uitgevoer kan word, sal die voor- en nadele daarvan duideliker raak.

3.10 Etiese oorwegings

Aangesien hierdie studie van geen menslike subjekte gebruik maak nie, is daar geen etiese oorwegings by die datainsamelingsproses nie.

3.11 Gevolgtrekking

Met die toepassing van die bogenoemde metodologie was dit moontlik om tot sekere gevolgtrekkings te kom. Hierdie studie is uit ’n interpretivistiese oogpunt uitgevoer en ’n kwalitatiewe studie van die data is gedoen. Die feit dat daar slegs ’n enkele teks vir hierdie gevallestudie gebruik is, veroorsaak dat die bevindinge bloot op ’n klein hoeveelheid vertaalsituasies van toepassing sal wees.

Die volgende hoofstuk bevat die bespreking van die data-analise en -interpretasie. Die bevindinge vanuit die literatuuroorsig word eerste gegee en daarna word die voorbeelde van die identiteitsvormende elemente per kategorie bespreek.

Die laaste hoofstuk gee die bevindinge en gevolgtrekkings wat gemaak is op grond van hierdie bevindinge. Die bibliografie word heel laaste ingevoeg.

4. DATA-ANALISE EN -INTERPRETASIE

4.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word die data soos verkry vanuit die bronne geanaliseer en geïnterpreteer.

Die eerste gedeelte behels die data vanuit die sekondêre bron, naamlik die moontlike strategieë en prosedures wat uit die literatuuoroorsig geïdentifiseer is. Hierdie strategieë en prosedures word bespreek en 'n besluit word geneem oor die toepaslikste strategie om as 'n oorkoepelende vertaalstrategie vir die vertaling van die gekose vertaalteks te gebruik, asook prosedures vir die vertaling van die taalgebruik en die naamgewing van die karakters.

Die inhoudsanalise van die primêre data, naamlik *The Wee Free Men* wat ook die onderwerp van die studie is, word daarna bespreek. Die bespreking behels die identifisering van die identiteitsvormende elemente vanuit die teks.

In die derde gedeelte word die analise van die geïdentifiseerde identiteitsvormende elemente asook die toepassing van die gekose prosedures in elke geval bespreek. Die subprosedures wat deur die vertaalkeuses bepaal word, word in elke geval geïdentifiseer.

4.2 Data vanuit die literatuuoroorsig

Die literatuuoroorsig, wat volledig in hoofstuk 2 bespreek is, word gebruik om moontlike vertaalstrategieë en -prosedures te identifiseer wat by die vertaling van dialek en naamgewing aangewend kan word. Aangesien die karakters se taalgebruik op 'n dialek gebaseer is, word die voorgestelde prosedure om 'n dialek te vertaal, by die vertaling van al die taalgebruik van die karakters gebruik.

In hierdie afdeling word eerstens na die strategieë wat voorgestel word vir literêre vertaling gekyk en daarna na prosedures wat voorgestel word vir die vertaling van dialek en naamgewing onderskeidelik. Nadat al hierdie aspekte kortliks bespreek is, word die oorkoepelende vertaalstrategie en die vertaalprosedures wat vir die vertaling van die karakters se taalgebruik en naamgewing gebruik gaan word, geïdentifiseer en regverdig.

4.2.1 Literêre vertaling

Landers het 'n grondige studie gedoen oor die vertaling van literêre werke. Hy stel voor dat die literêre vertaler enige algemene vertaalteorie toepas wanneer literêre vertaling uitgevoer word (Landers, 2001:27). Hy meen dat die vertaler self moet besluit oor die optimale strategie vir 'n vertaling en dat die vertaler nie noodwendig alles wat die skrywer geskryf het hoef te vertaal nie, maar slegs dit wat die skrywer bedoel het (Landers, 2001:55). Verder sê hy dat geen sin of frase in isolasie hanteer moet word nie, maar dat die hele konteks van die teks in gedagte gehou moet word (Landers, 2001:61).

Vir die vertaling van literêre tekste, is daar 'n paar aspekte wat in gedagte gehou moet word. Eerstens moet besluit word of die lojaliteit by die bronteks of die doeltaal gaan lê. Party teoretici meen dat 'n literêre vertaling doeltaalgerig moet wees (Toury, 1981:14; Landers, 2001:15), waar ander weer van mening is dat die brontaal die fokus van die vertaling moet wees (Nabokov, 1955:71). Cunningham (2007) glo dat die gebruik van sowel domestisering as vervreemding in een teks 'n suksesvolle vertaling tot gevolg sal hê.

Volgens ander teoretici moet daar ook na die volgende aspekte opgelet word:

- tyd en plek waar die teks geproduseer is (Bassnett, 2002:85),
- struktuur van die teks (Bassnett, 2002:119),
- kultuur en samelewing van sowel die bron- as die doeltaal (Venuti, 2004b:41; Dabbaghian & Solimany, 2013:281), en
- tekstipe (Hermans, 2007:77-78).

4.2.2 Dialekvertaling

Vanuit die literatuurstudie is dit baie duidelik dat die meeste teoretici die funksie van die dialek as belangrik ag (Bonaffini, 1997; Englund Dimitrova, 1997; Bassnett, 2002; Perteghella, 2002; Epstein, 2006b; Mašlaň, 2006; Davies, 2009; Mrzygłodzka, 2013). Vir die doel van hierdie studie is die funksie van die dialek om aan die karakters 'n spesifieke unieke identiteit toe te ken. Dit is belangrik dat hierdie unieke identiteit in die Afrikaanse vertaling oorgedra moet word sodat die vertaling nie die kleurvolheid verloor nie. Hierdie funksie moet dus in ag geneem word met die besluitneming van die finale prosedures wat gevolg gaan word vir die vertaling van elke kategorie van die identiteitsvormende elemente.

Volgens Rosenthal (1945:270) moet die dialek eers deeglik geanaliseer word om te bepaal of dit 'n werklike dialek is voordat 'n besluit daaroor gemaak kan word. In die geval van hierdie studie is dit

duidelik deur die skrywer genoem dat die dialek in hierdie teks nie 'n werklike dialek is nie en dat dit 'n mengsel van dialekte, sosiolekte en brabbeltaal is (Peschel, 2006). Vir die doel van hierdie studie is dit duidelik dat hier nie met 'n regte dialek te make is nie, maar dat die dialek wel 'n groot invloed op die karakterisering van die karakters het. Dit is belangrik dat hierdie karakterisering na die doeltteks oorgedra word.

Die volgende vier prosedures is vanuit die literatuuroorsig geïdentifiseer wat moontlik by die vertaling van 'n dialek gebruik kan word:

- Moet glad nie die dialek vertaal nie (Rosenthal, 1945; Englund Dimitrova, 1997; Landers, 2001).
- Vertaal die dialek met 'n gepaste doeltaaldialek of sosiolek (Doyle, 1930; Bonaffini, 1997; Horobin, 2001).
- Vertaal die dialek na standaardtaal (Gerber, 1896; Landers, 2001; Benko & Zorko, 2012).
- Vertaal die dialek na standaardtaal met die gebruik van merkers wat aandui dat daar op 'n onkonvensionele manier gepraat word of om spreektaal aan te dui (Landers, 2001:270; Davies, 2009:2).

4.2.3 Vertaling van name

In die teks is daar unieke name wat betekenis dra en soms ook woordspeling moontlik maak. Die teoretici stem ooreen dat waar die naam ekstra funksies vervul, die vertaler dit in ag moet neem en sover moontlik na die doeltaal probeer oordra (Newmark, 1981; Bassnett, 2002; Kalashnikov, 2006a; 2006b).

Die volgende prosedures staan uit in die literatuuroorsig vir die name se vertaling:

- geen vertaling (Newmark, 1981:70);
- transkripsie van die naam in die doeltaal (Kalashnikov, 2006a; Benko & Zorko, 2012); en
- gebruik van gespesifiseerde vertaalekwivalente (Kalashnikov, 2006b:3).

4.2.4 Oorkoepelende vertaalstrategie

'n Literêre teks is vir hierdie studie se doeleindes gebruik en daarom is 'n oorkoepelende strategie vanuit die wye vertalingsveld, soos voorgestel deur Landers (2001:27) gekies. Hy noem dat dit die vertaler se verantwoordelikheid is om te bepaal watter vertaalstrategie en -prosedures gekies word (Landers, 2001:55). Die besluit wat die vertaler neem oor die oorkoepelende strategie asook die prosedures en subprosedures by die dialekvertaling en naamgewing onderskeidelik word dus deur geen ander prosesse regverdig nie. Daar word wel 'n semiotiese proses gevolg om die keuse van die finale vertalings te toets, verduidelik en regverdig.

Vir die doel van hierdie studie is besluit dat die lojaliteit by die doeltteks lê en daarom is besluit om die oorkoepelende strategie van domestikering, soos gedefinieer deur Venuti (2004b:20), te gebruik. Hierdie strategie is gekies omrede die karakters se identiteit deels op Skots gebaseer is en dit nie 'n identiteit is wat maklik na Afrikaans oorgedra kan word nie. Daar is geen algemene verwysing van hoe 'n Skotse persoon Afrikaans sal praat nie, en om die dialoog op so 'n manier te vertaal dat 'n Afrikaanssprekende leser kan aflei die spreker se dialek is op Skots gebaseer, is byna onmoontlik. Dit is wel moontlik om plek-plek in te voeg: “. . . sê sus en so in 'n Skotse uitspraak”, maar dit sal nie dieselfde gevoelswaarde aan die leser oordra as die Engelse teks nie. Die teks se leesbaarheid word ook hierdeur beïnvloed omdat dit die eienskappe indirek sal aanbied waar die Engelse teks die eienskappe direk in die dialoog aanbied.

Domestikering gee aan die vertaler die geleentheid om 'n teks daar te stel wat die Afrikaanssprekende leser goed sal verstaan en dieselfde genot sal verskaf as wat die doeltekslezer uit die Engelse teks kan put. In aggenome dat oënskynlik jonger lesers die teks gaan lees, is dit ook nie verseker dat hulle sal weet wat 'n Skotse uitspraak is nie.

4.2.5 Vertaling van die karakters se taalgebruik

Vir die eerste twee kategorieë identiteitsvormende elemente kan die vier moontlike prosedures, soos in punt 4.2.2 genoem, elkeen tydens dialekvertaling in 'n teks gebruik word.

Die eerste prosedure meen dat die dialek glad nie vertaal moet word nie (Rosenthal, 1945; Englund Dimitrova, 1997; Landers, 2001). Vir die studie se doeleindes kan hierdie prosedure nie toegepas word nie omdat die dialek of taalgebruik van die karakters die grootste deel van hulle karakterisering uitmaak. Dit kan dus eenvoudig nie geïgnoreer word nie en hierom word die prosedure nie gebruik nie.

Die tweede prosedure steun die teenoorgestelde siening. Aangesien Skots as 'n streeksdialek beskou word, meen van die teoretici dat hierdie dialek met 'n soortgelyke streeksdialek in die doeltaal vertaal kan word (Doyle, 1930; Bonaffini, 1997; Horobin, 2001). Hierdie prosedure is wel moontlik omdat Afrikaans streeksdialekte het wat gebruik kan word, maar as oneties beskou word om dit op hierdie manier te vertaal omdat dit neerhalend kan voorkom. Die Nac Mac Feegle-karakters is wel humoristiese en prettige karakters, maar hulle word deur hulleself as skelms en dronkaards beskryf. Indien 'n streeksdialek in die doeltaal vir die vertaling van hierdie karakters se taalgebruik gebruik word, sal die sprekers van dié dialek aanvaar dat die skrywer of vertaler hierdie sprekers ook as onbeskof en onbeskaafd beskou. Dié prosedure word dus ook nie oorweeg nie.

Die derde prosedure wat voorgestel word meen dat alles slegs na standaardtaal vertaal moet word (Gerber, 1896; Landers, 2001; Benko & Zorko, 2012). Hierdie prosedure sal tot gevolg hê dat die karakterisering direk gedoen moet word aangesien alle karakterisering wat in die dialoog plaasvind nie meer daar sal wees nie. Die karakters gaan óf nie so 'n sterk unieke identiteit hê nie óf daar gaan baie ekstra beskrywings bygevoeg moet word om die karakterisering uit te voer. Vir die doel van hierdie studie word hierdie prosedure ook nie gevolg nie.

Die laaste prosedure is om die dialek na standaardtaal te vertaal maar spreektaal of dialek deur die gebruik van merkers aan te dui (Landers, 2001:270; Davies, 2009:2). Om die unieke identiteit suksesvol oor te dra na die doelteks, en die leser nie met ekstra karakterisering te oorweldig nie, is hierdie prosedure die toepaslikste om in hierdie vertaling te gebruik.

Vir die vertaling van die taalgebruik sal vir elke voorbeeld die volgende semiotiese proses, soos deur Kruger (2001:191) voorgestel vir onderskrifvertaling, gevolg word om die toepaslikste vertaling vir die situasie te bepaal:

- 1) Die bronteksgedeelte word aangehaal.
- 2) Die betekenis binne die brontekskonteks word gegee.
- 3) Moontlike vertalings vir die bronteksbetekenis word gegee.
- 4) Betekenisse van die doeltaalkeuses word gegee.
- 5) Finale vertaling word gekies.

Deur hierdie proses te volg, bestaan die moontlikheid van meer as een vertaalkeuse. Die vertaler moet die betekenis van die doelteksgedeelte asook die identiteitsvormende element in ag neem binne die oorkoepelende domestikerende vertaalstrategie voor 'n finale keuse gemaak word. Stappe 3) en 4) word dus onder party voorbeelde 'n paar keer herhaal om die gepastheid van die vertaalkeuses te toets.

Vir die doel van hierdie studie bepaal die elemente waaruit die finale vertaling van elke vertaaleenheid bestaan, die subprosedures wat in die vertaalproses toegepas is. 'n Voorbeeld van 'n moontlike subprosedure is die gebruik van standaardspelling vir die vertaling van 'n bronteksterm wat met niestandaardspelling voorkom in die bronteks.

Die vertaalkeuses gemaak en subprosedures gebruik by elke kategorie, word onder punt 4.4 bespreek.

4.2.6 Vertaling van name

Met analise word bevind dat die naamgewing van hierdie karakters op hulle karaktereenskappe gebaseer is. Daar is baie name wat die fisiese grootte van die karakters beskryf. Een van die Feegles gee aan die hoofkarakter 'n uiteensetting van hoe hulle naamstelsel werk en hieruit blyk dit dat daar nie baie name beskikbaar is nie. Om hierdie rede gebruik hulle enige van die beskikbare name en voeg 'n beskrywing by om die persoon te kan onderskei van die persoon met die oorspronklike naam (Pratchett, 2006:178).

Wanneer die prosedure van “geen vertaling van name” gevolg word, sal die ekstra betekenis in die vertaling verlore gaan indien die doelteksleser nie Engels magtig is nie. Hierdie prosedure word dus nie voorgestel vir die gebruik in hierdie studie nie.

Die tweede voorgestelde prosedure, naamlik om die name slegs te transkribeer, sal ook die betekenis van die name laat verlore gaan. Dit sal selfs die Engelse betekenis meer verwronge laat voorkom en dit nog verder van die doelteksleser vervreem. Hierdie prosedure word ook nie in dié studie gebruik nie.

Die ekstra betekenis wat die name van die karakters dra, is 'n grondige rede waarom die prosedure deur Kalashnikov voorgestel, gebruik kan word. Hy stel die volgende gespesifiseerde vertaalekwivalente vir die vertaling van name voor (Kalashnikov, 2006b:3):

- Gewone ekwivalent – die gewone woordeboekbetekenis van die woord of element gebruik in die brontaalnaam.
- Gewone ekwivalent met irrelevante skakering – hier word die woord met die woordeboekbetekenis vertaal maar waar die bronteks elders geen ekstra konnotasies het nie, word ekstra konnotasies in die doelteks bygevoeg.
- Toevallige ekwivalent – hier word die woord of element met 'n woord of element vertaal wat nie die direkte ekwivalent is nie, maar wat dieselfde eienskappe toon.
- Toevallige ekwivalent met irrelevante skakering – hier word die woord met 'n woord of element vertaal wat nie die direkte ekwivalent is nie, maar wat dieselfde eienskappe toon en ekstra konnotasies word bygevoeg.
- Ekwivalent met veranderde karaktertrekke – hier word die eienskappe wat deur die betekenisvolle element uitgebeeld word nie met dieselfde eienskappe nie, maar met ander eienskappe vertaal.

- Ekwivalent met veranderde karaktertrekke en irrelevante skakering – hier word die eienskappe wat deur die betekenisvolle element uitgebeeld word nie met dieselfde eienskappe nie, maar met ander eienskappe vertaal en ekstra konnotasies word bygevoeg.
- Irrelevante ekwivalent – die vertaling na ’n woord wat nie die eienskappe van die karakter weergee nie.
- Irrelevante ekwivalent met irrelevante skakering – die vertaling na ’n woord wat nie die eienskappe van die karakter weergee nie maar ekstra konnotasies word bygevoeg.

Dieselfde semiotiese proses word gevolg by die vertaling van die name as wat by die vertaling van die karakters se taalgebruik gevolg word. Moontlike vertalings word bepaal deur die genoemde vyf stappe te volg.

Die finale gekose naam word gemotiveer en gekategoriseer volgens Kalashnikov se vertaal-ekwivalente. Die gebruik van die vertaalekwivalente word vir die doel van hierdie studie as subprosedures beskou. ’n Subprosedure by die vertaling van ’n naam kan dus in hierdie studie slegs die gebruik van een van die agt vertaalekwivalente wees.

Die toepassing van hierdie strategie en die identifisering van die vertaalekwivalent en subprosedure wat in elke naam se geval gebruik word, word onder punt 4 bespreek.

4.3 Inhoudsanalise

Die vertaalteks wat gekies is, *The Wee Free Men*, is geanaliseer om die identiteitsvormende elemente wat die Nac Mac Feegle-karakters se identiteit bepaal, te identifiseer. In hierdie afdeling word die karakters kortliks omskryf en daarna word die geïdentifiseerde identiteitsvormende elemente gekategoriseer.

4.3.1 Die Nac Mac Feegles

Die Nac Mac Feegles is fiktiewe mannetjies van ongeveer 15 sentimeter lank. Hulle dra almal Skotse rokkies – meestal sonder hemde – en het blou tatoeëermerke oral op hulle lywe, in so ’n mate dat dit voorkom of hulle velkleur blou is. Almal van hulle het rooi, woeste en onversorgde hare en baarde, alhoewel sommige ’n paar vlegseltjies met vere en kraletjies het.

Almal is bang vir hulle en hulle beweer dat hulle vir niks en niemand bang is nie, behalwe natuurlik prokureurs. Buiten groot respek vir die Kelda, wat hul ma en ook die stam se leier is, het hulle ook baie

respek en vrees vir hekse. Name, woorde en om te skryf word ook baie hoog geag en hulle noem nie sommer hulle name vir iemand nie, uit vrees dat dit neergeskryf sal word.

Die Nac Mac Feegles is baie lief vir steel, drink en baklei – verkieslik al drie gelyktydig. Om hierdie rede het hulle ’n vrees vir skryf en prokureurs, want in die hande van prokureurs kan hulle name baie maklik op “gesoek”-plakkate en lasbriewe vir arres verskyn.

Hulle volg slegs hul eie reëls en word nie deur enigiemand anders as die Kelda voorgesê nie. Hulle neem hul eie reëls baie ernstig op en dit moet tot op die letter uitgevoer word, maar die res van die wêreld se reëls word heeltemal verontagsaam.

Musiek en poësie word deur hulle gebruik om veldslae te wen. Hulle het, soos hulle dit noem, ’n “battle poet” wat vir hulle vyande gedigte voordra en musiek maak op ’n instrument wat hulle die “mousepipes” noem. Hierdie instrument se musiek en die gedigte wat voorgedra word laat die vyand op vlug slaan.

4.3.2 Identiteitsvormende elemente

Die Nac Mac Feegles se unieke identiteit word grotendeels deur hulle taalgebruik in die teks uitgebeeld. Die analise van hulle taalgebruik vind op woordvlak plaas aangesien dit die maklikste manier is om sodoende elemente te kategoriseer. Van hulle woordeskat word in die woordeboeke as onderskeidelik Skots, Glasgows, argaïes of informeel gedefinieer; en dan is daar ook ’n paar woorde waarvan die betekenis nie in enige woordeboek opgeneem is nie, of die betekenis soos dit gebruik word in die teks, nie die betekenis kan wees wat in ’n woordeboek voorkom nie.

Die Nac Mac Feegles se vreemde naamgewing, voorkoms en musieksinstrument dra ook by tot hulle unieke identiteit. Hierdie drie elemente word in afsonderlike kategorieë gelys en bespreek. Die oorkoepelende vertaalstrategie sal die bepaal hoe hierdie drie elemente vertaal word.

Die volgende kategorieë identiteitsvormende elemente is in die teks geïdentifiseer:

- gebruik van nie-Standaardengels
 - Skotse woordeskat
 - Glasgowsse woordeskat
 - argaïese woordeskat
 - informele woordeskat

- sleng
- dialek
- niestandaardtaal
- brabbeltaal (“gibberish”)
- gebruik van niestandaardspelling
 - niestandaardspelling van aanvaarde Skotse woorde
 - niestandaardspelling van Engelse woorde
 - verkorting van woorde deur weglating van letters aan die einde van die woord
 - verkorting van woorde deur weglating van letters in die middel van die woord
 - samevoeging van woorde
 - verandering van spelling om uitspraak aan te dui
 - verlenging van woorde
 - niestandaardverkleining van woorde
 - afgeleide woorde
- naamgewing
- voorkoms
- musiekinstrument
- ander identiteitsvormende elemente

In die volgende afdeling word die bogenoemde kategorieë identiteitsvormende elemente bespreek, asook subprosedures vir die vertaling daarvan.

4.4 Analise van kategorieë en vertaling

In hierdie afdeling word die analise van elke kategorie bespreek deur die analise en vertaling van voorbeelde uit die teks⁵.

Die eerste twee kategorieë van die identiteitsvormende elemente is elemente wat die eienskappe indirek aandui deur die taalgebruik en uitspraak van die karakters. Dit is die twee grootste kategorieë wat geïdentifiseer is. Die derde kategorie is die naamgewing van die karakters. Die laaste kategorie behels al die ander elemente wat die karakters meer direk karakteriseer maar minder in die teks voorkom.

⁵ Spreektaalspelling word dikwels in die analise van die vertaling deur middel van assimilasië aangedui. Aangesien Kaapse Afrikaans gekenmerk word aan die baie gebruik van assimilasië kan dit voorkom of daar van 'n Kaapse dialek gebruik gemaak word. Waar die vertaalde teks dus na Kaapse Afrikaans klink, is dit blote toeval.

Die vertaling van voorbeelde in die verskillende kategorieë asook die identifisering van die subprosedures wat tydens vertaling gebruik is, word hieronder bespreek.

4.4.1 Gebruik van nie-Standaardengels

Die vertaling van Standaardengels is nie 'n probleem nie aangesien dit met Standaardafrikaans vertaal kan word. Die probleem ontstaan met nie-Standaardengels. Die volgende voorbeelde vanuit die teks is waar nie-Standaardengels gebruik word om die identiteit van die karakters te beklemtoon.

Vir elkeen van hierdie subkategorieë word drie voorbeelde bespreek. Die voorbeelde wat vir die analise gekies is, is deur die frekwensie van die woord in die teks bepaal. Die drie woorde in elke kategorie wat die meeste in die teks voorgekom het, is vir bespreking gekies.

4.4.1.1 Skotse woordeskat

'n Groot persentasie van die Nac Mac Feegles se dialoog behels Skotse woordeskat. Die woordeskat in hierdie kategorie is aanvaarde Standaardskots waarvan daar Standaardafrikaanse vertalings bestaan. Die gebruik van Standaardafrikaans in hierdie geval sal die identiteitsvormende element in die dialoog laat wegval en moet dus op 'n manier in die vertaling behoue bly.

Die woorde wat in hierdie kategorie geïdentifiseer is, is die volgende: “ach, afore, awa’, beastie, besom, bittie/bitty, bogle, bonny, canna, crivens, deid, didna, dinged, dinna, disna, dreeing, eejit, fash, fra’, gae, gang, gob, guid, hae, hersel’, hoose, ken, lad, laddie, lads, laird, lass, lassie, mammie, mebbe, moose, muckle, needna, offski, oot, pudden, puir, schemie, shouldna, skelpin’, snotter, tae, trooser, verra, weird, willna, yer, yersel” en “yon”.

Die drie woorde wat die meeste in die teks voorkom, is “ken”, “ach” en “dinna”. Dié drie woorde word hieronder bespreek.

4.4.1.1 (a) *ken*

“But she **kenned** I was spyin’ her and called up a mist. She’s gone to the other side, but I dinna **ken** where.” (Pratchett, 2006:128)

Die woord “ken” kan as werkwoord sowel as selfstandige naamwoord gebruik word en het die volgende betekenis (Scots-online.org, 2015):

- n. Knowledge, acquaintance, comprehension, insight, the scope or bounds of one's understanding, knowledge, or experience, a piece of knowledge.
- v. To know, be aware of, apprehend, learn a fact. To know a person or locality, to be acquainted or familiar with, to recognise, identify.

Die moontlike Afrikaanse vertalings vir die woord, soos dit in hierdie konteks gebruik word, is “ken, herken; weet, verstaan” (du Plessis, 2005:1099). In die konteks van die sin wat aangehaal word, is dit moontlik om met die woorde “ken” of “weet” te vertaal.

Die grammaties korrekte woord om hier te gebruik, is “weet”. Die karakter noem dat die heks bewus was van die feit dat hy haar afgeloer het, maar dat hy nie weet waarheen sy verdwyn het nie. Die gebruik van “weet” sal tot gevolg hê dat die regte betekenis na Afrikaans oorgedra word, maar die identiteitsvormende element gaan verlore en die teks word dus in Standaardafrikaans weergegee: “Ma’ sy’t **geweet** ek koek’loer ha’ en toe roep sy’n miswolk op. Sy’s na die annerkant toe, ma’ ek **weet** nie wa’ nie.”

Deur die spelling van die woord te verander kan ’n identiteitsvormende element, die gebruik van spreektaal spelling, weer in die teks teruggesit word. Op hierdie manier word die spreker se unieke identiteit beklemtoon en dieselfde betekenis word na die Afrikaanse teks oorgedra: “Ma’ sy’t **gewiet** ek koek’loer ha’ en toe roep sy’n miswolk op. Sy’s na die annerkant toe, ma’ ek **wietie** wa’ nie.”

Die gebruik van die woord “ken” sal wel nie in Afrikaans grammaties korrek wees nie maar dit sal ’n identiteitsvormende element oordra, naamlik die gebruik van nie-Standaardafrikaans. Deur gebruik te maak van nie-Standaardafrikaans sal die unieke identiteit van die spreker ook beklemtoon word: “Ma’ sy’t **geken** ek koek’loer ha’ en toe roep sy’n miswolk op. Sy’s na die annerkant toe, ma’ ek **ken** nie wa’ nie.”

Dit is ook moontlik om die woord op die twee verskillende plekke in die sin verskillend te vertaal. Dit sal tot gevolg hê dat die betekenis asook ’n identiteitsvormende element oorgedra word: “Ma’ sy’t **geken** ek koek’loer ha’ en toe roep sy’n miswolk op. Sy’s na die annerkant toe, ma’ ek **weet** nie wa’ nie.”

Wanneer daar na sinonieme vir die woord “weet” gekyk word, kom daar nog ’n moontlike vertaling na vore, naamlik die woord “wis” (de Stadler, 1994:192): “Ma’ sy’t **gewis** ek koek’loer ha’ en toe roep sy’n miswolk op. Sy’s na die annerkant toe, ma’ ek **wis** nie wa’ nie.”

Volgens die *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (HAT)* (Luther et al., 2015:1594) is die woord “wis” verouderd en die verledetydsvorm van “weet”. Om hierdie rede is dit dalk nie die beste keuse om in die tweede geval in die sin te gebruik nie omdat die spreker op daardie oomblik nie weet waar die heks is nie en die woord wat gebruik word in die teenwoordige tyd behoort te wees.

Daar is gevolglik besluit om die term verskillend te vertaal in die twee plekke waar dit voorkom. Die eerste plek waar die woord voorkom, word met “wis” vertaal omdat dit ’n verouderde woord is en die brontaalwoord ook in verledetydsvorm is. Die gebruik van ’n verouderde woord in plaas van ’n dialekwoord het tot gevolg dat daar steeds ’n identiteitsvormende element is, naamlik die gebruik van verouderde woorde.

Die tweede plek waar die woord in hierdie sin voorkom word met “weties” vertaal om die betekenis oor te dra en ook spreektaal aan te dui. Die finale vertaling van die sin lyk dus soos volg: “Ma’ sy’t **gewis** ek koek’loer ha’ en toe roep sy ’n miswolk op. Sy’s na die annerkant toe, ma’ ek **weties** wa’ nie.”

Die subprosedure wat hier gebruik word is om die woord in die eerste geval met verouderde Afrikaans (standaardtaal) te vertaal en later in die sin met spreektaal spelling. Dieselfde betekenis as die bronteks word oorgedra en ’n identiteitsvormende element kom in die vertaling voor.

4.4.1.1 (b) *ach*

“**Ach**, I forgot about that,” squeaked Rob Anybody. (Pratchett, 2006:145)

Hierdie tussenwerpsel is ’n Skotse tussenwerpsel wat ongeduld, teleurstelling, veragting, remonstransie en so meer aandui (Scottish Language Dictionaries Ltd., 2016). In die teks dra die woord op verskillende plekke die verskillende betekenisse, maar almal binne hierdie definisie.

“Ach” kan dus maklik met die Afrikaanse tussenwerpsel “aag” vertaal word wat vir “uiting van teleurstelling, ongeduld, ontevredenheid, ens.” (WAT, 2013) gebruik word: “**Aag**, ek’t da’van vigeet,” sê Pier Enigiemand in ’n piepstemmetjie.

Wanneer die vertaling op hierdie manier uitgevoer word, val die identiteitsvormende element weg omdat “aag” Standaardafrikaans is. Die dialek, wat die identiteitsvormende element is, word nie met enigiets anders vervang nie.

Deur die spelling van die Afrikaanse woord te verander om spreektaal aan te dui, word 'n identiteitsvormende element, naamlik die gebruik van spreektaalspelling, wel oorgedra na die vertaling: “**Oeg**, ek’t da’van vigeet,” sê Pier Enigiemand in 'n piepstemmetjie.

Die subprosedure wat hier gebruik word is om die woord te vertaal met 'n woord in spreektaalspelling. 'n Identiteitsvormende element en die betekenis word oorgedra na die vertaling.

4.4.1.1 (c) *dinna*

“Okay, okay, **dinna** panic . . .” (Pratchett, 2006:315)

Dit is 'n Skotse woord hierdie wat die samevoeging van die twee woorde “do not” is (Scots-online.org, 2015). In dié geval beteken dit dat die karakters wat aangespreek word 'n sekere aksie (“panic”) nie moet uitvoer nie.

Die moontlike vertalings vir hierdie term in die konteks van die sin is beperk tot die gewone woordeboekekwivalent van die twee woorde “moet nie” (du Plessis, 2005:926), of 'n samevoeging wat “moenie” word en albei Standaardafrikaans is:

“Oukei, oukei, **moet nie** stres’ie . . .”; of

“Oukei, oukei, **moenie** stres’ie . . .”.

Wanneer dit met een van die twee bogenoemde woorde vertaal word, sal dit standaardtaal wees waar die identiteitsvormende element wegval. Om die identiteitsvormende element te behou kan die spelling verander word om spreektaal aan te dui: “Oukei, oukei, **moetie** stres’ie . . .”.

Die subprosedure wat hier gebruik word is weer om die woord te vertaal met 'n woord in spreektaalspelling. Dieselfde betekenis asook 'n identiteitsvormende element word na die vertaling oorgedra.

4.4.1.2 Glasgowse woordeskat

Daar is Skotse woordeskat wat pertinent as Glasgowse woordeskat in die woordeboeke gedefinieer word. Aangesien Pratchett Glasgows pertinent apart van die Skots as gebruikte dialek in die karaktervorming van die Nac Mac Feegles genoem het, word dit apart gekategoriseer.

Woorde wat in hierdie kategorie geïdentifiseer is, is die volgende: “aye, bairn, coo, daft, dafties, gie, heid, intae, isna, nae, wee, ye” en “youse”.

Die drie Glasgowse woorde wat die meeste voorkom is “ye”, “wee” en “aye” en word bespreek.

4.4.1.2 (a) *ye*

“We picties aren’t like you big folk, **ye** ken. **Ye** have many sisters?” (Pratchett, 2006:162)

Die woord “ye” dra in hierdie konteks die betekenis van “you” (Glasgowvant, 2016; Scottish Language Dictionaries Ltd., 2016). Hier is “jy” die woordeboekvertaling vir die woord “you” (du Plessis, 2005:1526). Dit is dus die Standaardafrikaanse vertaling van die woord wat hier gebruik word: “Ôs kibouters issie soos julle groot mensies ’ie, **jy** vi’staan. **Jy**’t baie sussies?” Die identiteitsvormende element val in hierdie vertaling weg.

’n Ander moontlike vertaling is om die woord met die Nederlandse woord “je” te vertaal. Aangesien Afrikaans grotendeels van Nederlands afkomstig is (Charl, 2015), kan daar geredeneer word dat ’n Nederlandse woord gebruik kan word om die unieke identiteit van die karakters te versterk. Dit hoef nie ’n sterk Nederlandse element te wees wat die karakters identifiseer nie, maar net ’n klein deeltjie van die Nederlandse kultuur om die identiteit meer uniek te maak as slegs Afrikaans. Die vertaling lyk dus soos volg: “Ôs kibouters issie soos julle groot mensies ’ie, **je** vi’staan. **Je**’t baie sussies?”

Hierdie vertaling is dus vir die doeltaallesers verstaanbaar maar dit is nie Standaardafrikaans nie. Selfs iemand met geen agtergrondkennis van Nederlands nie sal uit die konteks kan aflei wat die betekenis daarvan is. Die karakters se unieke identiteit word daardeur beklemtoon omdat dit ’n ander element as die Afrikaanse kultuur oordra.

Hier is die subprosedure ’n Nederlandse vertaling om sowel die betekenis as ’n identiteitsvormende element na die doeltteks oor te dra.

4.4.1.2 (b) *wee*

“She’ll give the **wee** boy everything he wants, too . . .” (Pratchett, 2006:160)

Die woord “wee” is seker een van die bekendste Glasgowse woorde (Glasgowvant, 2016). Hierdie woord beteken “small” of “little” (Glasgowvant, 2016) of “a small measure, quantity or degree” (Scots-online.org, 2015). In hierdie geval beskryf dit die hoofkarakter se bababoetie en dra dus die betekenis van ’n fisiese klein of jong mensie.

Die Standaardafrikaanse vertaling vir die woord “wee” is “(baie) klein, piepklein” (du Plessis, 2005:1504) en die gebruik van die woord “klein” sal die volgende vertaling tot gevolg hê: “Sy sallie **klein seun** ôk alles gee wat hy soek . . .”. Die probleem met hierdie vertaling is dat dit byna soos die woord “kleinseun” klink wat ’n heeltemal ander betekenis het. Albei die woorde “wee” en “boy” moet dus in ag geneem word by die vertaling van hierdie sin.

Die gebruik van die woord “piepklein” of die woorde “baie klein” in hierdie geval lewer ’n onnatuurlike vertaling en word nie aangeraai nie: “Sy sallie **piepklein seun** ôk alles gee wat hy soek . . .”; “Sy sallie **baie klein seun** ôk alles gee wat hy soek . . .”.

’n Afrikaanse sinoniem vir “klein” wat dieselfde betekenis as die bronteks kan deurgee, is “jonk” (de Stadler, 1994:158). In hierdie geval sal die attributiewe vorm “jong” gebruik moet word om ’n natuurlike vertaling te lewer: “Sy sallie **jong seun** ôk alles gee wat hy soek . . .”.

Dit is moontlik om die woord “jonk” te gebruik indien dit as ’n identiteitsvormende element moet dien: “Sy sallie **jonk seun** ôk alles gee wat hy soek . . .”. Die identiteitsvormende element hier sal dan die gebruik van verkeerde grammatika wees.

Die verkleining wat die woord “wee” dra, kan ook verskuif word na die woord “seun” en dan met die verkleining van die Afrikaanse woord “seun”, naamlik “seuntjie”, vertaal word: “Sy sallie **seuntjie** ôk alles gee wat hy soek . . .”. Dit is die natuurlikste vertaling na Standaardafrikaans maar die identiteitsvormende element word nie oorgedra nie.

Een van die ander identiteitsvormende elemente van die karakters se dialoog, is die gebruik van niestandaardverkleining van woorde, soos bespreek onder punt 4.4.2.2 (f). Indien dié identiteitsvormende element hier toegepas word, kan die volgende vertaling ontstaan: “Sy sallie **seuntjietjie** ôk alles gee wat hy soek . . .”. Hierdie vertaling is dus Afrikaans genoeg vir die lesers om te verstaan, die verkleining van die woord “wee” word oorgedra en ’n identiteitsvormende element word gebruik om die identiteit se uniekheid te beklemtoon.

Met die finale vertaling hier, is die subprosedure wat hier gevolg word die gebruik van die niestandaardverkleiningsvorm van die Standaardafrikaanse woord “klein”. Hier word die betekenis sowel as ’n identiteitsvormende element na die vertaling oorgedra.

4.4.1.2 (c) *aye*

“**Aye**, I didna think o’ that . . .” (Pratchett, 2006:71)

Net soos die woord “wee” is “aye” ook ’n baie bekende Glasgowse woord wat “yes” beteken (Glasgowvant, 2016; Scottish Language Dictionaries Ltd., 2016). Dit word in Engels ook gebruik maar word as argaïes beskou, behalwe in seemanstaal of wanneer ’n stemming gehou word (Scottish Language Dictionaries Ltd., 2016).

Die Standaardafrikaanse vertaling vir hierdie term is “ja” (du Plessis, 2005:791). Weereens sal die vertaling na die standaardtaal tot gevolg hê dat die identiteitsvormende element hier wegval: “**Ja**, ek hettie da’an gedink ’ie . . .”.

Die volgende is sinonieme vir die woord “ja”: beslis, ongetwyfeld, eerlikwaar, rêrig, nè, jawel, regtig, beslis ja, inderdaad, presies, voorwaar, verseker (de Stadler, 1994:190). Wanneer enige van hierdie woorde in die vertaling gebruik word, is die vertalings in hierdie geval wel taalkundig korrek en die betekenis van die brontaalwoord word ook oorgedra. Die volgende moontlike vertalings word gelewer:

“**Beslis**, ek hettie da’an gedink ’ie . . .”;

“**Ongetwyfeld**, ek hettie da’an gedink ’ie . . .”;

“**Eerlikwaar**, ek hettie da’an gedink ’ie . . .”;

“**Rêrig**, ek hettie da’an gedink ’ie . . .”;

“**Nè?** ek hettie da’an gedink ’ie . . .”;

“**Jawel**, ek hettie da’an gedink ’ie . . .”;

“**Regtig**, ek hettie da’an gedink ’ie . . .”;

“**Beslis ja**, ek hettie da’an gedink ’ie . . .”;

“**Inderdaad**, ek hettie da’an gedink ’ie . . .”;

“**Presies**, ek hettie da’an gedink ’ie . . .”;

“**Voorwaar**, ek hettie da’an gedink ’ie . . .”; en

“**Verseker**, ek hettie da’an gedink ’ie . . .”.

Die probleem is dat die gebruik van enige van hierdie woorde nie in al die gevalle sal werk waar die woord “aye” in die bronteks voorkom nie. Daar sal verskillende vertalings vir die enkele woord op verskillende plekke gebruik moet word. Die identiteitsvormende element val ook in elkeen van hierdie gevalle weg aangesien dit Standaardafrikaans is.

Afrikaanse sprekers, veral die jonger generasie, maak gereeld gebruik van die Engelse woord “yes” in plaas van die Afrikaanse woord “ja”. Dit is dus ook moontlik om die Skotse term hier met die Engelse woord te vertaal. Die Afrikaanse lesers sal die woord verstaan en die identiteit sal beklemtoon word omdat die woord nie Standaardafrikaans is nie. “**Yes**, ek hettie da’an gedink ’ie . . .”.

Dit is moontlik om dit nog ’n stap verder te neem en die spelling van die Engelse woord te verafrikaans deur die y met ’n j te vervang: “**Jes**, ek hettie da’an gedink ’ie . . .”. ’n Moontlike probleem met hierdie vertaling is dat die leser dit met die eerste oogopslag kan verwar met die algemene afkorting vir die naam Jessica. Om hierdie probleem te oorkom kan die spelling nog verder verander word deur ’n kappie op die e te sit: “**Jê’s**, ek hettie da’an gedink ’ie . . .”.

Wanneer daar na Afrikaanse spreektaal gekyk word, is dit ook moontlik dat die woord “jip” gebruik word: “**Jip**, ek hettie da’an gedink ’ie . . .”. Hierdie woord dra volgens die HAT (Luther et al., 2015:555) die volgende betekenis: “gebruik om te bevestig; ja” en word as informeel gedefinieer. Weer met die informele karakters en die jonger lesers in aggenome, is die woord “jip” in hierdie geval gekies. Die woord is informeel en word oor die algemeen baie goed verstaan.

Die subprosedure wat hier gebruik word, is die vertaling na ’n spreektaalwoord om die betekenis sowel as ’n identiteitsvormende element oor te dra.

4.4.1.3 Argaïese woordeskat

In die teks is daar ook woorde geïdentifiseer wat as argaïes gedefinieer word. Die woorde in hierdie kategorie sluit die volgende in: “alackaday, afeared, fra’, gainsaid, jools, nay” en “pismire”.

Die woorde “nay”, “afeared” en “pismire” is gekies vir bespreking.

4.4.1.3 (a) nay

“**Nay**, ye needna answer that.” (Pratchett, 2006:160)

Die woord “nay” is die argaïese vorm van die woord “no” (Oxford University Press, 2016). Die betekenis hier is dat die spreker vooraf ’n vraag gestel het en dan besluit dat die ander persoon nie daardie vraag hoef te beantwoord nie. Dit is dus gebruik in teenstelling met die teks wat hierdie sin voorafgaan.

Moontlike vertalings vir die woord “no” na Afrikaans is “nee”, “geen” of “niks” (du Plessis, 2005:1187), maar in die konteks van die vertaling kan slegs “nee” die korrekte betekenis na die Afrikaanse teks oordra: “**Nee**, daai hoef je ’ie te antwoord ’ie.” Die gebruik van die woorde “geen” of “niks” maak nie in hierdie konteks sin nie.

Die sinonieme wat bestaan vir “nee”, naamlik: nie, geensins, glad nie, allermins, hoegenaamd nie, op verre na nie, onder geen omstandighede nie, volstrek nie, nie in die minste nie, in der ewigheid nie (de Stadler, 1994:191), maak ook glad nie sin vir gebruik in hierdie konteks nie.

Die subprosedure vir hierdie term is om na standaardtaal te vertaal en die identiteitsvormende element te laat verlore gaan. In hierdie geval word slegs die betekenis van die woord oorgedra en geen identiteitsvormende element word na die doelteks oorgedra nie.

4.4.1.3 (b) *afeared*

“The Nac Mac Feegle are **afeared** o’ nothing!” (Pratchett, 2006:216)

Hierdie term is die argaïese woord vir “afraid”. In hierdie konteks is daar nie ’n ander moontlike betekenis nie. Die moontlike vertalings vir die woord “afraid” is die volgende: “bang, angstig, bevrees; lugtig, skrikkerig, sku” (du Plessis, 2005:760) en die gebruik daarvan lewer die volgende moontlike vertalings:

“Die Van der Viegels is **bang** vi’ niks!”

“Die Van der Viegels is **angstig** oor niks!”

“Die Van der Viegels is **bevrees** oor niks!”

“Die Van der Viegels is **lugtig** vi’ niks!”

“Die Van der Viegels is **skrikkerig** vi’ niks!”

“Die Van der Viegels is **sku** vi’ niks!”

Slegs die woorde “bang”, “lugtig”, “skrikkerig” en “sku” dra die regte betekenis oor, naamlik hulle staan terug vir niks en sal teen enige ding veg. Die woorde “angstig” en “bevrees” se betekenis verskil van om bang te wees vir iets en daarom nie vertalings wat in hierdie konteks pas nie.

In die konteks van die sin waarin die term hier gebruik word, is “bang” eintlik hier die vertaling wat die betekenis die sterkste oordra. Wanneer na sinonieme vir bang gekyk word, word die volgende moontlike vertalings geïdentifiseer: vrees, ontstel, sidder, skrik, terugdeins, huiwer, skroom, verknieis (de Stadler, 1994:340). Die vertalingsmoontlikhede sluit nou die volgend ook in:

- “Die Van der Viegels **vrees** niks!”
“Die Van der Viegels raak **ontsteld** oor niks!”
“Die Van der Viegels **sidder** vi’ niks!”
“Die Van der Viegels **skrik** vi’ niks!”
“Die Van der Viegels **deins terug** vi’ niks!”
“Die Van der Viegels **huiwer** vi’ niks!”
“Die Van der Viegels **skroom** vi’ niks!”
“Die Van der Viegels **verknies ôs** oor niks!”

Wanneer hierdie moontlikhede in ag geneem word, is die woorde “vrees”, “sidder” en “skrik” die drie woorde wat in hierdie geval die betekenis die beste oordra. Die ander is ook moontlike vertalings, maar dra nie die betekenis so sterk oor nie.

Wanneer enige van die woorde “bang”, “vrees”, “sidder” of “skrik” gebruik word, sal die vertaling na standaardtaal geskied en die identiteitsvormende element gaan met die vertaling verlore.

Om ’n identiteitsvormende element in die vertaling te behou, is dit moontlik om na standaardtaal te vertaal en ’n element op ’n ander plek in die sin by te voeg deur van kompensasië gebruik te maak (Baker, 1992:78). Deur die sinskonstruksie grammatikaal te verander is dit moontlik om ’n vertaling voort te bring wat tog nog ’n identiteitsvormende element bevat: “Die Van der Viegels **bang** niks!”. Die werkwoord “is” word weggelaat om die sin se grammatika foutief te maak. Dit word ook so in die spreektaal gedoen en word oor die algemeen goed verstaan.

Die subprosedure wat in hierdie geval toegepas is, is om na standaardtaal te vertaal maar op ’n ander plek te kompenseer en die grammatika te verander om spreektaal uit te beeld. Die betekenis asook ’n identiteitsvormende element word na die doeltëks oorgedra.

4.4.1.3 (c) *pismire*

“She didna turn me intae a **pismire**!” (Pratchett, 2006:152)

“Pismire” is ’n argaïese woord vir “ant” (Oxford University Press, 2016). Die woord “ant” kan baie maklik met die woord “mier” vertaal word en sal dieselfde betekenis dra alhoewel die identiteitsvormende element dan sal wegval: “Sy’t my nie in ’n **mier** virander ’ie!”

Hierdie teks hou nou verband met en verwys gereeld na sprokies. Die karakters kom ook van feetjieland af. Oor die algemeen, in sprokies, word mense deur hekse in paddas verander en nie in miere nie. Om die sprokieselement te versterk, kan die woord met “padda” vertaal word: “Sy’t my nie in ’n **padda** virander ’ie!”

Aangesien die gebruik van die woord “padda” steeds net standaardtaal is, is dit dan ook moontlik om die woord in spreektaal te skryf om ’n identiteitsvormende element na die teks oor te dra: “Sy’t my nie in ’n **parra** virander ’ie!”

Die subprosedure hier is dus om na spreektaalspelling te vertaal. ’n Ander betekenis as in die bronteks word na die doelteks oorgedra, maar in die konteks maak dit sin en die gebruik van die woord maak dit ook moontlik om ’n identiteitsvormende element oor te dra.

4.4.1.4 Informele woordeskat

Daar is drie woorde wat in die teks voorkom wat as informele woordeskat gedefinieer word, naamlik “em, earhole”, en “dearie”. Al drie word hier bespreek.

4.4.1.4 (a) *’em*

“When we find lost lambs and suchlike, we drives **’em** here for when the shepherds come lookin’,” Rob Anybody added anxiously. (Pratchett, 2006:146)

Hierdie is die informele vorm van die voornaamwoord “them” (Oxford University Press, 2016; Dictionary.com, 2016). “Them” is baie maklik vertaalbaar met die woord “hulle”: “Waner ôs vilore lammertjies en so kry, jaag ôs **hulle** hie’heen vir waner die skaapwagters kô soek,” voeg Pier Enigiemand benoud by.

Dit is hier ook moontlik om die Nederlandse voornaamwoord in die vertaling te gebruik om ’n identiteitsvormende element oor te dra: “Waner ôs vilore lammertjies en so kry, jaag ôs **ze** hie’heen vir waner die skaapwagters kô soek,” voeg Pier Enigiemand benoud by.

Die probleem met hierdie vertaling is dat die woord “ze” nie maklik deur jonger lesers verstaan sal word nie. Hulle sal dit dalk kan aflei, maar dit is nie ’n gegewe dat hulle dit sal kan verstaan nie. Die gebruik van Nederlands in hierdie geval sal dus nie ’n goeie vertaling lewer nie.

’n Ander manier om ’n identiteitsvormende element in die vertaling te voeg, is deur kompensasie te gebruik. Die term self word met die Standaardafrikaanse woord “hulle” vertaal, maar die sin se woordvolgorde word verander om niestandaard te wees: “Waner ôs vilore lammertjies en so kry, **jaa** ôs **hulle** hie’heen vir waner die skaapwagters kô soek,” voeg Pier Enigiemand benoud by.

Die subprosedure hier is dus om met Standaardafrikaans te vertaal, maar deur gebruik te maak van kompensasie die identiteitsvormende element op ’n ander plek uit te beeld. Die regte betekenis en ’n identiteitsvormende element kom in die doeltteks voor.

4.4.1.4 (b) *earhole*

“Noo just you bide there like a good boy and no yellin’ for sweeties or Uncle Rob’ll gie ye a skelpin’ across the **earhole**, okay?” (Pratchett, 2006:301)

“Earhole” is ’n informele woord vir “ear” (Oxford University Press, 2016). Die betekenis hier is eenvoudig “oor”, daar is geen ander betekenis in hierdie geval nie. Om die term dus met die Standaardafrikaanse woord “oor” te vertaal sal die regte betekenis oordra: “Sit je nu net da’ soos ’n soet seuntjie en g’n gegil vir lekkers nie anders gan Oom Pier jou ’n veeghou oppie **oor** gee, oukei?”. Wanneer dit met Standaardafrikaans vertaal word, gaan die identiteitsvormende element wegval.

Die tesourus gee ’n paar sinonieme vir “oor”: “gehoororgaan, bakoor, wawieloor, blomkooloor, langoor, flapoor, oudiologie” (de Stadler, 1994:137). Hier is dit wel moontlik om met ’n paar van die woorde te vertaal:

“... anders gan Oom Pier jou ’n veeghou oppie **bakoor** gee, oukei?”;

“... anders gan Oom Pier jou ’n veeghou oppie **wawieloor** gee, oukei?”;

“... anders gan Oom Pier jou ’n veeghou oppie **blomkooloor** gee, oukei?”;

“... anders gan Oom Pier jou ’n veeghou oppie **langoor** gee, oukei?”; of

“... anders gan Oom Pier jou ’n veeghou oppie **flapoor** gee, oukei?”.

Die probleem met hierdie vertalings is dat dit as ’n belediging teenoor die seuntjie gesien kan word wat ’n meer uitgebreide betekenis aan die woord gee as wat die brontekswoord veronderstel. Die betekenis van die sinsnede in die bronteks kan as ’n straf gesien word, maar dit is nie beledigend teenoor die seuntjie nie. Dit dra ook glad nie ’n identiteitsvormende element oor nie.

Dit is moontlik om die woord direk te vertaal na “oorgat” om die informele element saam met die betekenis oor te dra: “. . . anders gan Oom Pier jou ’n veeghou oppie **oorgat** gee, oukei?”.

Deur die woord met “oorgat” te vertaal, is die subprosedure wat gebruik word die vertaling na informele taalgebruik wat sowel die betekenis as die identiteitsvormende element na die doeltteks oordra.

4.4.1.4 (c) *dearie*

“Ach, **dearie** me!” (Pratchett, 2006:90)

Die woord “dearie” is ’n “term of affection: now often sarcastic or facetious” (Dictionary.com, 2016). “Dearie me!” is ook ’n vaste uitdrukking in Engels wat gebruik word om verbasing of ontsteltenis aan te dui (Oxford University Press, 2016). In hierdie geval is die frase gebruik om die kat te laat glo die Feegles is hulpelose voëltjies wat ontsteld is oor hulle situasie, en albei die bogenoemde betekenis is van toepassing aangesien hulle eintlik sarkasties is.

Volgens die Pharos Afrikaans-Engels/English-Afrikaans Woordeboek/Dictionary (du Plessis, 2005:902) is die vertaling van die uitdrukking “(o) dearie me” die volgende: “(o) hede/hene/jene/jitte/gits!”. Al hierdie moontlike vertalings kan gebruik word om die betekenis van die brontaaltekst oor te dra:

“Oeg, **hede!**” of “O **hede!**”;

“Oeg, **hene!**” of “O **hene!**”;

“Oeg, **jene!**” of “O **jene!**”;

“Oeg, **jitte!**” of “O **jitte!**”; of

“Oeg, **gits!**” of “O **gits!**”.

Nie een van hierdie vertalings het heeltemal dieselfde gevoelswaarde as die brontekst nie. “Ach, dearie me” is baie “sagter” as enige van hierdie vertalings en klink soos ’n bepeinsing van die situasie. Die Afrikaanse vertalings hier klink meer na ’n uitroep van skok as na ’n bekommerde ontsteltenis wat die Feegles probeer namaak. Die identiteitsvormende element val ook weg omdat standaardtaal vir die vertaling van die uitdrukking gebruik word.

Wanneer die betekenis van die sin in konteks geneem word, is dit wel moontlik om met “arme ek” te vertaal aangesien die Feegles wil hê die kat moet glo hulle is in ’n penarie en ’n maklike prooi. “Oeg, **arme ek!**” of “O **arme ek!**” is dus ook moontlike vertalings.

Hierdie vertaling klink ook nog nie soos iets wat iemand sal sê as hy in die moeilikheid is nie. Iemand sal eerder met “ai toggie” of “o toggie” begin wanneer hulle ’n moeilike situasie beleef of in bepeinsing is: “**Ai toggie, arme ek!**” of “**O toggie, arme ek!**” is vertalings wat meer die gevoel van moedeloosheid oordra wat die Feegle-karakters probeer namaak. Hierdie vertaling is egter steeds standaardtaal en die identiteitsvormende element gaan verlore.

Om weer die identiteitsvormende element terug te bring na die vertaling, is dit moontlik om die “o” of “ai” te vervang met die “oeg” waarop besluit is by die vertaling van die woord “ach”: “**Oeg toggie, arme ek!**”.

Dan is dit verder moontlik om ’n identiteitsvormende element vir die “dearie me”-gedeelte ook oor te dra deur spreektaalspelling vir die woord “arme” te gebruik: “Oeg toggie, **amre ekke!**”

Die subprosedure hier is om die spreektaalspelling te gebruik om die betekenis sowel as ’n identiteitsvormende element na die Afrikaanse vertaling oor te dra.

4.4.1.5 Sleng

Die woorde wat in hierdie kategorie geïdentifiseer is, is die volgende: “bogeys, eh, gotta, sloshed, summat” en “jobbies”.

Die woorde “eh”, “gotta” en “sloshed” is gekies om bespreek te word.

4.4.1.5 (a) *eh*

“Whut d’ye think of the wee place, **eh?**” said a voice from below. (Pratchett, 2006:142)

Hierdie woord word gebruik om ’n klank na te boots wat gewoonlik gemaak word in spraak, “especially one used to express enquiry, surprise, or to elicit agreement” (Oxford University Press, 2016). In hierdie geval geld die eerste betekenis van die woord – “to express enquiry”.

Volgens die Pharos Afrikaans-Engels/English-Afrikaans Woordeboek/Dictionary (du Plessis, 2005:945) is die moontlike vertalings vir hierdie tussenwerpsel “hè?” of “nè?”:

“Wat dink je’ vannie plekkietjie, **hè?**” vra ’n stem naby haar voete; of

“Wat dink je’ vannie plekkietjie, **nè?**” vra ’n stem naby haar voete.

Die gebruik van die woord “nè” lewer ’n onnatuurlike vertaling. Die betekenis van “nè” is ook nie heeltemal dieselfde as wat die betekenis van die woord “eh” in hierdie konteks is nie. Die normale gebruik van die woord “nè” word gewoonlik voorafgegaan met ’n sinsnede wat sonder “nè” nie ’n vraag sou gewees het nie. Dit is ’n vraagsin hierdie en die spreker wil hê dat die hoofkarakter die vraag moet beantwoord, nie met ’n stelling moet saamstem nie.

Wanneer die sinonieme van die woord “hè” opgesoek word, word die volgende woorde vir die tussenwerpsel geïdentifiseer: “gits, goeiste, ha, haai, haaits, hè, hede, heits(a), hene, hete, hierts, magtie, magtig, mapstieks, maskas, nè, nou, nou toe nou, verbrands” (de Stadler, 1994:187). Uit hierdie lys is daar nie een ander woord soos “hè” wat dieselfde betekenis oordra na Afrikaans nie, en word dus nie vir die vertaling oorweeg nie.

Die HAT (Luther et al., 2015:426) definieer die woord “hè” as ’n “vraende uitroep” wat in hierdie geval van pas is aangesien die spreker wat die vraag vra hom by die hoofkarakter se voete bevind. Hy beklemtoon dus sy sin met hierdie woord om seker te maak dat sy hom gehoor het en haar aan te hits om ’n antwoord te gee.

Die subprosedure vir die finale vertaling – “Wat dink je’ vannie plekkietjie, **hè?**” – is dus om na standaardtaal te vertaal. Hier word die betekenis oorgedra maar die identiteitsvormende element gaan verlore.

4.4.1.5 (b) *gotta*

“But ye **gotta** know *where* ye’re just gonna rush in.” (Pratchett, 2006:123)

Hierdie slengwoord is ’n samevoeging van die twee woorde “got to” (Oxford University Press, 2016; Dictionary.com, 2016; du Plessis, 2005:1024). In hierdie konteks is die betekenis dat iemand iets moet weet en daarom is die eerste vertaling waaraan ’n mens dink, wat die betekenis van die woord oordra, die gebruik van die woord “moet”: “Ma’ je **moet** weet *waar* je net gan inhol.”.

Sinonieme vir die woord “moet”, as ’n bynaamwoord, met die betekenis van “noodsaak” sluit die volgende in: noodsaaklik, essensieel, nodig, onontbeerlik, dringend, absoluut, urgent, belangrik, vitaal, kritiek en wesenlik (de Stadler, 1994:8). Wanneer die woord as bynaamwoord vertaal word, sal die sin passief geskryf moet word om sin te hê. Hier is ’n paar voorbeelde:

“Ma’ dis **noodsaaklik** om te weet *waar* je net gan inhol.”

“Ma’ dis **nodig** om te weet *waar* je net gan inhol.”

“Ma’ dis **belangrik** om te weet *waar* je net gan inhol.”

Dan is daar ook sinonieme vir die woord “moet” as ’n werkwoord gelys, ook onder “noodsaak”: noodsaak, dring, noop, stipuleer, vereis, moet, behoort (de Stadler, 1994:8). Die enigste twee van hierdie werkwoorde wat in hierdie konteks sin het is “moet” en “behoort”: “Ma’ je **moet** weet *waar* je net gan inhol.” of “Ma’ je **behoort te** weet *waar* je net gan inhol.”.

Die woord “moet” dra ook die betekenis “gedwonge” en sinonieme daarvoor in hierdie konteks sluit die volgende in: (bynaamwoord) gedwonge, verplig, noodgedwonge, noodsaaklik, beslis, essensieel (de Stadler, 1994:226). Die volgende is ’n paar moontlike vertalings van die sin waarin van die sinonieme gebruik word:

“Ma’ je is **gedwonge om te** weet *waar* je net gan inhol.”;

“Ma’ je is **verplig om te** weet *waar* je net gan inhol.”; of

“Ma’ dis **essensieel om te** weet *waar* je net gan inhol.”.

Al hierdie vertalings is moontlik, maar die woord “moet” is tog ’n geskikte vertaling omdat dit die eenvoudigste taalgebruik is en die karakters nie vir hulle ingewikkelde taalgebruik bekend is nie. Die eenvoudiger taalgebruik is ook beter vir die jonger lesers: “Ma’ je **moet** weet *waar* je net gan inhol.”.

Hierdie vertaling na standaardtaal laat die identiteitsvormende element wegval, maar dit is wel moontlik om dit op ’n ander plek in die sin deur middel van kompensasie te plaas. In hierdie geval kan die woord “waar” na “wa” afgekort word en sodoende ’n identiteitsvormende element op ’n ander plek in die sin plaas: “Ma’ je **moet** weet **wa’** je net gan inhol.”

Vir hierdie woord is die subprosedure dus om na standaardtaal te vertaal maar om te kompenseer vir die identiteitsvormende element wat wegval deur standaardtaal in die bronteks op ’n ander plek in die sin na spreektaalspelling in die doelteks te vertaal. Die regte betekenis soos in die bronteks asook ’n identiteitsvormende element word na die Afrikaanse vertaling oorgedra.

4.4.1.5 (c) *sloshed*

“Especially when ye’re a wee bittie **sloshed**, . . .” (Pratchett, 2006:289)

Die woord “sloshed” is die slengwoord vir “drunk”. Die betekenis hier is dat die spreker ’n stelling maak van dit wat moontlik, of onmoontlik, is wanneer iemand ’n bietjie dronk is.

Die werkwoord “drunk” het die volgende sinonieme: laveer, pierewaai, swael, swawel (de Stadler, 1994:142). Dit is moontlik om enige een van hierdie vertalings te gebruik:

“Veral waner je ’n bietjietjie **gelaveer** is, . . .”;

“Veral waner je ’n bietjietjie **gepierewaai** het, . . .”;

“Veral waner je ’n bietjietjie **geswael** is, . . .”; of

“Veral waner je ’n bietjietjie **geswawel** is, . . .”.

“Laveer” is ’n seilvaartterm wat die betekenis oordra dat die persoon op ’n sigsag-manier beweeg en dus ’n moontlike aanduiding dat hy dronk is (Elektroniese WAT, 2013; Luther et al., 2015:719). Dit is nie ’n direkte verwysing na dronk-wees nie en dra dus nie werklik die regte betekenis oor om in die vertaling te gebruik nie.

Volgens die HAT is “pierewaai” se betekenis: “rinkink, jol, fuif” (Luther et al., 2015:978). Die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* definieer dit as volg: “Die tyd verwyl deur plesier op ’n enigins hedonistiese manier na te jaag, o.a. deur te fuif of te flankeer, soms sonder inagneming van goeie maniere, konvensionele gedragsreëls of moraliteit.” (WAT, 2013). Albei hierdie definisies dui nie direk op dronkenskap nie en word nie vir die vertaling gebruik nie.

Die woorde “swael” of “swawel” is meer van toepassing hier aangesien dit direk dui op iemand wat dronk is (Odendal & Gouws, 2005:1148). Die vertaling na een van hierdie twee terme is die vertaling na standaardtaal en dan val die identiteitsvormende element weg.

Die Afrikaans vir die woord “sloshed” volgens die Pharos Afrikaans-Engels/English-Afrikaans Woordeboek/Dictionary is die volgende: “(lekker) getrek, gaar, stukkend, gekait, smoordronk, hoog in die takke” (du Plessis, 2005:1367) en in dieselfde woordeboek word “gekait” as informele taalgebruik geïdentifiseer: “**ge•kai**t (*infml.*) pie-eyed, sloshed, smashed, stoned” (du Plessis, 2005:169). Om dus die identiteitsvormende element en betekenis te behou, is dit moontlik om die woord met “gekait” te vertaal: “Veral waner je ’n bietjietjie **gekait** is, . . .”.

Die subprosedure hier is dus om met informele taalgebruik te vertaal om sodoende die betekenis sowel as ’n identiteitsvormende element na die Afrikaanse vertaling oor te dra.

4.4.1.6 Dialek

In die teks is daar woordeskat gebruik wat as dialek gedefinieer word. Woorde wat in hierdie kategorie voorkom, sluit die volgende in: “agin, didja, hadna, hag” en “hisself”.

Aangesien daar reeds besluit is dat daar nie met ’n doeltaaldialek vertaal gaan word nie, word geen moontlike vertaling na Afrikaanse dialekte hieronder bespreek nie. Hierdie identiteitsvormende element moet dus in elke geval met ’n ander identiteitsvormende element vervang word, indien moontlik.

Die woorde wat hier bespreek word is “hag”, “agin” en “didja”.

4.4.1.6 (a) *hag*

“We dinna use bad language in front o’ a **hag!**” Rob Anybody thundered. (Pratchett, 2006:127)

Die woord “hag” word deur die Nac Mac Feegles gebruik om Tiffany en haar ouma te beskryf, aangesien hulle haar sowel as die ouma as die hekse van die land beskou. Die betekenis van die woord hier is dus “witch” (Oxford University Press, 2016; Dictionary.com, 2016) maar is nie neerhalend bedoel nie, al word “hag” ook as neerhalend gedefinieer. Die Nac Mac Feegles het ongelooflike respek vir hekse en sal hulle nooit doelbewus beledig nie.

Die Afrikaanse vertaling van die woord “hag” is feeks, heks, helleveeg, wyf of lelike vroumens” (du Plessis, 2005:1036). Die gebruik van hierdie woorde sal die volgende vertalings lewer:

“Os gebruik ’ie vuil taal voor ’n **feeks** ’ie!” bulder Pier Enigiemand.;

“Os gebruik ’ie vuil taal voor ’n **heks** ’ie!” bulder Pier Enigiemand.;

“Os gebruik ’ie vuil taal voor ’n **helleveeg** ’ie!” bulder Pier Enigiemand.;

“Os gebruik ’ie vuil taal voor ’n **wyf** ’ie!” bulder Pier Enigiemand.; of

“Os gebruik ’ie vuil taal voor ’n **lelike vroumens** ’ie!” bulder Pier Enigiemand.

“Lelike vroumens” dra glad nie die regte betekenis oor nie aangesien dit beledigend is. Die vertaling is ook onnatuurlik en sal nie ’n geskikte vertaling wees nie. Die woorde “feeks”, “helleveeg” en “wyf” dra almal negatiewe konnotasies en word dus ook nie vir die vertaling gebruik nie.

Wanneer die betekenis van die woord binne konteks in ag geneem word, is die beste vertaling hier “heks” omdat hulle nie werklik beledigend probeer wees nie. Dit is eenvoudig net die woord wat hulle gebruik om na die heks te verwys.

Die probleem met die gebruik van die woord “heks” is dat dit reeds deurgaans gebruik word om die woord “witch” in die teks te vertaal. Die identiteitsvormende element sal dus wegval met die gebruik van die woord “heks” en dit is ook net ’n vertaling na standaardtaal.

Tiffany hou nie van die woord “hag” nie; dit het dus vir haar ook ’n negatiewe konnotasie. Daarom kan daar weer na die drie vertalings gekyk word wat wel ’n negatiewe konnotasie dra, naamlik “feeks”, “helleveeg” en “wyf”. “Wyf” is ’n neerhalende woord vir ’n vrou (Luther et al., 2015:1605) en volgens die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal (WAT)* (WAT, 2013) en die HAT (Luther et al., 2015:436) dra die woord “helleveeg” die betekenis van boosaardig en kwaadaardig. Die betekenis van die magiese heks gaan met albei hierdie twee woorde verlore en is dus nie geskik vir hierdie vertaling nie.

Die woord “feeks” is hier die beste vertaling omdat dit die betekenis van die magiese heks sowel as ’n identiteitsvormende element oordra, naamlik die gebruik van ’n onvanpaste, negatiewe woord vir iets wat nie negatief is nie. Die finale vertaling lyk dus soos volg: “Ôs gebruik ’ie vuil taal voor ’n **feeks** ’ie!” bulder Pier Enigiemand.

Die subprosedure wat hier gebruik word is vertaling na standaardtaal, maar in die konteks kan dit steeds as ’n identiteitsvormende element dien. Die woord word slegs in die Nac Mac Feegles se dialoog as ’n sinoniem vir die woord “heks” gebruik, en karakteriseer dus die Feegle-karakters.

4.4.1.6 (b) *agin*

“But I beg ye not to use it **agin** me!” (Pratchett, 2006:103)

Die Engelse betekenis van die woord is “against” (Oxford University Press, 2016; Dictionary.com, 2016). Die moontlike vertalings van die woord “against” is die volgende: “teen; teë; tot nadeel van; strydig met; jeens” (du Plessis, 2005:760).

Die moontlike vertalings van hierdie teksgedeelte is die volgende:

“Ma’ ek smeeek je om dit ’ie **teen** my te gebruik ’ie!”;

“Ma’ ek smeeek je om dit ’ie **teë** my te gebruik ’ie!”;

“Ma’ ek smeeek je om dit ’ie **tot my nadeel** te gebruik ’ie!”;

“Ma’ ek smeeek je om dit ’ie **jeens** my te gebruik ’ie!”; of

“Ma’ ek smeeek je om dit ’ie **in stryd met/strydig met** my te gebruik ’ie!”.

Die woorde “strydig met” het wel die regte betekenis maar dit gaan nie sin hê om hierdie woorde te gebruik nie omdat dit ’n onnatuurlike vertaling lewer.

Die woord “teë” dra nie die regte betekenis oor nie. Dit word gedefinieer as “afkeurend, vyandig teenoor iemand of iets”, “sat van, moeg vir” en “ongunstig” (Odendal & Gouws, 2005:1164). Dit word dus ook nie in die vertaling gebruik nie.

Die natuurlikste vertaling om hier te gebruik is “teen”. Die tweede betekenis van “teen” in die HAT is “in stryd met” (Luther et al., 2015:1323) en dus die betekenis wat hier oorgedra moet word. Wanneer hierdie woord gebruik word, sal die vertaling in standaardtaal wees en die identiteitsvormende element sal wegval. Dieselfde geld vir die gebruik van “tot my nadeel”, naamlik die regte betekenis word oorgedra, maar die identiteitsvormende element gaan verlore.

Die woord “jeens” word gedefinieer as ’n deftige woord vir “teenoor, teen, ten opsigte van” (Luther et al., 2015:553). Met die gebruik van “jeens” sal die regte betekenis dus oorgedra word en ’n identiteitsvormende element sal weer aan die woord gegee word, naamlik die gebruik van deftige taal. Die probleem is dat die Nac Mac Feegles nie bekend is vir deftige of formele taal nie. Dit sal ’n teenstrydige identiteitsvormende element aan die dialoog gee.

Dit is dus nodig om hierdie term met die standaardtaalwoord “teen” te vertaal. ’n Moontlike oplossing om weer ’n identiteitsvormende element oor te dra, is om te kompenseer deur die voorafgaande woorde met spreektaal spelling te skryf: “Ma’ ek smeeek je **ommit ’ie teen** my te gebruik ’ie!”.

Die subprosedure wat hier gebruik is, is vertaling na standaardtaal met kompensasië. Die kompensasië word hier na die paar voorafgaande woorde verskuif deur die standaardbrontaaltekste te vertaal en dan die doeltaaltekste se standaardtaal se spelling te verander sodat dit spreektaal aandui. In hierdie geval is die betekenis oorgedra en ’n identiteitsvormende element is na die doeltaaltekste oorgedra.

4.4.1.6 (c) *didja*

“**Didja** kill her?” (Pratchett, 2006:346)

Volgens die woordeboeke is hierdie woord die samevoeging van die woorde “did you” (Urban Dictionary, 2016; LoveToKnow Corp., 2016) en word ook gedefinieer as “eye dialect” (LoveToKnow Corp., 2016). Die betekenis in die konteks is “did you” en kan maklik vertaal word met die Standaardafrikaans “het jy”: “**Het jy** haar doodgemaak?”

Wanneer dit so vertaal word, val die identiteitsvormende element weg. Om weer 'n identiteitsvormende element aan die dialoog te gee, is dit moontlik om die “jy” met die Nederlandse “je” te vertaal soos in die geval van die vertaling van die Glasgowse woord “ye”. Dit sal dan die volgende vertaling lewer: “**Het je** haar doodgemaak?”

Dit is moontlik om die identiteitsvormende element nog verder te voer deur die gebruik van kompensasie. Die standaardbrontaalwoord “her” kan met die spreektaalspelling van die woord “haar”, naamlik “ha”, vertaal word om die identiteitsvormende element te versterk: “**Het je ha** doodgemaak?”

Die subprosedure wat hier gebruik is, is dus die vertaling na Nederlands en die gebruik van kompensasie om die betekenis sowel as 'n identiteitsvormende element na die doelteks oor te dra.

4.4.1.7 Niestandaardtaal

In die teks kom daar twee woorde voor wat as niestandaardtaal gedefinieer kan word, naamlik “borned” en “mammy”.

4.4.1.7 (a) *borned*

“The bairns are really wee when they’re **borned**, like little peas in a pod.” (Pratchett, 2006:162)

Hierdie woord is 'n niestandaardvorm van die woord “born” (Urban Dictionary, 2016; LoveToKnow Corp., 2016). Daar is nie 'n ander betekenis aan verbonde nie en die definisie “existing as a result of birth” (Oxford University Press, 2016) is dus die betekenis wat hier oorgedra moet word.

Die standaardvertaling van die woord “born” is “gebore” (du Plessis, 2005:818). Daar bestaan 'n hele paar sinonieme vir “gebore” waarna gekyk kan word. Die sinonieme wat gegee word vir “gebore” onder die betekenis “ontstaan” is die volgende: “herkomstig, pasgebore, embrionaal” (de Stadler, 1994:11).

“Pasgebore” kan moontlik gebruik word: “Die babakies is regtig piepklein waner hulle **pasgebore** is, soos ertjietjies op 'n ry.” Die probleem hier is dat dit nie heeltemal die regte betekenis is nie omdat die bronteksbetekenis na die aksie van geboorte verwys en nie na 'n staat van pasgebore wees nie.

Die sinonieme “herkomstig” en “embrionaal” is nie bruikbaar in hierdie geval nie omdat dit nie die regte betekenis oordra nie. Dit gaan hier oor die fisiese geboorte van ’n kind en dié twee woorde pas beter by die beskrywing van die ontstaan van iets soos ’n plan. Die woord “embrionaal” is ’n wetenskaplike term wat ’n staat van die baba voor geboorte beskryf.

Onder die betekenis “voortplant” word die volgende sinonieme gegee: “gebore word, baar, kraam, beval, induseer, ontvang, verlos, ’n kind baar, . . .” (de Stadler, 1994:85). Die meeste van hierdie woorde beskryf die staat van die ma tydens geboorte en word dus nie vir die vertaling gebruik nie.

Die standaardvertaling “gebore” is die beste vertaling in hierdie geval om die regte betekenis na die doelteks oor te dra. ’n Identiteitsvormende element kan ook oorgedra word na die vertaling deur die spelling van die woord te verander. Die woord sal dus verstaan word, maar dit is nie ’n egte Afrikaanse woord nie: “Die babakies is regtig piepklein waner hulle **bebore** word, soos ertjietjies op ’n ry.”

Die subprosedure hier is dus die vertaling na spreektaalspelling. Die betekenis word oorgedra en ’n identiteitsvormende element word na die doelteks oorgedra.

4.4.1.7 (b) *mammy*

“When they wakes up, they thinks he’s their **mammy** and’ll do his biddin’.” (Pratchett, 2006:183)

Die woord “mammy” het twee betekenisse. Die eerste betekenis is dat dit die informele woord is wat deur kinders gebruik word vir “mother” en die tweede betekenis is ’n neerhalende woord wat ’n swart vrou beskryf wat wit kinders oppas (Oxford University Press, 2016; LoveToKnow Corp., 2016; Farlex Inc., 2016). In die konteks is dit moontlik dat albei betekenisse van toepassing kan wees.

Die Pharos Afrikaans-Engels/English-Afrikaans Woordeboek/Dictionary gee die volgende vertaling: “(infml.) **mammie**; (Am., hist., neerh.) **aia**, **nenna**, **nêne**” (du Plessis, 2005:1140). Dit is dus moontlik om al hierdie woorde vir die vertaling te gebruik:

“Waner hul wakker word, dink hul hy’s hul **mammie** en doen alles wat hy sê.”;

“Waner hul wakker word, dink hul hy’s hul **aia** en doen alles wat hy sê.”;

“Waner hul wakker word, dink hul hy’s hul **nenna** en doen alles wat hy sê.”; of

“Waner hul wakker word, dink hul hy’s hul **nêne** en doen alles wat hy sê.”.

Met die teikenlesers in gedagte, naamlik jonger lesers, is dit moontlik dat hulle nie die tweede betekenis van die woord ken nie en dat die oorspronklike betekenis sal verlore raak aangesien hulle nie die ander Afrikaanse woorde ken nie. Dit word dus nie voorgestel om die woorde “aia”, “nenna” of “nêne” te gebruik nie.

Wanneer na die sinonieme vir “mammie” gekyk word, word die volgende moontlike vertalings geïdentifiseer: ma, mama, mams, moeder, moedertjie en moer (de Stadler, 1994:87). Die volgende is die moontlike vertalings wat gelewer word:

“Waner hul wakker word, dink hul hy’s hul **ma** en doen alles wat hy sê.”;

“Waner hul wakker word, dink hul hy’s hul **mama** en doen alles wat hy sê.”;

“Waner hul wakker word, dink hul hy’s hul **mams** en doen alles wat hy sê.”;

“Waner hul wakker word, dink hul hy’s hul **moeder** en doen alles wat hy sê.”;

“Waner hul wakker word, dink hul hy’s hul **moedertjie** en doen alles wat hy sê.”; of

“Waner hul wakker word, dink hul hy’s hul **moer** en doen alles wat hy sê.”.

Die woord “moer” word ook geïdentifiseer as is ’n plat woord en word nie voorgestel vir die vertaling nie (Luther et al., 2015:805). Dit sal dalk ook verwarrend wees aangesien dit nie meer ’n algemene bekende noemnaam vir ’n moederfiguur is nie.

In teenstelling met “moer” is “moeder” ’n baie deftige woord vir “ma” (Luther et al., 2015:803). Die Nac Mac Feegles is nie berug daarvoor om deftige taalgebruik te hê nie, daarom is dit ook nie die beste vertaling om in hierdie teks te gebruik nie.

Die woorde “moedertjie” en “mams” is woorde wat baie liefdevolle betekenis dra (WAT, 2013; Odendal & Gouws, 2005:694, 727). Dit is wel moontlik om dit in hierdie konteks vir die vertaling te gebruik, maar dit kom voor soos woorde wat iemand in ’n intieme verhouding teenoor ’n moederfiguur sal gebruik, nie werklik in die derdepersoon nie.

Die woord “mama” word gedefinieer as ’n gemeensame woord en is minder gebruiklik (WAT, 2013). Dit is wel Standaardafrikaans, maar aangesien dit nie ’n woord is wat gereeld gebruik word nie, is dit moontlik dat dit iets van die spreker se identiteit kan oordra. Om hierdie identiteit meer te beklemtoon, kan die sin verander word om die spreektaal te beklemtoon: “Waner hul wakker word, dink hul hy’s **die mama** en sal **als** doen wat hy sê.”

Die subprosedure hier is dus om met standaardtaal met kompensasie te vertaal. Die standaardtaalwoord word nie baie gebruik nie en spreektaalspelling word vir woorde verder in die sin gebruik. Die betekenis en 'n identiteitsvormende element word na die vertaling oorgedra.

4.4.1.8 Brabbeltaal (“gibberish”)

Daar is 'n paar woorde wat geïdentifiseer is wat nie woordeboekbetekenisse het nie, of waarvan die woordeboekbetekenis nie op die teks van toepassing is nie. Die woorde kom nie in enige van die geraadpleegde woordeboeke voor nie. In sommige gevalle kom die woorde, of dele daarvan, wel voor, maar die betekenis soos dit in die teks gebruik word is duidelik anders. Woorde in hierdie kategorie is die volgende: “bigjob(s), gummer, scraffin’, washoon, trakkans” en “topher”.

Die woorde wat gekies is vir bespreking is “bigjob(s)”, “scraffin’” en “trakkans”.

4.4.1.8 (a) *bigjob(s)*

*“All these **bigjobs** look just the same tae me!”* (Pratchett, 2006:127)

Die woord “bigjob” soos dit in hierdie konteks gebruik word bestaan nie. Daar bestaan wel 'n databeheerstelsel met die naam BigJob maar dit is nie wat hier bedoel word nie (The SAGA Project, 2013). Daar word afgelei dat dit die term is wat deur die Feegles gebruik word om na mense te verwys wat nie “pictsies” is nie. Die betekenis hier is dus “iemand wat van die menseras is en nie van die pictsieras nie”.

Die woord is 'n samestelling van twee Engelse woorde, naamlik “big” en “job”. Die twee woorde bestaan wel as 'n informele vaste uitdrukking in Engels: “A euphemistic way of referring to faeces or defecation” (Oxford University Press, 2016), maar dit is ook nie die regte betekenis hierdie nie. Daar bestaan wel die moontlikheid dat die Feegle-karakters hierdie benaming gebruik omdat hulle op mense neersien en dit 'n beledigende term teenoor mense is. Daar is egter geen bewyse hiervoor nie en dié betekenis word dus nie verder bespreek nie.

Die woordlengte moet ook in ag geneem word. “Bigjob” is 'n kort woord en dit sê maklik omdat dit 'n kort woord is. Die vertaling behoort nie 'n lang woord te wees nie aangesien dit die leesbaarheid van die teks sal belemmer.

Die woord “big” is belangrik omdat dit die grootte van die mense teenoor die “pictsies” beklemtoon – “pictsies” is net 15 sentimeter lank; mense is daarom nogal groot in vergelyking met hulle. Hierdie deel van die betekenis behoort na die doelteks oorgedra te word. Die vertalings wat gelys is vir “big” is “groot” en “dik” (du Plessis, 2005:807). Van hierdie twee woorde is “groot” die woord wat die betekenis die beste sal oordra aangesien “dik” eerder na oorgewig as ’n grootte groter as die “pictsies” verwys.

Wanneer daar na die sinonieme vir die woord “groot” gekyk word met die betekenis van “(n) grootte”, word die volgende kort woorde geïdentifiseer wat moontlik oorweeg kan word: bakbees, bees, reus, kolos, titan, berg, homp, knewel, knikker, knul, bielie en gevaarte (de Stadler, 1994:158). Hierdie woorde behoort almal min of meer die “grootte”-betekenis van die woord “bigjob” oor te dra, maar nie een van die woorde dra werklik die regte gevoel oor nie. Hierdie woorde kom oordrewe voor en word nie vir die vertaling voorgestel nie.

Die woord “lummel” kom op as ’n mens aan ’n groot persoon dink. Die WAT definieer die woord as volg: “Groot, logge, dikw. ongemanierde, gemaksgtige, afknouerige of gewelddadige manspersoon of uitgegroeide seun” (WAT, 2013). Hierdie woord se nuanse is negatief genoeg om die Feegles se houding teenoor mense uit te beeld, maar nie so neerhalend dat dit beledigend is nie. ’n Moontlike vertaling vir die woord “big” is dus “lummels”.

Die derde definisie vir die woord “job” is as volg: “A thing of a specified nature” (Oxford University Press, 2016) met die voorbeeld “the car was a blue malevolent-looking job”. Dit kan wees dat die woord hierdie betekenis in die konteks het. Dit is moontlik dat daar informeel na mense verwys word as “jobs” en die “big” word vooraan geplaas slegs om te beklemtoon dat die mense groot in vergelyking met die “pictsies” is. Vir hierdie betekenis is daar nie ’n vertaling wat gebruik kan word nie. Die vertaling wat bestaan, is “ding” of “affêre” en albei hierdie terme is nie werklik gepas om as beskrywing vir mense te gebruik nie.

Wanneer na die “pictsies” se grootte verwys en hulle ongelooflike spoed in ag geneem word, is dit moontlik dat mense ook vir hulle stadig voorkom. Die volgende kort woorde wat as sinonieme vir “stadig” aangebied word, kan ook oorweeg word: traag, loom, lomp, log (de Stadler, 1994:77). Dit is moontlik om die betekenis van “job” te vervang met ’n verdere beskrywing van hoe die “pictsies” mense beskou en met die bogenoemde woorde vertaal.

Die term se vertaling sal dus 'n vertaling van die volgende twee betekenis wees: groot en stadig.

Met die bogenoemde inligting in gedagte is die volgende vertalings vir die sin moontlik:

“Al hierie **logge lummels** lyk vi my nettie selle!”;

“Al hierie **lompe lummels** lyk vi my nettie selle!”;

“Al hierie **trae lummels** lyk vi my nettie selle!”; of

“Al hierie **lome lummels** lyk vi my nettie selle!”.

Die drie woorde “logge”, “lompe” en “lome” werk goed omdat dit allitêreer, en enige een van die drie is 'n moontlike vertaling. Die gebruik van enige van hierdie opsies sal 'n standaardvertaling lewer en die identiteitsvormende element sal wegval.

Die vertaling is ook dubbel so lank soos die brontekswoord en belemmer die lees van die teks effens. Die woord kan korter gemaak word deur 'n samevoeging te vorm en dele van die woorde weg te laat om sodoende ook 'n nuwe woord te vorm. Deur dit te doen sal die identiteitsvormende element oorgedra word alhoewel dit 'n veranderde betekenis sal hê. Daar bestaan 'n hele paar moontlikhede waarvan 'n paar hier gelys word:

“Al hierie **loglums** lyk vi my nettie selle!”;

“Al hierie **lommels** lyk vi my nettie selle!”;

“Al hierie **lompels** lyk vi my nettie selle!”;

“Al hierie **trammels** lyk vi my nettie selle!”; of

“Al hierie **lomlums** lyk vi my nettie selle!”.

Van al hierdie opsies lees die woord “lommels” die maklikste en sal die lees van die teks die minste hinder. Die finale vertaling wat dus gekies word is: “Al hierie **lommels** lyk vi my nettie selle!”.

Die subprosedure hier is dus om te vertaal met 'n afgeleide woord wat gevorm is deur die samevoeging van twee woorde wat aan die term 'n sekere gevoel gee. Die betekenis gaan wel deels verlore, maar die identiteitsvormende element word na die vertaling oorgedra.

4.4.1.8 (b) *scraffin'*

“She said she wants yon cat to stop **scraffin'** the puir wee burdies.” (Pratchett, 2006:88)

Die woord “scraffin” is ’n werkwoord en dit is duidelik dat daar ’n “g” aan die einde van die woord weggelaat is en die woord “scraffing” behoort te wees. Hierdie woord bestaan nie in die Engelse of Skotse taal nie. Daar is drie betekenisse vir die slengwoord “scraff” maar nie een van hierdie betekenisse kan moontlik hier gebruik word nie. Die eerste betekenis is om in die publiek te urineer en die ander twee betekenisse het albei te make met die gebruik van dwelms (Urban Dictionary, 2016). In die *Dictionary of the Scots Language* kom die woord “skrauch” voor waarvan “scraff” ’n variante spelling is, maar dit beteken “to scream, shriek, shout” (Scottish Language Dictionaries Ltd., 2016).

Nie een van die bogenoemde betekenisse dra die betekenis van die woord oor soos dit in die teks gebruik word nie. Die woord in die teks het iets te make met die kat wat die voëltjies beseer. Die betekenis in hierdie konteks is dus “vang” of “jaag”.

Die vertaling na Standaardafrikaans van die woord se betekenis sal die volgende wees:

“Sy sê sy wil hê daai kat moet ophou ommie amre ou voëltjietjies te **vang**.” of

“Sy sê sy wil hê daai kat moet ophou ommie amre ou voëltjietjies te **jaag**.”.

Sinonieme vir die woord “vang” as ’n werkwoord onder die betekenis “gryp” en wat gebruik kan word vir die vertaling om die regte betekenis oor te dra is die volgende: gryp, pak en takel (de Stadler, 1994:65). Dit sal die volgende moontlike vertalings oplewer, wat ook almal Standaardafrikaans is:

“Sy sê sy wil hê daai kat moet ophou ommie amre ou voëltjietjies te **gryp**.”;

“Sy sê sy wil hê daai kat moet ophou ommie amre ou voëltjietjies te **pak**.”; of

“Sy sê sy wil hê daai kat moet ophou ommie amre ou voëltjietjies te **takel**.”.

Die gebruik van die woord “gryp” dra wel die regte betekenis oor, maar dit lewer nie ’n natuurlike vertaling nie aangesien die woorde “krap” of “vang” eerder as die woord “gryp” met katte geassosieer sal word. Die woord klink meer na ’n woord wat gebruik moet word by die beskrywing van ’n aksie deur ape of mense wat iets kan vat. Die woord word dus nie vir die vertaling gebruik nie.

Albei die woorde “pak” en “takel” is goeie vertalings en kan moontlik in die vertaling gebruik word. “Pak” word as volg gedefinieer: “aanval of beetpak” (WAT, 2013) en “gryp” (Luther et al., 2015:951). Die woord “takel” word gedefinieer as “stormloop, aanval, te lyf gaan” (Luther et al., 2015:1316). Die gebruik van albei hierdie woorde sal definitief die regte betekenis oordra en word as moontlikhede oorweeg. Die identiteitsvormende element sal wel verlore gaan.

As 'n werkwoord is die sinonieme vir die woord “jaag” wat gebruik kan word vir die vertaling die volgende: agternasit, ja en jae (de Stadler, 1994:11). Die volgende is dus ook moontlike vertalings, waarvan almal ook Standaardafrikaans is:

“Sy sê sy wil hê daai kat moet ophou ommie amre ou voëltjietjies **agterna te sit.**”;

“Sy sê sy wil hê daai kat moet ophou ommie amre ou voëltjietjies te **ja.**”; of

“Sy sê sy wil hê daai kat moet ophou ommie amre ou voëltjietjies te **jae.**”.

Wanneer die hele teks in ag geneem word, kom dit na vore dat die voëls nie altyd wegvlug en gejaag word nie, soms word hulle ook bekruipt. Die betekenis van die woorde “agternasit”, “ja”, “jae” asook dan “jaag” is dus nie heeltemal die regte betekenis wat hier oorgedra moet word nie. Om hierdie rede word dié woorde ook nie meer as moontlike vertalings geag nie.

Buiten die woorde “pak” en “takel” is daar nog 'n moontlike vertaling wat geïdentifiseer word. Die woord “skraap” dra ook die betekenis “agternasit; jaag; pak” (Luther et al., 2015:1165). Die gebruik van hierdie woord sal ook 'n vertaling na standaardtaal wees met die identiteitsvormende element wat verlore raak, maar die betekenis hier sluit albei die elemente van “vang” en “jaag” in. Om hierdie rede word dié woord vir die vertaling gekies: “Sy sê sy wil hê daai kat moet ophou ommie amre ou voëltjietjies te **skraap.**”

Die subprosedure wat hier gebruik word, is die vertaling na standaardtaal. Die identiteitsvormende element val wel weg maar die betekenis word steeds na die doelteks oorgedra.

4.4.1.8 (c) *trakkans*

“Ach, stick it up yer **trakkans!**” (Pratchett, 2006:193)

Die woord “trakkans” bestaan nie, maar die betekenis van hierdie sin is heel duidelik verstaanbaar – die spreker snou iemand iets neerhalends toe. Die Afrikaanse ekwivalent van hierdie uitdrukking, wat algemeen bekend is, is “Druk dit in jou gat op”, en die gebruik daarvan sal die volgende vertaling lewer: “Oeg, drukkit in je **gat** op!”.

Die HAT definieer die woord “gat” in hierdie konteks as plat taalgebruik (Luther et al., 2015:305). Die woord in hierdie konteks word oor die algemeen goed verstaan en die betekenis is baie duidelik. Aangesien hierdie teks vir jonger lesers bedoel is, word die gebruik van die woord “gat” nie in hierdie vertaling gebruik nie. Dit is te algemeen bekend as 'n baie kru woord.

Alternatiewe woorde wat gebruik kan word, is “hol” of “jis”: “Oeg, drukkit in je **hol** op!” of “Oeg, drukkit in je **jis** op!” Die woord “hol” word ook deur die HAT as plat gedefinieer (Luther et al., 2015:464). Dit is ook ’n algemeen bekende woord en is in algemene omgangstaal ’n sinoniem vir die woord “gat” in hierdie konteks. Dus, om dieselfde redes as die woord “gat”, word hierdie woord nie gebruik nie.

Die woord “jis” word wel ook gedefinieer as plat taalgebruik (Luther et al., 2015:555), maar die nuanse daaraan gekoppel is nie so kru soos die woorde “gat” en “hol” nie. Die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* definieer die woord as “sitvlak” of “agterwêreld” en noem dat dit ’n eufemisme is en ’n woord wat nie algemeen gebruik word nie. Die woord “jis” word gebruik vir hierdie vertaling omdat dit ’n eufemisme van die oorspronklike woord is, maar dieselfde betekenis dra. Die finale vertaling van hierdie sin is dus as volg: “Oeg, drukkit in je **jis** op!”.

Aangesien die woord “jis” nie algemeen gebruik word nie, kan dit as ’n identiteitsvormende element beskou word. Dit is wel nie so ’n sterk element nie, maar dit kan tog die karakterisering van die Nac Mac Feegles na die vertaling oordra.

Die subprosedure hier is om na standaardtaal te vertaal. Die identiteitsvormende element wat na die vertaling oorgedra word is die gebruik van ’n woord wat nie algemeen gebruik word nie en die betekenis word ook na die vertaling oorgedra.

4.4.2 Gebruik van niestandaardspelling

Daar word in die teks baie van niestandaardspelling van woorde gebruik gemaak om spreektaal aan te dui. Daar word van sowel die Standaardskots as Standaardengels afgewyk.

4.4.2.1 Gebruik van niestandaardspelling van aanvaarde Skotse woordeskat

Die teks bevat ook Skotse woord waarvan die spelling verander is. Die volgende woorde word in hierdie kategorie geïdentifiseer (die regte spelling word in hakies gegee): “bloustie (blastie), baccy (baccie), burdie (birdie), callyack (cailleach), cailey (ceilidh), chookie (choukie), doon (doun), hasna (haesna), hinny (hinnie), wasna (wisna), waily (walie), wheest (wheesht), wimmin (wumman/wummin)”.

Die drie woorde wat die meeste in die teks voorkom is “waily”, “doon” en “wasna”.

4.4.2.1 (a) *waily*

"Oh, waily, waily, waily! We're in trouble noo!" (Pratchett, 2006:74)

Die standaardspelling van hierdie Skotse woord is "walie" of "waly" en die betekenis daarvan is "an exclamation of sorrow" of "alas" (Scots-online.org, 2015; Scottish Language Dictionaries Ltd., 2016). Oral in die teks waar hierdie woord voorkom, is die woord se spelling verander om ook op die woord "wail" te sinspeel.

Vir die woord "alas" word die volgende moontlike vertalings gegee: "helaas; o wee" (du Plessis, 2005:764). Die woord "wail" kan vertaal word met "weeklaag, huil, kerm" (du Plessis, 2005:1496).

Wanneer "helaas" in die tesourus opgesoek word, word verwys na die sleutelbegrip "ernstig" (de Stadler, 1994:527). Onder hierdie sleutelbegrip is die sleutelterm "huil" wat die volgende moontlike vertalings gee wat in hierdie geval die regte betekenis sal oordra: ween, beweën, snik, snotter, tjank, grens, treur, betreur, rouklaag, weeklaag, lamenteer, jeremieer, kerm, neul en kreun (de Stadler, 1994:316-317).

Die woord "weeklaag" verwys ook na die sleutelbegrip "ernstig" en het dus dieselfde sinonieme as "helaas" (de Stadler, 1994:850). Daar word vir "weeklaag" ook na die sleutelbegrip "ontevrede" verwys (de Stadler, 1994:850). Hier word die volgende sinonieme geïdentifiseer onder die sleutelterm "klag": "gekla, gekanker, geknor, jeremiade, jammerdal, gemompel, gemor, gebrom, gesanik, prutsery, gepruttel, sug, weeklag . . ." (de Stadler, 1994:315). Onder die sleutelterm "ontevrede wees" is die volgende sinonieme geïdentifiseer: ". . . mishaag, verkwalik, protesteer, kaveer, appelleer, kla, beklaag, beklae, betreur, murmureer, jeremieer, kerm, neul, jammer, jammerklaag, weeklaag, sanik, mor, mopper, tjommel, prut, sug, steun" (de Stadler, 1994:315).

Die sinonieme wat hier bo voorgestel is het nie werklik die regte gevoel nie. Dit klink nie soos woorde wat in dialoog gebruik sal word nie, maar meer soos beskrywende woorde wat die dialoog sou beskryf. Die gevoel gaan verlore omdat hierdie woorde nie tussenwerpsels is nie, maar werkwoorde en selfstandige naamwoorde.

Indien slegs die betekenis van die woord in die konteks vertaal word, is dit maklik om te vertaal met "helaas" of "o wee" aangesien dit vir die teikenlesers verstaanbaar sal wees. Die woord "helaas" se betekenis is "uitroep van smart/leed/teleurstelling" (WATElektroniese WAT, 2013; Luther *et al.*,

2015:434) wat die regte betekenis is soos in die teks bedoel. Die volgende is dus moontlike vertalings:

“**O wee, o wee, o wee!** ôs is nu innie sop!”; of

“**O, helaas, helaas, helaas!** ôs is nu innie sop!”

Met die gebruik van een van hierdie twee opsies is die vertaling dus na standaardtaal en in standaardspelling vertaal en die identiteitsvormende element gaan verlore.

Die sinspeling kan wel oorgedra word na die vertaling deur die woorde “helaas” en “huil” te probeer kombineer: “**O, huilaas, huilaas, huilaas!** . . .”. Die probleem met hierdie moontlike vertaling is dat dit dalk nie so goed verstaanbaar sal wees nie aangesien dit nie ooglopend met “helaas” verbind word nie. Die spelling kan ook verander word na “heilaas” in plaas van “huilaas” om dit nader aan die spelling van “helaas” te hou: “**O, heilaas, heilaas, heilaas!** . . .” maar dan word die woord “heil” weer geïmpliseer wat nie die regte betekenis oordra nie.

’n Ander alternatief is om “o wee” en “ween” te kombineer: “**O ween, o ween, o ween!** ôs is nu innie sop!”. Hierdie kombinasie is ’n manier om die betekenis, die identiteitsvormende element en die woordspeling na die doelteks oor te dra. Hierdie vertaling is in die konteks ’n baie goeie vertaling omdat dit maklik verstaanbaar is en al die elemente van die bronteks oordra.

Die subprosedure hier is dus om te vertaal na ’n kombinasie van ’n vaste uitdrukking en ’n woord wat die betekenis van die brontekswoorde oordra en ook die woordspeling moontlik maak.

4.4.2.1 (b) doon

“An’ they willna let me play **doon** there on account o’ them sayin’ my playin’ sounds like a spider tryin’ to fart through its ears, mistress.” (Pratchett, 2006:177)

Die woord “doon” se spelling is die niestandaardspelling van die Skotse woord “doun”. Die betekenis van die woord is “down” (Scots-online.org, 2015; Scottish Language Dictionaries Ltd., 2016).

Die moontlike vertalings vir die Engelse woord is die volgende: “afgaande; af, neer, ondertoe, na onder, afwaarts; afdraand . . .” (du Plessis, 2005:931). Vir die betekenis van die woord in die konteks van die sin om korrek na die doelteks oorgedra te word, is die vertalings “ondertoe” en “na onder” die enigstes wat werklik die betekenis van “onder die grond” sal kan oordra. Die volgende vertaling word voorgestel om die regte betekenis oor te dra: “En hulle willie dat ek da’ **onder** speel ’ie, . . .”. Hierdie vertaling is na standaardtaal vertaal en die identiteitsvormende element gaan verlore.

Om nog moontlike vertalings te identifiseer word sinonieme vir “onder” ondersoek: “onder, daaronder, hieronder, waaronder, onderdeur” (de Stadler, 1994:26) en “onder, waaronder, benede, onderkant, hierbenede, daarbenede, onderaan, onderin, onderom, onderuit, onderdeur” (de Stadler, 1994:28).

In die konteks van die sin is die woord “benede” eintlik die enigste sinoniem wat die regte betekenis na die doeltaal oordra: “En hulle willie dat ek **benede** speel ’ie, . . .”. Die woord word gedefinieer as “ietwat deftig” (Luther et al., 2015:97) en is daarom nie die beste vertaling in hierdie geval nie. Dit word dus voorgestel dat die woord “onder” gebruik word omdat dit eenvoudig is en die doelttekslesers dit maklik sal verstaan.

Om ’n identiteitsvormende element na die doeltteks oor te dra, is dit moontlik om die woord “onder” in spreektaalspelling te skryf: “En hulle willie dat ek da’ **onner** speel ’ie, juffer, omlat hulle sê dit klink soos ’n spinnekop wat deur sy ore pribeer poep.”

Die subprosedure hier is dus om na ’n woord met spreektaalspelling te vertaal om die betekenis en ’n identiteitsvormende element na die doeltteks oor te dra.

4.4.2.1 (c) *wasna*

“We **wasna** there!” . . . “We **wasna** even in the country!” (Pratchett, 2006:337)

Die standaard Skotse spelling vir hierdie woord is “wisna” en dit is die samevoeging van die woorde “was not” (Scots-online.org, 2015). Die betekenis hier is die spreker wat ontken dat hy op ’n spesifieke plek was.

Die standaardvertaling vir “was not” wat hier gebruik kan word, is “was nie”. Die identiteitsvormende element val weg met die gebruik van hierdie vertaling: “Ôs **was nie** daa nie!” . . . “Ôs **was nie** ees innie land ’ie!”

’n Identiteitsvormende element kan weer na die Afrikaanse vertaling oorgedra word deur die woorde te assimileer en die spreektaalspelling “wassie” te gebruik om die volgende vertaling te lewer: “Ôs **wassie** daa nie!” . . . “Ôs **wassie** ees innie land ’ie!”.

Die betekenis sowel as ’n identiteitsvormende element word na die doeltteks oorgedra deur van spreektaalspelling as die subprosedure gebruik te maak.

4.4.2.2 Gebruik van niestandaardspelling van Engelse woorde

In die teks is die dialoog van die Nac Mac Feegles besaai met Engelse woorde met niestandaardspelling. Baie van hierdie woorde word op hierdie manier geskryf om spreektaal aan te dui.

4.4.2.2 (a) Verkorting van woorde deur weglating van letters aan die einde van die woord

Daar is woorde in die teks waarvan letters aan die einde van die woorde weggelaat is om spreektaal aan te dui. Die woorde wat geïdentifiseer is in hierdie kategorie is die volgende: “an’, awfu’, choppin’, gi’, goin’, goo’, ha’, hungerin’, mak’, lowlan’s, snivelin’, tak” en “theirsell”.

Die volgende drie woorde kom die meeste in die teks voor en is gekies vir bespreking: “an’”, “ha’” en “tak”.

4.4.2.2 (a)(i) *an’*

“**An’** so should we, kelda, afore the dream changes.” (Pratchett, 2006:290)

Die woord wat hier gebruik word is die verkorting van die woord “and”. Die betekenis van die woord in hierdie geval is “to connect two clauses when the second refers to something that happens after the first” (Oxford University Press, 2016). Die koningin van feetjieland het reeds die droom verlaat en die spreker meen hulle behoort dit ook te doen.

Die vertaling daarvan is “en” (du Plessis, 2005:770). Dit is ’n standaardtaalwoord en nie prakties moontlik om te verkort nie, aangesien dit slegs ’n tweeletterwoord is. Die standaardvertaling hier is dus die volgende: “**En** ôs moet ook, kelda, voor’ie droom verander.” Met hierdie vertaling val die identiteitsvormende element weg.

Deur die spelling van ander woorde in die sin te verander na spreektaalspelling, is dit moontlik om ’n identiteitsvormende element na die vertaling oor te dra. Die volgende vertaling is moontlik: “**En** ôs moet **ôk**, kelda, voor’ie droom **viranner**.”

Die subprosedure wat hier gebruik word is vertaling na standaardtaal met kompensasië op ’n ander plek in die sin. Die betekenis word oorgedra en ’n identiteitsvormende element word ook geskep.

4.4.2.2 (a)(ii) *ha'*

“Ye definitely **ha'** got the makin's of a kelda, mistress,” (Pratchett, 2006:202)

“Ha” is die verkorting van die Engelse woord “have”. Vir die vertaling moet die volgende woord “got” ook in ag geneem word om die betekenis te bepaal. Die woord word as volg gedefinieer: “(also **have got**) Show (a personal attribute or quality) by one's actions or attitude” (Oxford University Press, 2016).

Die vertaling hiervan in die konteks van die sin is “hê” of “besit” (du Plessis, 2005:1043). Die spreker meen dat die hoofkarakter in besit is van die potensiaal om 'n kelda te wees en dit is die betekenis wat oorgedra behoort te word.

Volgens die *Groot Tesaurus van Afrikaans* (de Stadler, 1994:292) bestaan die volgende sinonieme vir die betekenis “besit” wat in hierdie konteks gebruik kan word: besit, hê, in besit wees van en beskik. Die gebruik van hierdie woorde lewer die volgende vertalings:

“Je **besit** definitief die potensiaal om kelda te wees, juffer,”;

“Je **het** definitief die potensiaal om kelda te wees, juffer,”;

“Je **is** definitief **in besit van** die potensiaal om kelda te wees, juffer,”; of

“Je **beskik** definitief **oor** die potensiaal om kelda te wees, juffer,”.

Die gebruik van die woorde “in besit van” en “beskik oor” word nie aangeraai nie aangesien dit onnatuurlik en lomp klink. Die ander twee vertalings is wel moontlik en indien hulle gekies word, word daar slegs na standaardtaal vertaal. Die gebruik van slegs die woord “het” is die natuurlikste vertaling en word om hierdie rede bo die ander moontlikhede voorgestel.

Die identiteitsvormende element kan ook na die doeltaal oorgedra word deur die sinskonstruksie te verander: “Je **het'it def'nitief** in je om kelda te wees, juffer,”. Die woord “ha” word dan met die standaardtaalwoord “het” vertaal, maar word geassimileer met die daaropvolgende woord en vir die woord “definitief” word spreektaalspelling gebruik.

Vir hierdie vertaling is die subprosedure dus die vertaling na standaardtaal met kompensasië elders. Die kompensasië is die assimilasië en die spreektaalspelling van woorde. Deur hierdie subprosedure te gebruik word sowel die betekenis as 'n identiteitsvormende element oorgedra.

4.4.2.2 (a)(iii) *tak'*

"I dinna think I can **tak'** much more o' this," he said, trying to untie a couple of thin bits of wood from his arms. (Pratchett, 2006:126)

Hierdie woord is die verkorting van die woord "take". Die betekenis van die woord in dié konteks is: "tolerate, or endure" (Oxford University Press, 2016).

Die moontlike vertalings van die woord "take" in hierdie konteks is "vat", "verdra" of "verduur" (du Plessis, 2005:1419). Al drie hierdie vertalings sal in die konteks die regte betekenis oordra en sal ook die volgende vertalings na standaardtaal tot gevolg hê:

"Ek dink 'ie ek ka' nog meer hie'van **vat** nie,";

"Ek dink 'ie ek ka' nog meer hie'van **verdra** nie,"; of

"Ek dink 'ie ek ka' nog meer hie'van **verduur** nie,".

Wanneer die sinonieme van "verdra" en "verduur" opgesoek word, kom die volgende moontlike vertalings wat ook gebruik kan word na vore: ontbeer, duld, dra, deurstaan, ondergaan (de Stadler, 1994:313). Die gebruik van enige van hierdie sinonieme sal ook die regte betekenis oordra en sal ook vertaling na standaardtaal wees. Die volgende is dus ook moontlike vertalings:

"Ek dink 'ie ek ka' nog meer hie'van **ontbeer** nie,";

"Ek dink 'ie ek ka' nog meer hie'van **duld** nie,";

"Ek dink 'ie ek ka' nog meer hie'van **dra** nie,";

"Ek dink 'ie ek ka' nog meer hie'van **deurstaan** nie,"; of

"Ek dink 'ie ek ka' nog meer hie'van **ondergaan** nie,".

Uit hierdie vyf moontlike vertalings, is die gebruik van "duld" en "deurstaan" die natuurlikste vertalings. Die ander drie woorde klink onnatuurlik en word nie vir die vertaling voorgestel nie.

Wanneer die Nac Mac Feegle-karakters se eenvoudigheid in ag geneem word, is die gebruik van die woord "vat" die beste vertaling hier aangesien hulle nie regtig groot en ingewikkelde woorde gebruik nie. Om die identiteitsvormende element ook na die doeltaal oor te dra, is dit moontlik om die woord te laat assimileer met die woord "nie" wat daarop volg: "Ek dink 'ie ek ka' nog meer hie'van **vattie**,".

Die subprosedure wat hier gebruik word is vertaling na die standaardtaalwoord in spreektaalspelling. Deur dit te doen word die betekenis en 'n identiteitsvormende element na die doelteks oorgedra.

4.4.2.2 (b) Verkorting van woorde deur weglating van letters in die middel van die woord

Woorde in die Feegle-karakters se dialoog word soms verkort deur letters in die middel van die woord weg te laat. Die woorde in hierdie kategorie is die volgende: “e’en, prob’ly, prop’ly, reck’ning, mem’ry, nat’ral, ne’er, t’ousand, pris’n” en “e’er”.

Vir bespreking is die volgende woorde gekies: “e’en”, “pris’n” en “t’ousand”.

4.4.2.2 (b)(i) *e’en*

“Not **e’en** Granny Aching ever went to see the kelda in her ain cave!” (Pratchett, 2006:129)

Die woord “e’en” is die verkorting van die woord “even”. In die konteks van die sin word hierdie woord gebruik “to emphasise something surprising or extreme” (Oxford University Press, 2016). Die spreker stem nie saam met ’n voorafgaande stelling nie aangesien dit iets is wat nog nooit gebeur het nie.

Die vertaling van die woord in hierdie konteks is “selfs”, “eens” of “eers” (du Plessis, 2005:960). Enige een van hierdie drie woorde is ’n moontlike vertaling en sal dan vertaling na standaardtaal wees. Die gebruik van enige van die opsies sal die volgende vertalings lewer:

“**Selfs** nie Oumie Verweerd hettie kelda in haa ei grot kom sien ’ie;

“Nie **eens** Oumie Verweerd hettie kelda in haa ei grot kom sien ’ie; of

“Nie **eers** Oumie Verweerd hettie kelda in haa ei grot kom sien ’ie.

Enige een van die bogenoemde vertalings sal die regte betekenis na die doelteks oordra. Om ook ’n identiteitsvormende element oor te dra sal die beste opsie die woord “eers” wees. Die spelling van die woord word dan na spreektaalspelling verander om ’n identiteitsvormende element te skep: “Nie **ees** Oumie Verweerd hettie kelda in ha’ ei grot kom sien ’ie.”

Die subprosedure wat hier toegepas is, is om met spreektaalspelling te vertaal. Dit verseker dat die betekenis sowel as ’n identiteitsvormende element na die teks oorgedra word.

4.4.2.2 (b)(ii) *pris’n*

“Aye, a body can be put in the pris’n if they have written evidence.” (Pratchett, 2006:114)

“Pris’n” is die verkorting van die woord “prison” en die betekenis binne die konteks is die volgende: “A building in which people are legally held as a punishment for a crime they have committed or while awaiting trial” (Oxford University Press, 2016).

Die moontlike vertalings wat hier vir die woord “prison” gebruik kan word, is “gevangenis” of “tronk” (du Plessis, 2005:1260). Die Groot Tesourus van Afrikaans (de Stadler, 1994:238) verwys na die betekenis “onvryheid” en gee die volgende moontlike vertalings vir die woord: gevangenis, tronk, tjoekie, tronksel en sel. Hierdie vertaalmoontlikhede sal die volgende vertalings lewer:

“n Lyf kan innie **gevangenis** beland as hulle geskrewe bewyse het.”;

“n Lyf kan innie **tronk** beland as hulle geskrewe bewyse het.”;

“n Lyf kan innie **tjoekie** beland as hulle geskrewe bewyse het.”;

“n Lyf kan innie **tronksel** beland as hulle geskrewe bewyse het.”; of

“n Lyf kan innie **sel** beland as hulle geskrewe bewyse het.”.

Enige van hierdie vertalings is moontlik en sal die regte betekenis na die doeltteks oordra. Dit is wel die vertaling na standaardtaal maar die identiteitsvormende element sal wegval.

Om ’n identiteitsvormende element na die vertaling oor te dra, word die woord “tjoekie” voorgestel. Die woord word as geselstaal gedefinieer (Odendal & Gouws, 2005:1344) en die gebruik daarvan kan dus ’n identiteitsvormende element wees. Dit is nie so ’n duidelike element soos van die ander nie, maar sal tog ’n invloed op die karakterisering hê.

Die subprosedure wat hier gebruik word is die vertaling na spreektaal. Die gebruik van hierdie subprosedure verseker dat die betekenis sowel as ’n identiteitsvormende element na die doeltteks oorgedra word.

4.4.2.2 (b)(iii) t’ousand

“There can only be one t’ousand!” (Pratchett, 2006:193)

Hierdie woord is die verkorting van die woord “thousand” en die betekenis lui “(t)he number equivalent to the product of a hundred and ten” (Oxford University Press, 2016). Die spreker hier noem ’n sekere vaste hoeveelheid wat sinspeel op die rolprent *Highlander*, waar die “onsterflike” karakters skree: “There can be only one!” nadat hulle ’n ander “onsterflike” karakter se kop afgekap het.

Daar is slegs een vertaling vir hierdie woord, naamlik “duisend” (du Plessis, 2005:1434). Daar is wel, onder die betekenis “besondere hoeveelheid” (de Stadler, 1994:37), die volgende moontlike vertalings wat oorweeg kan word: ’n menigte, ’n trop, ’n spul, duisend, miljoen.

“Daar kan net ’n menigte wees!”;

“Daar kan net ’n trop wees!”;

“Daar kan net ’n spul wees!”;

“Daar kan net ’n duisend wees!”; of

“Daar kan net ’n miljoen wees!”.

Die gebruik van die eerste drie moontlike woorde gee nie ’n definitiewe hoeveelheid nie en word nie aanbeveel nie. Die gebruik van “miljoen” sal die regte gevoel oordra, maar slegs die gebruik van die woord “duisend” sal die werklike betekenis van die brontaalterm oordra. Die gebruik van hierdie term sal die vertaling na standaardtaal wees en die identiteitsvormende element gaan verlore.

Deur van kompensasië gebruik te maak, is dit moontlik om ’n identiteitsvormende element na die vertaling oor te dra. Die woord “daar” kan in spreektaal gespel word en die woorde “kan net” kan aanmekaar geskryf word om assimilasië voor te stel. Deur dit te doen word die volgende vertaling gelewer: *“Daa kannet ’n duisend wees!”.*

Die subprosedure hier is die vertaling na standaardtaal met kompensasië op ’n ander plek in die sin. ’n Identiteitsvormende element kom dus in die vertaling voor en die betekenis word ook oorgedra.

4.4.2.2 (c) Samevoeging van woorde

In die Feegles se dialoog kom daar woorde voor wat ’n samevoeging is van twee woorde wat nie Standaardengels is nie. Die woorde se betekenis is dus nog duidelik, maar dit is nie in die standaardspelling geskryf nie.

Woorde wat in hierdie kategorie val, is die volgende: “ah’m (I am), coupla (couple of), d’ye/ d’yer (do you), dere’s (there’s), gonna (going to), kinda (kind of), outa (out of), t’other (the other), izzut (is it) en wouldna (would not)”.

Die woorde “gonna”, “d’ye” en “coupla” word hier onder bespreek.

4.4.2.2 (c)(i) gonna

“There’s gonna be poetry!” (Pratchett, 2006:230)

“Gonna” is die samevoeging van die twee Engelse woorde “going to”. Hierdie samevoeging kom wel in die woordeboek voor en word gedefinieer as Amerikaanse sleng vir “going to” (du Plessis, 2005:1023).

Die betekenis van die woord in die konteks van die sin is dat iets gaan plaasvind, naamlik digkuns. In die konteks van die roman is dit ’n slegte ding en ’n waarskuwing dat mense hulle ore moet toedruk om skade te vermy.

Die standaardtaalvertaling vir die woord is “gaan wees”: “Daa **gaan** digkuns **wees!**”. Hierdie vertaling is die vertaling na standaardtaal en dra die regte betekenis van die sin oor. Die sin kom wel bietjie onnatuurlik voor en klink nie soos iets wat die spreker vinnig as ’n waarskuwing sal uitroep nie. Dit kom voor as ’n rustige uitnodiging om te luister na wat gaan volg.

Deur die sinskonstruksie te verander en die woord “gaan wees” heeltemal te vermy, is dit moontlik om ’n beter vertaling te lewer. Die moontlike vertaling is om die sin in meer informele taal te skryf: “**Hier kom die** digkuns!”. Hierdie vertaling is ook die vertaling na standaardtaal en die identiteitsvormende element gaan verlore.

’n Identiteitsvormende element kan oorgedra word na die vertaling deur gebruik te maak van assimilasië van die twee woorde “kom die”. Die gebruik van assimilasië sal die woord ook spreektaalspelling gee en die volgende vertaling lewer: “Hie’ **kommie** digkuns!”.

Die subprosedure wat hier gebruik word is om na spreektaalspelling te vertaal om te verseker dat die betekenis sowel as ’n identiteitsvormende element oorgedra word.

4.4.2.2 (c)(ii) *d’ye*

“*Whut d’ye mean, sojers?*” (Pratchett, 2006:62)

Die woord “d’ye” is die samevoeging van die twee woorde “do you”. Daar is net een betekenis vir die samevoeging in hierdie konteks. Die spreker vra aan die vorige spreker wat hy met sy stelling bedoel.

Met die standaardvertaling vir hierdie sin val die woord “do” heeltemal weg. Die vertaling het dus nie twee woorde wat saamgevoeg kan word nie: “Wa’ bedoel **jy** so’date?”. Die identiteitsvormende element val ook weg met die gebruik van die standaardvertaling.

Indien die woord “jy” met die Nederlandse woord “je” vertaal word, is dit moontlik om weer ’n identiteitsvormende element in hierdie sin terug te sit: “Wa’ bedoel **je** so’date?”. Die gebruik van Nederlandse woordeskat gee aan die Feegle-karakters ’n ander identiteit as ’n suiwer Afrikaanse een.

Die subprosedure in hierdie geval is die vertaling na Nederlands wat die betekenis van die woord sowel as ’n identiteitsvormende element na die doeltaal oordra.

4.4.2.2 (c)(iii) *coupla*

“If we dinna carry ye, it'll tak' about a **coupla** hours-" (Pratchett, 2006:227)

Hierdie woord is die samevoeging van die woorde “couple of”. In hierdie konteks is die betekenis van die woord “couple” die volgende: “Two . . . things of the same sort considered together” (Oxford University Press, 2016).

Die standaardvertaling vir die woord “couple” vir die betrokke betekenis is “paar” of “tweetal” (du Plessis, 2005:886). Indien hierdie samevoeging na standaardtaal toe vertaal word, sal die volgende vertaling gelewer word: “As ôs je nie dra’ie, vat’it ’n **paar** uur-”. Die gebruik van hierdie vertaling laat die identiteitsvormende element wegval.

Dit is moontlik om ’n identiteitsvormende element na die vertaling oor te dra deur die woord “paar” in spreektaalspelling te skryf. Die volgende is ’n moontlikheid: “As ôs je nie dra’ie, vat’it ’n **pa**a uur-”.

Die subprosedure is om spraaktaalspelling te gebruik vir die vertaling. Die betekenis sowel as ’n identiteitsvormende element word na die doeltaal oorgedra.

4.4.2.2 (d) **Verandering van spelling om uitspraak aan te dui**

Deur die spelling van woorde heeltemal te verander, beeld Pratchett deurlopend die uitspraak van die Feegle-karakters uit. Die woorde wat in hierdie kategorie geïdentifiseer is, is die volgende: “allus (always), arguin’ (arguing), beid (bed), can-a-pays (canapés), eiggs (eggs), gels (girls), ma/meself (my/myself), quin (queen), sheeps/ships (sheep), wunnerfully (wonderfully), whut (what), wuss (worse), sojers (soldiers), tishoo (tissue), wuz (was), skellingtons (skelingtons)”.

Vir die doel van die studie word die woorde “quin”, “wuz” en “whut” bespreek.

4.4.2.2 (d)(i) *quin*

“Nae, nae, but the kelda knows the way of the **Quin**.” (Pratchett, 2006:102)

Die spreektaalspelling is vir die woord “Queen” in hierdie sin gebruik. Die betekenis van die woord in hierdie konteks is “female ruler” (Oxford University Press, 2016). Die persoon na wie verwys word is die koningin van feetjieland.

Die standaardtaalvertaling van hierdie woord is “koningin” of “vorstin” (du Plessis, 2005: 1276). Wanneer die sinonieme van die woord “koningin” gesoek word, onder die betekenis “gesaghebber”, word die volgende moontlike woorde geïdentifiseer: leidster, hoofleidster, groepleidster, spanleidster, heerseres, vorstin, koningin, prinses, regentes en keiserin (de Stadler, 1994).

Wanneer die betekenis in gedagte gehou word, is die volgende vertalingsmoontlikhede die beste om die betekenis oor te dra: heerseres, vorstin, koningin of keiserin. Die volgende is dan moontlike vertalings vir die sin:

“Nee, nee, maarrie kelda kennie maniere vannie **Heerseres**.”;

“Nee, nee, maarrie kelda kennie maniere vannie **Vorstin**.”;

“Nee, nee, maarrie kelda kennie maniere vannie **Koningin**.”; of

“Nee, nee, maarrie kelda kennie maniere vannie **Keiserin**.”.

Indien enige van die bogenoemde vertalings gekies word, sal die vertaling wel die betekenis na die doeltaal oordra, maar die vertaling sal na standaardtaal wees en geen identiteitsvormende element word oorgedra nie.

Die woord “koningin” kan na die “ging” verkort word: “Nee, nee, maarrie kelda kennie maniere vannie **Ging**.” Die woord sal dalk nie op sy eie verstaan word nie, maar in konteks sal die leser wel kan aflei waarna verwys word. Die eerste plek in die teks waar die woord “Quin” deur die Nac Mac Feegles gebruik word, word dit aan die hoofkarakter verduidelik. Die woord is ook slegs een lettergreep, wat die lees daarvan vergemaklik en eenvoudiger maak as die volle drielettergreepwoord. Dit sal ook ’n identiteitsvormende element oordra, naamlik die gebruik van ’n afgeleide woord wat nie in Afrikaans bestaan nie.

Die subprosedure wat hier toegepas word, is om die woord na ’n afgeleide woord te vertaal.

4.4.2.2 (d)(ii) *wuz*

“We wuz hungerin’, mistress,” he muttered. (Pratchett, 2006:99)

Die woord “wuz” is die spreektaalspelling van die woord “was”. Die betekenis hier is eenvoudig die verledetydsvorm van die woord “be” (Oxford University Press, 2016).

Die standaardvertaling vir die woord is “was” of “is” (du Plessis, 2005: 1499). Die volgende is dus moontlike vertalings vir die sin:

“Ôs **was** honger, juffer,” mompel hy.; of

“Ôs **is** honger **gewees**, juffer,” mompel hy.

Met albei hierdie vertalings word die woord “was” met Standaardafrikaans vertaal en die betekenis van die Engels word oorgedra, maar die identiteitsvormende element word nie na die doeltaal oorgedra nie.

In die tweede geval is dit moontlik om die woord “gewees” se spelling te verander na spreektaalspelling om sodoende ’n identiteitsvormende element na die doeltaal oor te dra. Die volgende vertaling word gelewer: “Ôs **is** honger **gewies**, juffer,” mompel hy.

Die subprosedure wat hier gebruik word is die vertaling na spreektaalspelling. Die betekenis sowel as ’n identiteitsvormende element word na die doelteks oorgedra.

4.4.2.2 (d)(iii) *whut*

“*Whut d’ye mean, sojers?*” (Pratchett, 2006:62)

Die woord “what” is hier in spreektaalspelling as “whut” geskryf. Die betekenis van die woord is “Asking for information specifying something” (Oxford University Press, 2016).

Die woord “what” kan vertaal word met “wat” of “hoe” (du Plessis, 2005: 1508) om die volgende moontlike vertalings voort te bring: “**Wat** bedoel je so’date?”; of “**Hoe** bedoel je so’date?”.

Albei hierdie vertalings slaag daarin om die betekenis suksesvol na die doelteks oor te dra. Die identiteitsvormende element gaan egter in albei gevalle verlore.

Deur die woord “wat” te verkort na die spreektaalspelling “wa” is dit moontlik om weer ’n identiteitsvormende element in die teks oor te dra. Die volgende vertaling word gelewer: “**Wa**’ bedoel je so’date?”

Die subprosedure hier is om na spreektaalspelling te vertaal deur die woord aan die einde te verkort. Die betekenis en ’n identiteitsvormende element word na die vertaling oorgedra.

4.4.2.2 (e) Verlenging

Die verlenging van woorde word ook gebruik om spreektaal aan te dui. Die woorde wat in hierdie kategorie voorkom, is die volgende: doon’t (don’t), oor (our), oot (out), aboot (about), aroond/around (around), weel (well), trousers (trousers) en com-*pli*-cated (complicated).

Die volgende drie woorde kom die meeste voor in die teks en word hieronder bespreek: “oor”, “oot” en “weel”.

4.4.2.2 (e)(i) *oor*

“Where’s all **oor** old footprints gone?” (Pratchett, 2006:293)

Die woord hier is die verlenging van die woord “our” wat ’n voornaamwoord is met die volgende betekenis: “Belonging to or associated with the speaker and one or more other people previously mentioned or easily identified” (Oxford University Press, 2016).

Die standaardvertaling van die voornaamwoord is “ons” of “onse” (du Plessis, 2005: 1208). Die gebruik van enige van hierdie twee woorde sal die volgende vertalings tot gevolg hê: “Waa’s **ons** netnou se voetspore heen?” of “Waa’s **onse** netnou se voetspore heen?”. Met albei hierdie vertalings val die identiteitsvormende element weg al word die betekenis suksesvol oorgedra.

Die woord “ons” se spelling kan na spreektaalspelling toe verander word om ’n identiteitsvormende element na die doeltaal oor te dra. Die volgende vertaling word hierdeur gelewer: “Waa’s **ôns** netnou se voetspore heen?”.

Die subprosedure is hier om spreektaalspelling te gebruik deur die woord te verkort. Sowel die betekenis as ’n identiteitsvormende element word oorgedra.

4.4.2.2 (e)(ii) *oout*

“Nae stoppin’ until we get right **oout** o’ here!” (Pratchett, 2006:292)

Hierdie woord is die verlenging van die Engelse woord “out”. In die konteks is die betekenis “move away from a particular place, especially one that is enclosed or hidden” (Oxford University Press, 2016). Die karakters probeer om uit die droom waarin hulle vasgevang is te ontsnap.

Die woord “out” se standaardvertaling is “uit” of “buite” (du Plessis, 2005: 1209). Die gebruik van hierdie woorde sal die volgende vertalings lewer: “G’n gestop totdat ôs hier **uit** issie!” of “G’n gestop totdat ôs **buite** issie!”.

Wanneer die sinonieme van die woord “buite” ondersoek word, kom die volgende moontlike vertalings na vore: na buite, buitetoë, buitelug, vanuit (de Stadler, 1994). Hierdie sinonieme het wel die regte betekenis, maar in die konteks van die sin sal die sinskonstruksie te veel moet verander om enige van hulle sinvol te gebruik. Die sin sal veel langer gemaak moet word en ekstra inligting sal bygevoeg moet word vir die gebruik van sommige van die woorde. ’n Voorbeeld daarvan is die volgende: “G’n gestop totdat ôs **vanuit hierdie droom** issie!”

Die standaardvertaling “uit” word gebruik omdat dit die eenvoudigste en natuurlikste vertaling is. Die woord word ook met die woord “hier” voorafgegaan, wat beklemtoon dat hulle op ’n spesifieke plek is waaruit hulle moet ontsnap.

Deur ’n identiteitsvormende element elders in die sin te plaas, kan dit nog steeds na die doelteks oorgedra word. Die woord “totdat” kan met spreektaalspelling geskryf word om ’n identiteitsvormende element ook oor te dra: “G’n gestop **to’dat** ôs hier **uit** issie!”

Die subprosedure wat hier gebruik is, is vertaling met standaardtaal met kompensasië op ’n ander plek in die sin. Met hierdie vertaling word die betekenis sowel as ’n identiteitsvormende element na die doelteks oorgedra.

4.4.2.2 (e)(iii) *weel*

“**Weel**, that wuz one o’ them times.” (Pratchett, 2006:212)

“Weel” is die verlenging van die woord “well”. Die betekenis van die woord in hierdie konteks is die tussenwerpsel “used to express a range of emotions including surprise, anger, resignation, or relief” (Oxford University Press, 2016).

Die tussenwerpsel “well” se vertaling is “wel” (du Plessis, 2005: 1506). Die sinonieme vir die tussenwerpsel “wel” wat geïdentifiseer word, is die volgende: ja, nè, jawel en voorwaar (de Stadler, 1994). Die vertalingsmoontlikhede lyk soos volg:

“**Ja**, dit was een vannie kere.”;

“**Nè**, dit was een vannie kere.”;

“**Jawel**, dit was een vannie kere.”; of

“**Voorwaar**, dit was een vannie kere.”.

Wanneer hierdie vertalings gelees word, blyk dit nie werklik dieselfde effek as die woord “wel” te hê nie. In hierdie konteks is die standaardvertaling “wel” dus ’n beter vertaling as enige van die ander moontlikhede.

Deur spreektaalspelling te gebruik is dit moontlik om ’n identiteitsvormende element ook oor te dra in die vertaling. Die volgende vertaling word gelewer: “**Wêl**, dit was een vannie kere.”.

Die subprosedure hier is om na ’n woord met spreektaalspelling te vertaal. Deur só te werk te gaan word die betekenis sowel as ’n identiteitsvormende element na die vertaling oorgedra.

4.4.2.2 (f) Niestandaardverkleining

Die gebruik van niestandaardverkleining vir sommige woorde word ook kenmerkend deur die Feegles gebruik. Die woorde wat in hierdie kategorie voorkom, is die volgende: “babbie” (small baby), “chairies” (small chairs), “kingie” (small king), “octopussies” (small octopusses) en “sharkies” (small sharks).

Hierdie woorde is almal in ’n verkleiningsvorm geskryf wat vreemd is vir Standaardengels. Engels se verkleining is gewoonlik die byvoeging van die woord “little” vooraan, of ’n heeltemal ander woord, soos by babadiere – byvoorbeeld “kitten”.

Die woorde wat vir hierdie kategorie bespreek word, is “chairies”, “sharkies” en “octopussies”.

4.4.2.2 (f)(i) *chairies*

“See, with wee chairies and things!” (Pratchett, 2006:62)

“Chairies” is die niestandaardverkleiningsvorm van die woord “chair” en die betekenis daarvan is eenvoudig ’n “little chair”. Die woord “wee” stel in hierdie sin die “little” voor. Die Standaardskots sou net wees “wee chairs” maar ter beklemtoning word die woord “chairs” nog verder verklein.

Die standaardvertaling van “chair” is “stoel” (du Plessis, 2005:845). Moontlike sinonieme wat vir stoel bestaan, is die volgende: gestoelte, sitkamerstoel, gastestoel, kombuisstoel, leunstoel, gemakstoel, draaistoel, houtstoel, rietstoel, voustoel, wipstoel, klapstoel, taboeret (de Stadler, 1994). Omdat dit nie in die teks duidelik is watter tipe stoel na verwys word nie, is die woord “stoel” die beste opsie om die regte betekenis in hierdie geval oor te dra.

Wanneer die verkleining in die vertaling op grond van Afrikaans se skryfreëls gedoen word, sal die woord “wee” wegval. Die verkleiningsvorm van “stoel” in Standaardafrikaans is nie “klein stoel” nie, maar “stoeltjie”. Die vertaling na Standaardafrikaans lyk dus soos volg: *“Sien, met **stoeltjies** en goete!”*. Met hierdie vertaling gaan die identiteitsvormende element verlore.

Dit is moontlik om die identiteitsvormende element ook na die vertaling oor te dra deur van Niestandaardafrikaanse verkleining gebruik te maak. Die volgende vertaling word dan ook ’n moontlikheid: *“Sien, met **stoeltjietjies** en goete!”*.

Die subprosedure wat hier toegepas is, is om met ’n niestandaardverkleiningsvorm van die standaardwoord te vertaal. Daardeur word sowel die betekenis as die identiteitsvormende element na die doeltaal oorgedra.

4.4.2.2 (f)(ii) *sharkies en octopussies*

*“... otherwise it wouldna be worth fighting all them **sharkies** and **octopussies** and stuff . . .”* (Pratchett, 2006:319)

Hierdie twee woorde is albei niestandaardverkleiningsvorms van die woorde “shark” en “octopus”. Die betekenis van hierdie woorde is in albei gevalle nie dubbelsinnig nie en het slegs die soölogiese betekenis wat oorgedra moet word.

Die standaardvertaling vir “shark” is “haai” (du Plessis, 2005:1349) en vir “octopus”, “seekat, oktopus, veelarm; grypende monster” (du Plessis, 2005:1197). Die vertalingsmoontlikheid met die standaardtaalekwivalente is die volgende: “. . . anners issit ’ie die moeite werd om allie **haaitjies** en **seekatjies** en goed te veggie . . .”. Hierdie vertalings is dus in standaardtaal en sal die identiteitsvormende element laat wegval.

Dit is hier ook moontlik om van niestandaardverkleining gebruik te maak om die identiteitsvormende element te behou. Deur dit uit te voer word die volgende vertaling gelewer: “. . . anners issit ’ie die moeite werd om allie **haaikietjies** en **seekattetjies** en goed te veggie . . .”.

Die subprosedure hier is om na standaardtaal te vertaal maar om niestandaardverkleining te gebruik om sowel die betekenis as die identiteitsvormende element na die doeltaal oor te dra.

4.4.2.2 (g) Afgeleide woorde

Daar is twee woorde wat in die Feegle-karakters se dialoog gebruik word wat nie bestaan nie. Hierdie woorde se betekenis is wel duidelik omdat hulle van bestaande woorde afgelei is. Die twee woorde is “long-leggity” en “pictsie”.

4.4.2.2 (g)(i) *long-leggity*

“Ach, **long-leggity** things with muckle legs and huge teeth, . . .” (Pratchett, 2006:295)

Hierdie woord is afgelei van die twee woorde “long legs” en verwys na een of ander onaangename kreatuur uit feetjieland wat ’n mens in nagmerries aantref. Die betekenis wat hier oorgedra moet word is dat die kreatuur lang bene het en dat die bene moontlik ’n groot deel van die monster se figuur uitmaak.

Die standaardvertaling van “long” is “lang” of “lank” (du Plessis, 2005:1128) en van “leg” is “been; poot (v. ’n dier)” (du Plessis, 2005:1115). Daar bestaan ook die woord “leggy” wat die regte betekenis van die twee saamgevoegde woorde het: “langbenig, langbeen=; met benevertoon. **leg-gi-ness** langbenigheid” (du Plessis, 2005:1116).

’n Moontlike vertaling wat die gebruik van Standaardafrikaans oplewer, is die volgende: “Oeg, **langbenige** dinge met vreeslike bene en groot tande, . . .” of “Oeg, **langpotige** dinge met vreeslike bene en groot tande, . . .”. Indien een van hierdie vertalings gekies word, sal die identiteitsvormende element wegval en die vertaling slegs in standaardtaal wees.

Die tweede woordkeuse, die woord “langpotige”, is in hierdie geval ’n beter vertaling omdat die woord “bene” weer in die sin voorkom. Die gebruik van die woord “poot” en dan die woord “bene” bied ’n groter variasie en word dus vir die vertaling voorgestel.

Die woord kan ook verder verdraai word om die bene van die monsters verder te beklemtoon sonder die duidelike herhaling van dieselfde woord: “Oeg, **langpootagtige** dinge met vreeslike bene en groot tande, . . .”.

Deur gebruik te maak van kompensasië is dit moontlik om ’n identiteitsvormende element na die doeltaal oor te dra. Die Standaardengelse woord “teeth” kan met die assimilerende spreektaal spelling van die woord “tande” vertaal word: “Oeg, **langpootagtige** dinge met vreeslike bene en groot **tanne**, . . .”.

Die subprosedure wat hier gebruik word is die vertaling na standaardtaal met kompensasië om die betekenis sowel as ’n identiteitsvormende element na die doeltaal oor te dra.

4.4.2.2 (g)(ii) *picsties*

“... also known as **picsties** . . .” . . . “Well, you said they’re pixies!” “Not pixies, **picsties**. They certainly don’t drink milk!” (Pratchett, 2006:84)

Hierdie woord speel nie net in die Feegles se dialoog ’n identiteitsvormende rol nie, maar dien ook as ’n identiteitsvormende element vir die Nac Mac Feegles in ander karakters se dialoog. Die woord stel die karakters se spesie voor.

Die woord “picsties” is afgelei van die woord “Pict” wat verwys na ’n lid van die oervolk, die Pikte, wat “in die noorde van Skotland ten tye van die Romeinse besetting” bestaan het (du Plessis, 2005:1236; Oxford University Press, 2016; Luther *et al.*, 2015:979). Die betekenis van die woord dien dus as beklemtoning van die karakters se Skotse herkoms, wat dan ook ’n identiteitsvormende element is.

Die woord het ook ’n tweede betekenis, naamlik die verandering van die woord “pixie” se spelling om die woord “picstie” te vorm. Woordspeling is dus moontlik met die woord “pixie” en veroorsaak ook ’n misverstand tussen die roman se hoofkarakter en die brulpadda wat haar oor die Feegle-karakters raad gee. Sy dink hy sê dat hulle “pixies” is, maar eintlik sê hy hulle is “picsties” (Pratchett, 2006:84).

Vervolgens kan afgelei word dat die betekenis van hierdie woord dubbelsinnig is – die beklemtoning van die Skotse kultuurelement sowel as die woordspeling met die woord “pixie”. Met die domestikerende vertaalstrategie in gedagte behoort die Skotse kultuurelement met ’n Afrikaanse kultuurelement vervang te word. In hierdie geval is dit baie moeilik om die kultuurelement oor te dra aangesien daar nie werklik ’n antieke Afrikaans bestaan het wat hier gebruik kon word nie.

Daar bestaan die opsie om die kultuurelement heeltemal weg te laat op grond van die feit dat geen spesifieke kultuur aan die Feegles gekoppel word nie – die basis van hulle identiteit is slegs op die Afrikaanse kultuur gebaseer. Indien hierdie opsie gekies word kan daar op die tweede betekenis en moontlike sinspeling gefokus word.

Die woord “pixie” se vertaling is “fee” of “kabouter” (du Plessis, 2005:1240; Oxford University Press, 2016). Die woord “fee” het ’n eenvoudige spelling en is moeilik om te verander om ’n woord te vorm waarop gesinspeel kan word.

Die standaardspelling van die woord “kabouter” kan na die spreektaalspelling “kibouter” verander word, maar wat ook ’n misverstand tot gevolg kan hê indien dit net gehoor word. Die volgende vertaling word dan gelewer: “. . . ook bekend as **kibouters** . . .” . . . “Wel, jy het gesê kabouters!” “Nie kabouters nie, **kibouters**. Hulle drink beslis nie melk nie!”.

Die eerste betekenis, wat ook ’n identiteitsvormende element is, val weg met die gebruik van hierdie vertaling. Die sinspeling word nog behou om die misverstand moontlik te maak. Omdat die spelling verander is, kan dit as ’n identiteitsvormende element, naamlik die gebruik van spreektaalspelling, beskou word.

Die subprosedure wat in hierdie geval toegepas word, is vertaling na spreektaalspelling wat ’n ander betekenis na die doelteks oordra, maar ’n identiteitsvormende element toeken.

4.4.3 Naamgewing

In hierdie afdeling word elke relevante geïdentifiseerde naam geanaliseer, vertaal en geregverdig. Slegs die name van die Nac Mac Feegle-karakters word hier bespreek aangesien die studie op hulle identiteit fokus. Ander karakters se name word nie bespreek nie.

4.4.3.1 Nac Mac Feegle (Pratchett, 2006:9)

Nac Mac Feegle is die naam van die groep karakters waaroor die studie gaan. Dit is 'n opgemaakte naam waarvan die "Mac" 'n verwysing kan wees na die algemene en stereotipiese gebruik daarvan in Skotse vanne. Dit beklemtoon die Skotse kultuur waarop die karakters se identiteit gebaseer is. Die naam rym deels en lees lekker maar het verder geen woordeboekbetekenis nie.

Met die oorkoepelende domestikerende strategie, is dit nodig dat die verwysing na die Skotse van na 'n Afrikaanse van verander word of geneutraliseer moet word. Om dit te neutraliseer maak die opsies eindeloos en dus is dit beter as die Afrikaanse kultuur hier as basis vir die vertaling van die naam gebruik word.

Die middelste deel van die karakters se naam, naamlik die woord "Mac", is 'n baie algemene voorvoegsel vir 'n Skotse van. Die feit dat die karakters op 'n humoristiese wyse aan die lesers uitgebeeld word, kan ook met die keuse van die van in gedagte gehou word. Een van die algemeenste vanne wat Afrikaans bied – een wat ook in Afrikaanse grappe gebruik word – is Van der Merwe. Hierdie van kan dus gebruik word om 'n deel van die naam te vorm.

Die laaste deel van die naam, naamlik "Feegle", het geen voor die hand liggende betekenis nie en kan dus slegs na Afrikaans getranskribeer word soos deur sommige van die teoretici voorgestel (Kalashnikov, 2006a; Benko & Zorko, 2012).

Wanneer hierdie twee elemente bymekaargevoeg word, is "Van der Viegels" 'n moontlikheid vir die karakters se naam en word vir die gebruik in hierdie vertaling voorgestel.

Die vertaling is 'n kombinasie van 'n transkribering van dié deel in die naam wat geen woordeboekbetekenis het nie en 'n toevallige ekwivalent vir die gedeelte in die naam wat wel 'n ander betekenis het.

4.4.3.2 The Wee Free Men (Pratchett, 2006:9)

Hierdie naam is 'n ander naam wat die karakters gebruik om hulleself mee te identifiseer en gee twee eienskappe aan die leser deur. Eerstens dui dit op die feit dat hulle klein is en tweedens, dat hulle vry is. Hulle is vry in die sin dat hulle hulself van die koningin van feetjieland bevry het en daarom hoef hulle hulle aan niemand anders se reëls as hulle eie te steur nie.

Die woord “Free” kan as ironies beskou word omdat hulle die reëls wat hulle self opstel tot op die letter volg. Hulle sal dit nie waag om hierdie reëls te breek of buig nie – al plaas dit hulle in ’n vreeslike ongemaklike posisie. Hulle onderhou geen reëls wat iemand anders probeer afdwing nie en protesteer luidkeels daarteen, behalwe as hulle werklik nie ’n keuse het nie.

Wanneer hierdie karakters geanaliseer word, word dit duidelik dat hulle reputasie eintlik slegter is as wat hulle in die werklikheid self is. Hulle doen moeite om hierdie reputasie vol te hou en probeer almal oorreed dat dit die manier is waarop hulle werklik optree. Alhoewel hulle taai is, is hulle nie so barbaars soos hulle wil hê die res van die wêreld moet dink nie. Daar is byvoorbeeld ’n partytjie waar hulle toegang geweier is tensy hulle manelpakke aanhet. As hulle hulle werklik aan geen reëls gesteur het nie, sou dit hulle nie gekeer het om hulself in hul Skotse rokkies daar in te forseer nie, maar op die ou end verskyn hulle wel met hul pakke op die toneel. Al wat uit die teks duidelik is, is dat hulle vir ’n baie lang ruk geweier het om so aan te trek en daarom toegang geweier is tot die partytjie.

Die karakters is wel vry van die gewone reëls wat mense volg en dit is belangrik dat die konsep van “vrywees” na die Afrikaanse naam oorgedra word.

Daar is heelwat woorde waarmee die woord “Free” in hierdie geval vertaal kan word. Die woord “vry” is vanselfsprekend die eerste woord waaraan ’n mens dink en sinonieme wat in hierdie geval van toepassing kan wees is die volgende (de Stadler, 1994:61,237): (losmaak) uitrafel; (losgaan) loskom, losruk, losskud, losskiet; (ontbind) bevry, vrymaak, losbreek, ontsnap, wegkom, wegbreek; vry, verstrooi(d); ongebonde, onverbonde, bevry, vrygemaak, vrygelaat, vrygestel, losgelaat, vrygespreek, kwyt; onbeskroomd, ordeloos, ongebreideld, onbeheers, skaamteloos; selfstandig, outonoom, selfregerend; vrykom, ontkom, ontvlug, ontsnap, ontglip, wegkom, losbreek, losruk, losskeur, vryhou; vrymaak, vrylaat, loslaat, los, vryskeld, vryverklaar, red, verlos, onthefde.

Die laaste deel van hierdie naam is bloot die woord “men” wat hulle karakteriseer omdat die groep slegs uit mans bestaan. Daar is wel twee vroulike figure in hulle stam, naamlik hulle ma en hul suster. Die suster is ’n uitsondering op die reël as ’n mens in ag neem dat hulle honderde broers is. Vroulike Feegles word slegs gebore om ’n stam op te soek waarvan die moeder oorlede is en die posisie as leier van die stam beskikbaar is. Die manne in die stam is dus die vreesaanjaende karakters en nie die dames nie. Die suster word ook as effens meer volwasse uitgebeeld as die manlike Feegles.

Wanneer daar dus op 'n vertaling vir hierdie naam besluit word, moet die vertaler besluit of die rym en ritme ook belangrik is. Aangesien dit die noemnaam van die karakters is waarna die mense kwansuis in vrees verwys, sal dit goed wees as die naam lekker sê en iets is wat darem ook karakteriserend van aard is.

Daar is baie moontlikhede vir die vertaling van hierdie naam. Hieronder word slegs 'n paar genoem wat moontlik van toepassing kan wees:

Die Eie Vrye Manne

Die Losgeskiete Pietie

Die Bevryde Huide

Die Ordelose Kose

Die Verloste Vente

Die Verstrooide Ongenooides

Die Onbevange Manne

Die Ongevange Manne

Die Kwytskelde Helde

Die Ordeloos Kose

Die Vrygekome Ome

Die Geredde Fredde

Al hierdie moontlikhede bevat wel goeie alliterasie en sal die "vry"-betekenis van die naam oordra, maar nie een van hulle dra werklik die regte gevoel oor nie. In al hierdie voorstelle val die verkleiningsaspek ("wee") van die naam ook weg.

Wanneer na die karakters in geheel gekyk word, is dit moontlik om die naam te vertaal en van hulle eienskappe na Afrikaans oor te dra sonder om die spesifieke woorde soos in die Engelse naam te gebruik. Dit is vir hulle belangrik dat hulle as "vry" gesien word en hierdie betekenis van die naam moet dus behoue bly, maar ander woorde kan gebruik word. Deur die teks kom dit ook na vore dat hulle tog aan hulle eie reëls gehoorsaam bly en dus nie so vry is soos wat hulle sou wou hê mense moet dink nie. Om hierdie karaktertrek oor te dra is die eenvoudige woord "vry" 'n moontlike vertaling aangesien dit die betekenis baie duidelik oordra.

Rym en ritme is ook belangrik vir hierdie naam. Saam met die woord "vry" vorm die transkribering van "Feegles", naamlik "Viegels", 'n naam wat allitereer omdat die v-klank herhaal: "Die Vrye Viegels".

Die verkleinings-element (“wee”) kan ook oorgedra word deur te praat van “Viegeltjies”, maar dit sal nie die trefkrag hê wat slegs die woord “Viegels” het nie. Die gebruik van verkleining in Afrikaans word gewoonlik gekoppel aan iets wat oulik is en dit is presies wat die Feegles nie wil hê nie en word dus in die Afrikaanse vertaling van die naam uitgelaat.

Dit is moontlik om nog meer van die identiteit van die karakters deur te gee deur die woord “vrye” te vervang met “vryerige”: “Die Vryerige Viegels”. Die betekenis van hierdie woord sal aandui dat hulle nie heeltemal so vry is as wat hulle wil hê mense moet weet nie. Aangesien hulle hierdie naam ook gebruik om na hulleself te verwys, is dié vertaalekwivalent ook nie die beste een om te gebruik nie. Die Feegle-karakters sal nie wil hê dat daar ’n moontlike versagtende betekenis vir hulle naam is nie.

Die gebruik van die vertaling “Die Vrye Viegels” is dus ’n kombinasie van ’n gewone ekwivalent en ’n irrelevante ekwivalent. Die “vry” is die gewone ekwivalent vir die woord “free” en “Viegels” is die irrelevante ekwivalent vir die woord “men”.

4.4.3.3 Wee Bobby (Pratchett, 2006:16)

Die eerste deel van hierdie naam is ’n byvoeglike naamwoord wat ’n moontlike karaktereienskap gee. Dit kan afgelei word dat die karakter klein is omdat die woord “wee” se betekenis “small” of “little” is (Oxford University Press, 2016; Glasgowvant, 2016).

Die eerste deel van die naam kan maklik deur die gebruik van ’n gewone ekwivalent vertaal word. Die woord “klein” is die vanselfsprekende vertaling hier, maar daar is ook sinonieme wat gebruik kan word. Daar moet net in gedagte gehou word dat die vertaling vir jonger lesers is en dat hulle die term moet kan verstaan. Moontlike sinonieme vir die woord “klein” in hierdie geval is die volgende: klein, fyn, jonk, jeugdig (de Stadler, 1994:158).

Die tweede deel van hierdie naam het moontlik ’n dubbelsinnige betekenis. Eerstens is dit ’n troetelnaam vir iemand met die naam Robert (Hanks et al., 2016). Robert is ’n naam van Germaanse afkoms en beteken “Robert the Bruce” indien ’n mens weet dat dit die naam was van die Skotse koning wat Skotland van die Engelse heerskappy bevry het (Hanks et al., 2016). Vir die vertaling van hierdie betekenis kan ’n naam uit die geskiedenis gesoek word van iemand wat iets belangriks vir die Afrikanervolk gedoen het, die gekose naam sal dan ’n toevallige ekwivalent wees. Moontlike name is Piet (Piet Retief), Andries (Andries Pretorius), Hendrik (Hendrik Potgieter) of selfs Jan (Jan van Riebeeck). Hierdie name is ook almal algemene Afrikaanse name wat die lesers sal verstaan en in die strategie van domestikering pas.

Die tweede moontlike betekenis lê in die feit dat die woord “bobby” ’n slengwoord is wat gebruik word om na ’n polisieman te verwys (Scottish Language Dictionaries Ltd., 2016). Dit is egter onwaarskynlik dat dít die skrywer se bedoeling was, omdat die Nac Mac Feegles glad nie ’n wetsgehoorsame groep karakters is nie. Daar is ook geen aanduiding dat hierdie karakter iemand is wat ander karakters moontlik reghelp op hulle gedrag of optrede met betrekking tot hulle eie reëls nie.

Die ander kant van die saak is dat dit wel moontlik ’n ironiese gebruik van die woord kan wees, omdat die karakters dit duidelik maak dat hulle geen behoefte het om enige reëls te volg nie. Die enigste rede waarom die ironiese gebruik ’n moontlikheid is, is dat die skrywer dalk die Feegles as ’n geheel se identiteit op so ’n manier wil beklemtoon.

Om hierdie tweede betekenis van die naam Bobby te vertaal, is nie werklik moontlik nie. Die rede hiervoor is dat die Afrikaanse gewone ekwivalent vir Bobby in hierdie sin die slengwoord “pote” sal wees. Hierdie woord is nie ’n gepaste woord vir ’n noemnaam nie, behalwe waar die karakter ’n dier is. Dus sal hierdie betekenis nie vertaal word nie.

Indien daar besluit word om Bobby met ’n alternatiewe naam te vertaal wat nie een van die twee moontlike betekenis oordra nie, sal dit ’n irrelevante ekwivalent wees omdat dit dan nie enige karaktertrekke oordra nie. Hierdie ekwivalent sal die beste werk indien die vertaler die woord wil laat rym of allitereer en gee ook aan die vertaler meer vryheid om ’n oulike naam te skep wat meer genot aan die lesers sal gee.

Die vertaling van die eerste gedeelte van die naam (“Wee”) sal in dié geval ’n gewone ekwivalent wees. Die vertaling van die tweede deel van die naam (“Bobby”) is dus óf ’n toevallige ekwivalent óf ’n irrelevante ekwivalent.

Die moontlike vertalings wat bestaan met toevallige ekwivalente is die volgende: Klein Piet; Klein Hendrik; Klein Andries; Klein Jan; Fyne Piet; Fyne Hendrik; Fyne Andries; Fyne Jan; Jong Piet; Jong Hendrik; Jong Andries; Jong Jan; Jeugdige Piet; Jeugdige Hendrik; Jeugdige Andries; Jeugdige Jan.

Die moontlike vertalings met irrelevante ekwivalente is die volgende: Fyne Frans; Klein Koos; Jeugdige Jaco; Jong Jaco, Klein Jaco.

Enige van hierdie name is dus moontlike ekwivalente vir die naam in hierdie teks maar die moontlike vertalings met irrelevante ekwivalente wat allitereer rol lekker oor die tong en is meer gepas by tekste vir jonger lesers.

Nog 'n alternatief is om die standaardverkleining vir Afrikaans te gebruik en die naam te verklein soos dit in Afrikaans grammaties korrek is. Wanneer standaardverkleining op die vertalings met toevallige ekwivalente toegepas word, is die volgende vertalings moontlik: Pietie, Hendrikkie, Andriesie, Jannie. Dan is daar moontlike vertalings met die verkleining van die irrelevante ekwivalente, naamlik Fransie, Kosie, Jacotjie en Jaksie.

Aangesien die jonger lesers in gedagte gehou word moet die teks maklik leesbaar wees en die unieke identiteit van die karakters beklemtoon word, is daar op die naam Jaksie besluit. Dit is 'n eenvoudige naam alhoewel dit nie so algemeen bekend soos die ander genoemde Afrikaanse name is nie.

Deur dié naam te gebruik, is die subprosedure hier vertaling met 'n irrelevante ekwivalent.

4.4.3.4 Big Man (Pratchett, 2006:16)

Met analise van hierdie naam kom dit na vore dat dit 'n amptelike titel is; 'n bynaam vir een van die Feegles wat leiding neem: "I'm the Big Man o' the clan, mistress," (Pratchett, 2006:103). Daar word gereeld van hom leiding gevra, hy neem besluite en gee bevele. Duidelik dui hierdie naam dus 'n gesagsposisie aan en is dit hierdie betekenis van die naam wat na die Afrikaans oorgedra moet word.

Die eerste deel van die naam is 'n byvoeglike naamwoord wat 'n karaktereienskap beskryf. Hierdie karakter is groot of belangrik en daar word afgelei dat dit sy belangrikheid beklemtoon.

Die vertaalekwivalent vir die woord "big", kan uit 'n groot hoeveelheid ekwivalente gekies word omdat die betekenis daarvan baie wyd is. Die direkte vertaling is "groot" maar daar is baie sinonieme wat ook moontlike ekwivalente kan wees, en die relevantste sinonieme word hier gelys: groot (de Stadler, 1994:158); magtig, sterk (de Stadler, 1994:245); kragtig (de Stadler, 1994:246); belangrik, vernaam (de Stadler, 1994:247); goed, waardig, gunstig, bak (*gese/lt.*), puik, knap, flink, vroom, eerbaar (de Stadler, 1994:249); beroemd, befaam, agbaar (de Stadler, 1994:357); eerbaar, edel, gaaf (de Stadler, 1994:368).

Wanneer hierdie deel van die naam met die woord “groot” vertaal word, is die vertaalekwivalent ’n gewone ekwivalent. Dit sal ’n toevallige ekwivalent wees indien enige ander sinoniem gebruik word.

Die tweede deel van die naam verwys na die persoon wat die titel dra, wat in hierdie geval altyd ’n man sal wees. Die moontlike vertaalekwivalente vir die vertaling van “man” is: mens (de Stadler, 1994:133); man, ou, kêrel, vent, ouman, oubaas (de Stadler, 1994:133).

Die vertaalekwivalent hier sal ’n gewone ekwivalent wees indien met die woord “man” vertaal word. Enige van die ander sinonieme sal vertaling met ’n toevallige ekwivalent wees.

Dit is ook moontlik om hier met ’n irrelevante ekwivalent te vertaal. Die naam moet ’n persoon aandui en dan kan dit ook met die woord “een” vertaal word. In Afrikaans is dit nie vreemd om na “daardie een” as iemand te verwys nie.

Dit is wel ook moontlik om die hele naam met slegs die woord “Oubaas” te vertaal, aangesien dit as ’n bynaam vir ’n eerbiedwaardige ou man gedefinieer word (WAT, 2013). In hierdie geval sal dit ’n toevallige ekwivalent wees omdat dit nie die direkte vertaling van die twee woorde is nie, maar die eienskap wat die karakter moet hê wel deurgee.

Vir die teks is daar op Groot Man besluit omdat dit ’n eenvoudige naam is wat maklik deur jong lesers verstaan sal word. Dit is ’n gewone ekwivalent van albei die woorde wat al twee die eienskappe van die Engelse naam oordra.

4.4.3.5 Not-totally-wee Geordie (Pratchett, 2006:60)

Die eerste deel van hierdie naam is ’n byvoeglike naamwoord wat ’n karaktereienskap beskryf – hierdie karakter is klein, maar nie heeltemal só klein nie. Hierdie deel van die naam kan maklik deur die gebruik van ’n gewone ekwivalent vertaal word: Nie-heeltemal-so-Klein-nie.

Dit is ook moontlik om met ’n gewone ekwivalent met irrelevante skakering te vertaal deur die woord “heeltemal” in spreektaal spelling te skryf om die unieke identiteit van die karakters te beklemtoon: Nie-helemal-so-Klein-nie.

Volgens die *Dictionary of the Scots Language* (Scottish Language Dictionaries Ltd., 2016) en *A Dictionary of First Names* (Hanks et al., 2016) is Geordie ’n troetelnaam vir iemand met die naam

George. Dit word steeds in Skotland en in die noorde van Engeland gebruik (Hanks et al., 2016). Die gebruik van hierdie naam dra dus ook 'n stukkie van die Skotse kultuur oor en gevolglik is dit duidelik dat daar twee elemente in hierdie naam voorkom.

Volgens die *Pharos Afrikaans-Engels/English-Afrikaans Woordeboek/Dictionary* (du Plessis, 2005:253) is “St Joris” die vertaling van “St George”. “Joris” is dus die gewone ekwivalent van die naam “George” onder normale vertaalomstandighede. In hierdie vertaalsituasie, waar domestisering die vertaalstrategie is, is die Skotse kultuur deel van die identiteitsvormende element in die naam wat met die Afrikaanse kultuur vervang moet word om 'n gewone ekwivalent te wees. Indien daar in hierdie geval met “Joris” vertaal word, sal dit 'n irrelevante ekwivalent wees.

Die vertaalekwivalente wat vir die eerste deel van die naam gekies is, is die gewone ekwivalent met irrelevante skakering en vir die tweede deel 'n irrelevante ekwivalent: Nie-helemaal-so-Klein-Joris. Die tweede “nie” is weggelaat om die uitspraak van die naam te vergemaklik.

4.4.3.6 Rob Anybody Feegle (Pratchett, 2006:103)

Die analise van hierdie naam bring aan die lig dat alhoewel die naam “Rob” die verkorting van die naam Robert is (Hanks et al., 2016), dit ook “(be)steel” of “(be)roof” beteken (du Plessis, 2005:1313). Met die tweede naam “Anybody” daarby, vind woordspeling plaas wat karaktertrekke van die persoon aandui, naamlik dat hierdie persoon enige iemand sal besteel.

Die opsie bestaan ook om die naam Rob net so na Afrikaans oor te dra, maar dan sal die dubbele betekenis daarvan verlore gaan. Hierdie vertaling sal 'n irrelevante ekwivalent gee wat bloot 'n naam is en geen karaktertrekke deurgee nie.

Indien die woord “rob” as 'n werkwoord beskou word, is die gewone vertaling daarvan “(be)steel, (be)roof; plunder” (du Plessis, 2005:1313). Volgens die *Groot Tesaurus van Afrikaans* (de Stadler, 1994:296) is “bedrieg” 'n sinoniem vir “steel” en “pier” weer 'n sinoniem vir “bedrieg” (de Stadler, 1994:367). Volgens die WAT (WAT, 2013) beteken die woord “pier” om te “Kul, flous of bedrieg, of op een of ander manier uitoorlê.” Die woord “pier” is dus 'n goeie vertaling omdat dit die regte betekenis oordra en amper soos die naam “Pierre” lyk.

Die tweede deel van die naam kan eenvoudig met 'n gewone ekwivalent vertaal word om sodoende die sinspeling te behou. Hier is 'n paar moontlikhede wat gebruik kan word: elkeen, iedereen,

enigiemand, enigeen, iemand (du Plessis, 2005:774). Vir die doel van die vertaling is die woord “enigiemand” gekies omdat dit die regte betekenis oordra en ook drie lettergrepe soos die Engelse naam het. Die ritme is dus soortgelyk aan die Engelse naam.

Die vertaling wat vir die doeltteks gekies is, is Pier Enigiemand. Vir die eerste deel van die woord is dit ’n ekwivalent met veranderde karaktertrekke en die tweede deel ’n gewone ekwivalent.

4.4.3.7 Daft Wullie (Pratchett, 2006:114)

Die eerste deel van hierdie naam is ’n byvoeglike naamwoord wat op ’n karaktereienskap dui. Dit beskryf die karakter en verskaf aan die leser ’n moontlike rede waarom die karakter soveel keer by sy makkers in die moeilikheid beland. Hierdie karakter praat gereeld sy mond verby en sê dinge wat hy nie veronderstel is om te sê nie omdat hy nie dink voordat hy praat nie. Hy kom ’n bietjie “daft” voor.

Die woordeboekbetekenis vir “daft” is “silly” of “foolish” (Oxford University Press, 2016) en die eerste woord van die naam kan dus maklik vertaal word met “getik”, “dwaas” of “gek” wat gewone ekwivalente is vir “daft” (du Plessis, 2005:898) en “foolish” (du Plessis, 2005:995) onderskeidelik.

Volgens die beskrywing van ’n strokiesprentboek oor ’n populêre Skotse strokiesprentkarakter, Oor Wullie, is die naam Wullie ’n bekende Skotse noemnaam vir seuns met die naam William (AbeBooks Inc., 2016). Indien daar na die Afrikaanse vorm van die naam – Wilhelm of Willem (du Plessis, 2005:1512) – gekyk word, is daar ook ’n bekende noemnaam in Afrikaans wat gebruik kan word, naamlik Willie. Die vertaalekwivalent vir die tweede deel van die naam is ook die gewone ekwivalent.

Drie moontlike vertalings van hierdie naam sal dan wees: Dwase Willie, Gekke Willie of Getikte Willie. Al drie hierdie name is gewone ekwivalente van die naam Daft Wullie.

Dit is ook moontlik om die tweede deel van die naam met ’n irrelevante ekwivalent te vertaal om alliterasie met die eerste deel van die naam moontlik te maak. In daardie geval is die name Gekke Gielie of Getikte Gielie ook moontlikhede.

Die naam Getikte Gielie lees nie so maklik nie en het meer lettergrepe wat die ritme beïnvloed. Met die ritme van die naam as die hoofrede, is Gekke Gielie die beste opsie hier. Albei die woorde het slegs twee lettergrepe en daarom ook ’n lekker leesritme.

Die subprosedure hier is die kombinasie van die gebruik van 'n gewone ekwivalent en 'n irrelevante ekwivalent.

4.4.3.8 Hamish (Pratchett, 2006:122)

Volgens die *Dictionary of First Names* (Hanks et al., 2016) is “Hamish” die verengelsde vorm van die naam James en oorheersend as 'n Skotse naam gekategoriseer. Met die domestikerende strategie in gedagte is die verafrikaanste vorm van die naam “James” hier die gewone vertaalekwivalent, naamlik Jakobus.

Die subprosedure hier is dus net die vertaling met die gewone ekwivalent.

4.4.3.9 Big Yan (Pratchett, 2006:123)

Die eerste deel van hierdie naam is weer 'n byvoeglike naamwoord wat 'n karaktereienskap beskryf – dit dui daarop dat die karakter fisies groot is. Die natuurlikste vertaling vir hierdie deel van die naam is “Groot”. Die tipe vertaalekwivalent vir die eerste deel van die naam is dus die gewone ekwivalent.

Die tweede deel van hierdie naam, Yan, het twee betekenisse en bemoeilik die vertaalproses. Die eerste betekenis van die woord is “een” en kan vanuit die teks afgelei word. Die telstelsel wat die skaapwagters gebruik, begin met “Yan Tan Tethera” (Pratchett, 2006:39) en direk vertaal kan sy naam dus “Groot Een” wees. Dit sal dan 'n gewone ekwivalent wees.

Daar is ook 'n tweede betekenis vir die woord “Yan”, naamlik “A small object or creature, a mite” (Scottish Language Dictionaries Ltd., 2016). Dus kan die naam ook 'n teenstelling wees van die konsepte groot en klein. Om hierdie betekenis oor te dra is nie werklik met 'n gewone vertaalekwivalent moontlik nie. Dit is wel moontlik met 'n toevallige ekwivalent indien die woord “mite” word met die woord “duit” vertaal word (du Plessis, 2005:1163) om die naam “Groot Duit” te lewer.

Vir die tweede deel van die naam is dit dus onmoontlik om albei betekenisse van die naam te vertaal. Die vertaler sal slegs een van die twee betekenisse kan oordra.

Daar is ook 'n derde opsie vir die vertaler en dit is om na die woord se uitspraak te kyk en die irrelevante ekwivalent Jan te gebruik. In hierdie geval is “Groot Jan” 'n moontlike vertaalekwivalent van die naam. Met die oorkoepelende domestikerende strategie in gedagte, asook die feit dat die jonger lesers in ag geneem moet word, is dit 'n goeie opsie vir hierdie naam.

Met die gebruik van die naam Groot Jan, is die vertaalekwivalent wat hier gekies is 'n irrelevante ekwivalent.

4.4.3.10 Fion (Pratchett, 2006:141)

Die naam Fion is blykbaar 'n Ierse naam wat "Wit skouer" beteken (BabyCentre LLC, 2016). Dit is nie 'n baie bekende naam nie en nie baie inligting is beskikbaar daarvoor nie. Die rede vir die gebruik van die naam is onduidelik in die teks en die naam gee geen karaktereienskappe van die karakter deur nie.

Die vertaler kan dus enige vroulike naam hier gebruik sonder om die betekenis daarvan in ag te neem, omdat daar geen karaktereienskappe in die naam deurgegee word nie. Die vertaalekwivalent wat in hierdie geval gebruik word, is irrelevante ekwivalent.

Dit is wel ook moontlik dat die naam die verkorting van die naam Fiona is. Indien dit so aanvaar word, kan die naam Fina gebruik word aangesien dit 'n variasie van die naam Fiona is (Hanks et al., 2016). Hierdie naam sal maklik deur Afrikaanse lesers uitgespreek kan word al is dit nie 'n bekende Afrikaanse naam nie. In hierdie geval sal dit die vertaling na 'n gewone ekwivalent wees.

4.4.3.11 William the Gonnagle (Pratchett, 2006:173)

Die eerste deel van die naam is maklik vertaalbaar met die gewone ekwivalent van die naam "William", naamlik Wilhelm of Willem (du Plessis, 2005:1512).

Die tweede deel van die naam word in die teks as 'n spesifieke amp gebruik – naamlik die persoon wat met die vreemde musiekinstrument musiek maak en ook gedigte tydens veldslae voordra.

Die naam "gonnagle" is afgelei van die naam van 'n Skotse digter William Topaz McGonagall wat gedurende die laat 1800's bekendheid verwerf het vir sy besonder slegte digkuns (Discworld & Terry Pratchett Wiki, 2012). Hierdie persoon was uniek en om 'n gewone ekwivalent hiervoor op te spoor is onmoontlik aangesien daar nie 'n bekende Afrikaanse digter is wat so openlik vir swak digkuns gekenmerk word nie.

Dit is wel moontlik om 'n ekwivalent met veranderde karaktertrekke te gebruik. 'n Bekende Afrikaanse digter, wat ook 'n musikant is, se naam kan in hierdie geval gebruik word. Die eienskap wat oorgedra word is dat die persoon 'n digter en sanger is, maar nie die negatiewe konnotasie maak ten opsigte van die digkuns se gehalte nie. Die doelteksleser behoort nie bewus te wees van die negatiewe konnotasie van die bronteks nie en die konnotasie in die doelteks hoef dus nie sleg te wees nie.

Voorbeelde van bekende Afrikaanse digters/sangers wat hier gebruik kan word is Koos Kombuis (André Letoit), Johannes Kerkorrel (Ralph John Rabie) of Karen Zoid (Karen Louise Greeff). Al drie hierdie Afrikaanse kunstenaars het die wêreld met van hulle gedigte of liedjies geskok. In die roman kan die skokkende effek die oorsaak wees waarom die vyande op vlug slaan by die aanhoor daarvan.

Indien een van hierdie persone se name gebruik word, sal dit as 'n ekwivalent met veranderde karaktertrekke beskou word. Die veranderde karaktertrek is nou 'n positiewe konnotasie in terme van die gehalte van die digkuns. Moontlike vertalings is:

Willem de Zoider;

Willem de K'orrel;

Willem de K'buis; of 'n kombinasie van twee van die name,

Willem de Kombuisorrel.

Die laaste moontlike vertaalekwivalent lees maklik en het 'n lekker ritme. Die bronteksnaam se betekenis kom eers na vore wanneer 'n mens van die "swak" digter se bestaan bewus raak, met ander woorde ná analyse daarvan. Dit is nie 'n alombekende naam nie. Net so kan die doelteksnaam nie direk aan 'n Afrikaanse digter gekoppel word nie, maar eers ná 'n bietjie oordenking.

Die subprosedure hier is dus vertaling met 'n ekwivalent met veranderde karaktertrekke.

4.4.3.12 No'-as-big-as-Medium-Sized-Jock-but-bigger-than-Wee-Jock-Jock (Pratchett, 2006:178)

Die meeste van hierdie vreemde naam is 'n beskrywing van die karakter se fisieke grootte wat hom van die karakter met die naam Wee Jock onderskei. Dus is die voor die hand liggende keuse om dit met die gewone ekwivalent te vertaal.

Die tweede deel van hierdie naam, Jock, word as 'n Skotse variasie van die naam Jack gedefinieer en daar is genoem dat dit soms as die bynaam vir enige Skotse man gebruik word (Hanks et al., 2016). Met die domestikerende strategie in gedagte, is 'n goeie vertaling hiervoor die naam Jan, omdat Jan in Afrikaans as 'n algemene bynaam vir enige persoon gebruik word, soos byvoorbeeld in die volgende algemeen gebruikte vorme: Jan Alleman, Jan Taks, Jan Tuisbly, Jan Rap en sy maat, ens. (du Plessis, 2005:251). Die voorgestelde vertaling, deur die gebruik van 'n gewone ekwivalent, is dus: Nie-so-groot-soos-Mediumgrootte-Jan-maar-groter-as-Klein-Jan-Jan.

Inaggenome dat die naam “Yan” reeds met die naam Jan vertaal is, is dit goedgevind om die naam met ’n ander algemene Afrikaanse naam te vertaal. Die gekose naam is Frik omdat dit ook ’n algemene naam is wat maklik gespel en uitgespreek word. Die moontlike vertaling is dus: Nie-so-groot-soos-Mediumgrootte-Frik-maar-groter-as-Klein-Frik-Frik.

Die verkorting van die woord “not” deur die weglating van die “t” word gebruik om spreektaal in die bronteks aan te dui. Vir die Afrikaanse naam word die verkorting na die woord “maar” verplaas aangesien dit algemene spreektaal is om dit so af te kort. Die tweede “nie” word ook weggelaat om die lees van die naam effens te vergemaklik en die volgende vertaling word dus gelewer: Nie-so-groot-soos-Mediumgrootte-Frik-ma’-groter-as-Klein-Frik-Frik.

Met die laasgenoemde naam is die verkleining soos in die Engels toegepas. As die standaardverkleining van Afrikaans in ag geneem word, verskuif die verkleining direk na die naam en die woord “klein” val weg. Die volgende is die finale vertaling: Nie-so-groot-soos-Mediumgrootte-Frik-ma’-groter-as-Frikkie-Frik.

Die subprosedure hier is om die eerste gedeelte van die naam met ’n kombinasie van ’n gewone vertaalekwivalent te vertaal en ’n toevallige ekwivalent vir die naam Jock.

4.4.3.13 Wee Jock (Pratchett, 2006:178)

Die eerste deel van hierdie naam is weer dieselfde byvoeglike naamwoord wat by ’n paar van die ander Feegle-name gebruik word en ’n eienskap van die karakter beskryf. “Wee” is die Skotse woord vir “klein” (Scottish Language Dictionaries Ltd., 2016) en kan maklik daarmee vertaal word. Hier is weer ’n moontlike vertaling deur die gebruik van die gewone ekwivalenttipe.

Die tweede deel van die naam is dieselfde as die tweede deel van die vorige vertaalde naam. Die twee name hou verband omdat die eerste naam die persoon se fisieke grootte beskryf in vergelyking met hierdie een, en dus moet dié een ook met Frik vertaal word en is ’n moontlike vertaling Klein Frik.

Om konsekwentheid te behou word die verkleiningsvorm ook in hierdie geval na die naam oorgedra en is die naam wat in die teks gebruik word eenvoudig net “Frikkie”.

Die vertaalekwivalent wat hier vir die tweede deel van die naam voorgestel word, is dus ook die toevallige ekwivalent. Die subprosedure ’n kombinasie van die gewone ekwivalent en ’n toevallige ekwivalent.

4.4.4 Voorkoms

Die eerste beskrywing van die Feegles wat in die teks voorkom, word in hoofstuk 1 van die boek gegee:

A little man, only six inches high, was standing up in it. He had a mass of untidy red hair into which a few feathers, beads, and bits of cloth had been woven. He had a red beard, which was pretty much as bad as the hair. The rest of him that wasn't covered with blue tattoos was covered with a tiny kilt. (Pratchett, 2006:5)

In hierdie paragraaf is die Skotse verwysing die “tiny kilt” wat hulle dra. Daar is ook stereotipering van die Skotte, naamlik die rooi hare en baard. Die res is slegs ’n uiterlike beskrywing wat geen verdere kulturele konnotasies bevat nie.

Die domestikerende strategie bepaal dat die kulturele verwysings na die Afrikaanse kultuur oorgedra moet word. Aangesien die rooi hare nie stereotipering van enige kultuur in Afrikaans is nie, kan dit net so in die vertaling gehou word. Die kulturele verwysing val weg maar dit bly ’n identiteitsvormende element, naamlik dat almal rooi hare het.

Daar is nie werklik kulturele kleredrag in die Afrikaanse kultuur wat by die res van die beskrywing van die karakters sal pas nie. Die Afrikaanse kultuur behoort ook nie te prominent te wees nie aangesien dit net die basis is vir hul eie identiteit en hulle nie ’n volledige Afrikaanse identiteit behoort te hê nie.

Hierdie elemente sal dus geneutraliseer word om te voorkom dat enige persoon met die beskrywing hiervan beledig voel. Omdat die Feegles so ’n informele groep karakters is, is dit moontlik om hulle eenvoudig in kniebroeke te klee. Dit is informele kleredrag, wat plek-plek geskeur kan wees om die barbaarsheid te beklemtoon, en behoort geen spesifieke kultuurgroep te beledig nie.

Die domestikerende strategie bepaal ook dat die gebruik van duime verander word na die gebruik van sentimeters.

Die vertaling wat gebruik word vir die paragraaf in hoofstuk 1 lyk soos volg:

’n Klein mannetjie, ongeveer 15 sentimeter lank, staan in die boot op. Hy het ’n bos rooi hare, erg deurmekaar, waarin ’n paar vere, krale en stukkies lap vervleg is. Hy het ook ’n rooi baard, net so deurmekaar soos sy hare. Die res van hom, wat nie met blou tatoeëermerke bedek is nie, is met ’n geskeurde kniebroek bedek.

Nog twee ander beskrywende paragrawe wat die karakters se fisieke voorkoms beskryf kom in hoofstuk 4 voor:

They were all about six inches tall and mostly colored blue, although it was hard to know if that was the actual color of their skins or just the dye from their tattoos, which covered every inch that wasn't covered with red hair. They wore short kilts, and some wore other bits of clothing too, like skinny vests. A few of them wore rabbit or rat skulls on their heads, as a sort of helmet. And every single one of them carried, slung across his back, a sword nearly as big as he was. (Pratchett, 2006:98)

Some of the Feegle had feathers in their hair and necklaces of mole teeth. You couldn't tell someone with half his face dyed dark blue and a sword as big as he was that you weren't really a witch. (Pratchett, 2006:112)

In hierdie paragrawe is daar weer slegs die verwysing na die Skotse rokkie en rooi hare wat die aard van die Skotse kultuur oordra. Die Skotse rokkie word weer vervang met die kniebroek en die rooi hare word net so oorgedra. Die rooi hare dra by tot die unieke identiteit van die karakters sonder om enige kulturele betekenis in Afrikaans te hê en kan dus net so gebruik word.

Die res van die beskrywing word sonder enige veranderinge na Afrikaans vertaal.

Die verwysing na die swaard kan ook na die Skotse kultuur verwys, maar daar kan geredeneer word dat baie nasies deur die loop van die geskiedenis met swaarde geveg het. Dit is 'n bekende wapen wat nie slegs aan een kultuur gekoppel kan word nie. Om dit met iets soos byvoorbeeld 'n "voorlaaier" te vertaal, sal die Afrikaanse kultuur weer te sterk beklemtoon en die identiteit nie meer so uniek laat nie. Deur die swaard bloot "swaard" te laat, gee ook aan die teks die gevoel van 'n ware krygsvegter wat gepas is aangesien die karakters so lief vir veg is.

Die paragrawe se vertaling word soos volg voorgestel:

Hulle is almal omtrent 15 sentimeter lank en grotendeels blou van kleur, alhoewel dit moeilik is om hulle werklike velkleur van al die tatoeëermerke se ink te onderskei— want elke stukkie vel wat nie met rooi hare bedek is nie, bevat tatoeëermerke. Hulle dra slegs kniebroeke, maar sommige van hulle dra ander kledingstukies ook, soos dun onderhempies. 'n Paar van hulle dra

haas- of rotskedels op hul koppe, wat dien as ’n helm. En ’n ieder en ’n elk het, op sy rug, ’n swaard byna so groot soos hyself.

Sommige van die Viegels het vere in hul hare en hangertjies van moltande. Hoe kan jy nou iemand met ’n donkerblougekleurde gesig, en ’n swaard so groot soos hyself, vertel dat jy nie regtig ’n heks is nie?

Die subprosedure wat vir die vertaling gebruik word, is die neutralisering van die Skotse kultuurelemente.

4.4.5 Musiekinstrument

Die musiekinstrument wat William the Gonnagle bespeel is op die doedelsak gebaseer. Dit is ’n sak wat van muisvel gemaak is waaraan pypies vasgeskroef word. Die sak word dan, net soos ’n doedelsak, onder die arm gehou, vol lug geblaas en so bespeel.

Die eerste melding van die instrument kom in hoofstuk 6 van die teks voor:

He was holding some sort of fat skin bag, bristling with pipes.

“Now there’s a sight I don’t reckon many humans have seen and lived,” said the toad. “He’s playing the mousepipes!” “They make my ears tingle!” Tiffany tried to ignore the two little ears still on the bag of pipes. (Pratchett, 2006:153)

Vir die domestikerende vertaalstrategie is dit nodig om die instrument met ’n instrument te vervang wat in die Afrikaanse kultuur bekend is. Die konsertina is bekend as die hoofinstrument in Boeremusiek (FAK, 2015) en daarom ’n goeie instrument om vir die vertaling te gebruik. Om die muis-element te behou, word die naam van die instrument verander na “muisertina”. Die beskrywing daarvan word dan ook by die instrument aangepas.

Die vertaling wat gebruik word vir die paragraaf in hoofstuk 6, is die volgende:

Hy hou die een of ander instrument in sy hande vas.

“Dis nou ’n spektakel wat ek reken nie baie mense al gesien en oorleef het nie,” sê die brulpadda.

“Hy speel die muisertina!” “Dit laat my ore tuit!” Tiffanie probeer die twee muisoortjies, wat steeds aan die instrument vassit, te ignoreer.

Die volgende melding van die instrument is in hoofstuk 8, waar die pype van die “mousepipes” met korter pype vervang word om die vyand mee aan te val:

William, with his eyes fixed on the approaching pack, was unscrewing some of the pipes from the mousepipes and putting them in a bag he carried hanging from his shoulder. . . . Slowly William took out some much shorter, smaller pipes that had a silvery look to them and screwed them into place. (Pratchett, 2006:207-208) . . . William swung the mousepipes under his arm and blew into one until the bag bulged. (Pratchett, 2006:208)

Die domestikering van die “mousepipes” na die “muisertina” bemoeilik die beskrywing van die pype wat verander aangesien daar nie werklik iets aan ’n konsertina is wat geruil kan word nie. Om die veranderingselement van die instrument te behou om ’n ernstige aanval te loods, word die hele muisertina vervang met ’n ander een wat duidelik daarvan verskil. Die vertaling lyk soos volg:

Willem, met sy oë stip op die naderende trop, vou die muisertina netjies op en bêre dit in ’n sak wat hy oor sy skouer dra Stedig haal Willem ’n groter, lywiger instrument uit, een met puntore, wat lyk na ’n vlermuis. . . . Willem trek die groter muisertina dramaties vol lug totdat dit ’n eentonige klank voortbring.

Die vertaling van die musiekinstrumente word deur middel van domestikering uitgevoer. Die subprosedure is hier om te vertaal na elemente wat as deel van die Afrikaanse kultuur geïdentifiseer kan word, maar ook verander word om die uniekheid van die karakters te beklemtoon.

4.4.6 Ander

In die teks kom daar nog ’n paar dinge voor wat die identiteit en kultuur van die Feegles beskryf. Die “Gonnagle” het ook ’n ander ampsbenaming, naamlik “battle poet”. Hierdie ampsbenaming is uniek tot die identiteit van die karakters. Dan is daar ook hulle veglustigheid wat regdeur die teks beklemtoon word.

Hierdie twee elemente word hieronder bespreek.

4.4.6.1 Battle poet

In hoofstuk 6 kom ’n beskrywing voor wat die rol van die “Gonnagle” ook beskryf:

“. . . He’s probably their battle poet, too.” . . . “. . . He recites poems that frighten the enemy. . . .”
(Pratchett, 2006:153)

Hier word die “Gonnagle” beskryf as ’n “battle poet” wat gedigte voordra om die vyand af te skrik. Aangesien hierdie beeld geen werklike kulturele konnotasies inhou nie, kan dit net so na die Afrikaanse vertaling oorgedra word. Dit het moontlik te doen met die slegte digkuns wat William McGonagall geskryf het wat in 4.3.11 bespreek is.

Die vertaling wat gebruik is vir hierdie twee sinne lyk soos volg:

“. . . Hy is tien teen een hulle stryddigter ook.” . . . “. . . Hy dra gedigte voor wat die vyand bangmaak. . . .”

Hierdie amp se betekenis en identiteitsvormende element word dus na die Afrikaans oorgedra. Dit word deur die vertaling van die brontekswoorde se woordeboekbetekenisse uitgevoer.

4.4.6.2 Veglus

Die Feegles is baie trots op die feit dat hulle graag veg. Regdeur die teks is daar baie verwysings waar hulle veg teen teddiebere (Pratchett, 2006:63), perde (Pratchett, 2006:82), die kat (Pratchett, 2006:90) en soms ook sommer teen mekaar (Pratchett, 2006:287).

Dit kom duidelik uit die teks na vore dat hulle wel ’n groepie mannetjies is waarmee rekening gehou moet word. Hulle is klein, maar hulle kry baie groot kreature onder. Die afkopruiter se perd word byvoorbeeld met ’n enkele kopstamp tot stilstand gebring (Pratchett, 2006:82):

. . . and then the man hit the horse between the eyes *with his head*.

To her amazement the horse staggered sideways.

“Aw right?” shouted the tiny fighter. “Big toughie, is ye? Once more wi’ *feelin’!*”

This time the horse danced uneasily the other way, and then its back legs slid from under it and it collapsed in the snow.

Dit is ’n identiteitsvormende element hierdie wat nie aan ’n spesifieke kultuur gekoppel word nie en kan daarom ook net so na die Afrikaanse vertaling oorgedra word. Dit sal die uniekheid van die karakters meer beklemtoon. ’n Paar van die vertalings word hieronder gegee:

4.4.6.2 (a) Die geveg met die teddiebeer

Bronteks:

It seemed to Tiffany that although the owners of the three voices were fighting things that couldn't possibly fight back, including a teddy bear with only one leg, the fight still wasn't going all one way. (Pratchett, 2006:63)

Doelteks:

Dit kom vir Tiffanie voor dat, alhoewel die eenaars van die drie stemme met dinge baklei wat onmoontlik kan terugbaklei, insluitende 'n teddiebeer met slegs een been, die geveg steeds nie in hulle guns verloop nie.

4.4.6.2 (b) Tyd wat dit neem vir 'n Feegle om veglustig te raak

Bronteks:

The period of time it takes a pictsie to go from normal to mad fighting mood is so tiny, it can't be measured on the smallest clock. (Pratchett, 2006:193)

Doelteks:

Die tyd wat dit 'n kibouter neem om van normaal na 'n malle vegbui te gaan is so kort, dat dit nie op die kleinste horlosie gemeet kan word nie.

4.4.6.2 (c) Veg teen mekaar

Bronteks:

But they were all in a fighting mood and, to save time, were fighting with one another to get up to speed. The clearing . . . cleared. Real or dreams, the people could see trouble when it rolled toward them in a roaring, cursing, red-and-blue tide. (Pratchett, 2006:287)

Doelteks:

Maar hulle is almal in 'n veglustige bui en, om tyd te spaar, veg hulle solank met mekaar om op te warm. Mense . . . gee pad. Eg of drome, die mense kan sien wanneer moeilikheid na hulle kant toe aangerol kom in die vorm van 'n dawerende, vloekende, rooi-en-blou golf.

Dit is dus moontlik om hierdie identiteitsvormende element, naamlik die veglustigheid, na die doeltaal oor te dra sonder om enige van die betekenis te laat verlore gaan. Die oordrag van die element dra ook geen kulturele betekenis oor nie, maar slegs die identiteit van die karakters.

4.5 Frekwensie van gebruik van subprosedures

Die frekwensie van die gebruik van die subprosedures gee 'n aanduiding van watter subprosedure(s) die meeste gebruik word. Hierdie aanduiding is gebruik om die gevolgtrekkings te maak.

4.5.1 Vertaling van taalgebruik

Die volgende subprosedures is gebruik tydens die vertaling van die voorbeelde geanaliseer onder die kategorieë vir taalgebruik:

Subprosedure per voorbeeld	Frekwensie van gebruik
Spreektaalspelling*	17
Standaardtaal met kompensasie	10
Standaardtaal	6
Niestandaardverkleining	3
Afgeleide woord	2
Informele taalgebruik	2
Nederlands	2
Spreektaalwoord*	2
'n Kombinasie van 'n vaste uitdrukking en 'n woord	1
Nederlands en kompensasie	1

*Daar word 'n onderskeid getref tussen woorde wat in die woordeboek voorkom as spreektaalwoorde en standaardtaalwoorde wat slegs met spreektaalspelling in die vertaling geskryf word.

Daar is 'n totaal van 46 voorbeelde geanaliseer en vertaal. Uit hierdie 46 gevalle is 17 keer van spreektaalspelling gebruik gemaak om 'n identiteitsvormende element na die vertaling oor te dra. Die subprosedure wat tweede op die lys voorkom, met 'n frekwensie van 10, is vertaling na standaardtaal met kompensasie.

Die kompensasie wat in hierdie tien gevalle gebruik is, kan ook gelys word as subprosedures omdat dit deel vorm van die oordrag van die identiteit van die karakters. Die soort kompensasie wat in al tien hierdie gevalle gebruik is, is spreektaalspelling vir woorde wat in die bronteks in standaardtaal geskryf is.

Dus is daar gevind dat die subprosedure wat oorheersend gebruik is by die vertaling van die karakters se taalgebruik die vertaling na woorde in spreektaalspelling is.

Die kategorieë identiteitsvormende elemente wat in die doelteks voorkom is dus die bogenoemde subprosedures, uitsluitende die gebruik van slegs standaardtaal. Die Afrikaanse teks sal wel minder kategorieë hê, maar dit is steeds moontlik om genoegsame identiteitsvormende elemente voor te lê om 'n unieke identiteit vir die karakters te skep.

4.5.2 Vertaling van name

Daar is dertien karaktername wat vir die studie geanaliseer en vertaal is. Vir sewe van die name is 'n kombinasie van twee subprosedures gebruik. Drie van die name is met 'n gewone ekwivalent vertaal, twee name is met 'n irrelevante ekwivalent vertaal en een naam is met 'n ekwivalent met veranderde karaktertrekke vertaal.

Die subprosedures wat per naam gebruik is, is as volg:

Subprosedure per naam	Frekwensie van gebruik
Kombinasie: gewone ekwivalent en irrelevante ekwivalent	2
Kombinasie: gewone ekwivalent en toevallige ekwivalent	2
Kombinasie: transkribering en toevallige ekwivalent	1
Kombinasie: gewone ekwivalent met irrelevante skakering en irrelevante ekwivalent	1
Kombinasie: ekwivalent met veranderde karaktertrekke en gewone ekwivalent	1
Gewone ekwivalent	3
Irrelevante ekwivalent	2
Ekwivalent met veranderde karaktertrekke	1

Daar is gevind dat die oorheersende subprosedure by die vertaling van name dus die gebruik van 'n kombinasie van twee subprosedures is.

Die rede waarom 'n kombinasie van subprosedures gebruik is, is die feit dat hierdie name uit meer as een element bestaan wat moontlik kan karakteriseer. Wanneer die subprosedures wat gebruik is by die vertaling van name apart beskou word, hetsy vir een naam of meer, is 'n subprosedure 20 keer toegepas. Die hoeveelheid keer wat elke subprosedure toegepas is, word in die tabel hieronder aangedui:

Subprosedure	Frekwensie van gebruik
Transkripsie	1
Gewone ekwivalent	8
Gewone ekwivalent met irrelevante skakering	1
Toevallige ekwivalent	3
Toevallige ekwivalent met irrelevante skakering	0
Ekwivalent met veranderde karaktertrekke	2
Ekwivalent met veranderde karaktertrekke en irrelevante skakering	0
Irrelevante ekwivalent	5
Irrelevante ekwivalent met irrelevante skakering	0

Hierdie frekwensies dui aan dat die oorheersende subprosedure vir die vertaling van name in hierdie teks die gebruik van 'n gewone ekwivalent is.

Daar is dus gevind dat, in die geval van hierdie spesifieke teks, die identiteitsvormende elemente wat in die karakters se name voorkom, die beste na die doeltaal oorgedra sal word deur van gewone ekwivalente gebruik te maak.

4.6 Gevolgtrekking

In hierdie roman is identiteitsvormende elemente belangrik vir die karakterisering van die Nac Mac Feegles omdat hulle so 'n unieke groep karakters is.

Dialek en naamgewing word geïdentifiseer as die twee hoofelemente wat hierdie karakters se identiteit aan die leser bekendmaak. Daar is gevind dat daar in die reeds geskryfde literatuur vier hoofstrategieë vir die vertaling van dialek is. Van hierdie vier strategieë is slegs een strategie as gepas vir die doel van hierdie vertaling beskou, naamlik die vertaling na standaardtaal met merkers. Die identiteitsvormende elemente is op hierdie manier na die doeltteks oorgedra sonder om enige persone onwetend te beledig en die uniekheid van die identiteit is behou.

Met die vertaling van naamgewing is die agt moontlike vertaalekwivalenttipes gebruik wat deur Kalashnikov gedefinieer is om die vertaalekwivalent wat in elke geval gebruik is, te kategoriseer (Kalashnikov, 2006b). Hierdie vertaalekwivalenttipes is die volgende: gewone ekwivalent; gewone ekwivalent met irrelevante skakering; toevallige ekwivalent; toevallige ekwivalent met irrelevante skakering; ekwivalent met veranderde karaktertrekke; ekwivalent met veranderde karaktertrekke en irrelevante skakering; irrelevante ekwivalent en irrelevante ekwivalent met irrelevante skakering.

Die geïdentifiseerde identiteitsvormende elemente word ingedeel om ses kategorieë te identifiseer, naamlik: die gebruik van Niestandaardengels; die gebruik van niestandaardspelling; naamgewing; voorkoms; musiekinstrumente en ander. Onder die eerste twee kategorieë word subkategorieë ook geïdentifiseer. Elke kategorie en subkategorie is geanaliseer om te bepaal wat die beste subprosedure in elke geval sal wees.

Met die vertaling van die eerste twee kategorieë word die taalgebruik van die karakters geanaliseer. Die subprosedures wat tydens die proses geïdentifiseer is om hierdie elemente na die doeltteks oor te dra is grotendeels die gebruik van spreektaalspelling om aan te dui hoe die sprekers dit sal sê.

Die toepassing van die semiotiese proses met die vertaling van die karakters se name het aan die lig gebring dat die meeste van die name se bykomende betekenis suksesvol na die doelteks oorgedra kon word. Die doeltekslesers kry dus ook met 'n unieke groep karakters in die doelteks te doen.

Die laaste drie kategorieë se identiteitsvormende elemente is ook maklik na die doelteks oorgedra. Die Skotse kulturele elemente is vanuit die teks verwyder, maar die uniekheid van die karakters is steeds beklemtoon deur van domestisering van sommige elemente gebruik te maak.

Die belangrikste gevolgtrekking wat hier gemaak kan word, is dat dit wel moontlik is om die vertaling uit te voer en identiteitsvormende elemente suksesvol oor te dra deur van 'n sekere vertaalstrategie en verskeie vertaalprosedures en subprosedures gebruik te maak. Die karakters het steeds 'n unieke identiteit wat maklik deur jonger lesers verstaan en waardeer kan word.

5. BEVINDINGE EN GEVOLGTREKKINGS

5.1 Inleiding

Die roman *The Wee Free Men* bevat 'n groep baie interessante karakters wat 'n unieke identiteit toon. Met vertaling van hierdie teks, is dit noodsaaklik dat die funksie van hierdie identiteitsvormende elemente ook na die doelteks oorgedra word. Die probleem is dat die identiteit van hierdie karakters grotendeels op die Skotse kultuur en dialek gebaseer is en moeilik is om na Afrikaans te vertaal.

In hierdie gevallestudie was die doel van die navorsing om vas te stel watter strategie en prosedures die beste toegepas kan word om die funksie van die identiteitsvormende elemente van die karakters se unieke identiteit na die doelteks oor te dra. Hieruit word die navorsingsvraag afgelei: Watter strategie en -prosedures kan toegepas word om die unieke identiteit van die Nac Mac Feegles suksesvol na Afrikaans oor te dra? Om hierdie vraag te beantwoord is drie subvrae geformuleer om sekere data te verkry.

Die metodologie wat gebruik is in hierdie studie is 'n induktiewe benadering gebaseer op 'n interpretivistiese filosofie. 'n Gevallestudie is op die spesifieke teks uitgevoer om die strategie en prosedures te identifiseer wat die identiteit van die karakters die beste in Afrikaans oordra.

5.2 Navorsingsvrae en bevindinge van die studie

Die bevindinge van die studie het die volgende antwoorde verskaf op die navorsingsvrae wat aan die begin gestel is.

5.2.1 Watter strategieë en prosedures kan moontlik gebruik word om die funksie van identiteitsvormende elemente suksesvol in vertaling oor te dra?

Daar is vanuit 'n diepgaande studie deur Landers gevind dat die vertaling van literêre tekste uitgevoer kan word deur gebruik te maak van enige algemene teorie wat vir vertaling voorgelê word. Enige strategie vanuit die vertalingsveld is dus 'n moontlikheid vir die vertaling.

Die oorkoepelende vertaalstrategie word bepaal deur die besluitneming oor die lojaliteit teenoor die leser, dit wil sê die besluit of die lojaliteit by die doelteks of die bronteks gaan lê. Hierdie strategie het ook die keuse van die vertaalprosedures beïnvloed.

Vier moontlike prosedures is geïdentifiseer vir die gebruik by die vertaling van dialek:

- Moet glad nie die dialek vertaal nie (Rosenthal, 1945; Englund Dimitrova, 1997; Landers, 2001).
- Vertaal die dialek met 'n gepaste doeltaaldialek of sosiolek (Doyle, 1930; Bonaffini, 1997; Horobin, 2001).
- Vertaal die dialek na standaardtaal (Gerber, 1896; Landers, 2001; Benko & Zorko, 2012).
- Vertaal die dialek na standaardtaal met die gebruik van merkers om aan te dui dat op 'n onkonvensionele manier gepraat word of om spreektaal aan te dui (Landers, 2001:270; Davies, 2009:2).

Vir die vertaling van name is drie moontlike prosedures geïdentifiseer:

- geen vertaling (Newmark, 1981:70);
- transkripsie van die naam in die doeltaal (Kalashnikov, 2006a; Benko & Zorko, 2012); en
- die gebruik van gespesifiseerde vertaalekwivalente (Kalashnikov, 2006b:3).

5.2.2 Watter identiteitsvormende elemente kenmerk die identiteit van die karakters?

Die analise van die gekose vertaalteks het die volgende hoofkategorieë identiteitsvormende elemente geïdentifiseer: die gebruik van Niestandaardengels, die gebruik van niestandaardspelling, naamgewing, voorkoms, musiekinstrument en enkele ander elemente.

Onder die eerste twee kategorieë is daar subkategorieë geïdentifiseer. Onder die eerste kategorie is die volgende subkategorieë geïdentifiseer: die gebruik van Skotse woordeskat, Glasgowse woordeskat, argaïese woordeskat, informele woordeskat, sleng, dialek, niestandaardtaal en brabbeltaal. Die tweede kategorie se subkategorieë is die volgende: niestandaardspelling van aanvaarde Skotse woorde en niestandaardspelling van Engelse woorde. Die laaste subkategorie word verder onderverdeel in die volgende: verkorting van woorde deur weglating van letters aan die einde van die woord, verkorting van woorde deur weglating van letters in die middel van die woord, samevoeging en sametrekking van woorde, verandering van spelling om uitspraak aan te dui, verlenging van woorde, niestandaardverkleining van woorde en afgeleide woorde.

Al die bogenoemde kategorieë elemente karakteriseer die Nac Mac Feegles op die een of ander manier en die funksie van hierdie elemente moes tydens vertaling behoue bly.

5.2.3 Watter van die geïdentifiseerde strategieë en prosedures sal die funksie van die identiteitsvormende elemente die beste na Afrikaans oordra?

Vir hierdie studie is die oorkoepelende strategie geïdentifiseer wat die lojaliteit van die vertaler bepaal. Dan is daar twee vertaalprosedures geïdentifiseer vir gebruik by die vertaling van die taalgebruik en naamgewing onderskeidelik. Onder elke een van die twee vertaalprosedures is daar verskeie subprosedures geïdentifiseer, deur die gebruik van 'n semiotiese proses, wat die identiteit van die karakters na die doeltteks oordra.

5.2.3.1 Oorkoepelende vertaalstrategie

Met die analise van die strategieë soos geïdentifiseer by die eerste navorsingsvraag, is gevind dat 'n oorkoepelende domestikerende strategie die beste sal werk vir die doel van die vertaling omdat die Skotse dialek moeilik in Afrikaans uitgebeeld word.

5.2.3.2 Vertaling van taalgebruik

Vir die vertaling van die karakters se taalgebruik, is besluit dat die volgende vertaalprosedure die identiteit van die karakters die beste sal oordra: Vertaal na standaardtaal met merkers om spreektaal en uitspraak aan te dui. Die merkers wat tydens die vertaling gebruik is, is as die subprosedures beskou.

Daar is gevind dat met die vertaling van die 46 voorbeelde van die karakters se taalgebruik, die subprosedure met die hoogste frekwensie die vertaling na woorde in spreektaalspelling is. Die subprosedure wat die tweede hoogste frekwensie het, is die vertaling na standaardtaal met kompensasië, waar die kompensasië in elkeen van dié tien gevalle ook die spreektaalspelling van woorde is.

5.2.3.3 Vertaling van name

Die prosedure wat gekies is by die vertaling van name is om van gespesifiseerde vertaalekwivalente tydens vertaling gebruik te maak. Daar is slegs in een geval van hierdie prosedure afgewyk waar met 'n transkribering van 'n element van die naam vertaal is.

Tydens die vertaling van hierdie teks, is gevind dat die subprosedure wat die meeste toegepas is by die vertaling van die dertien name, die gebruik van 'n kombinasie van die gespesifiseerde vertaalekwivalente is. Wanneer elke gebruik van 'n subprosedure getel word, insluitend elke keer in gekombineerde gebruik, is daar in totaal 20 keer 'n subprosedure toegepas. Hierdie frekwensielys toon dat die subprosedure wat die meeste toegepas is, die gebruik van 'n gewone ekwivalent is.

5.2.3.4 Vertaling van ander identiteitsvormende elemente

Die kategorieë identiteitsvormende elemente wat nie van taalgebruik of naamgewing deel vorm nie, en waarvan daar slegs enkele voorbeelde bestaan, is slegs met die toepassing van die oorkoepelende domestikerende strategie vertaal. Die karakters se voorkoms is geneutraliseer om geen kulturele aspekte oor te dra nie. Die musiekinstrumente is gedomestikeer om op 'n bekende Afrikaanse instrument te sinspeel. Die laaste twee elemente, naamlik die gebruik van 'n "battle poet" en hulle veglustigheid is eenvoudig net so vertaal aangesien dit geen kulturele betekenis inhou nie.

5.3 Gevolgtrekkings van studie

Die gevolgtrekking van die studie is dat dit moontlik is om identiteitsvormende elemente van die karakters suksesvol oor te dra deur van 'n sekere strategie en verskeie prosedures en subprosedures gebruik te maak. Met die toepassing van hierdie strategie en prosedures word identiteitsvormende elemente suksesvol na doeltëks oorgedra. Die identiteitsvormende elemente wat in die taalgebruik van die doeltaal te vinde is, is nie dieselfde elemente as wat in die brontëks voorkom nie, maar dien dieselfde funksie, naamlik om die unieke identiteit oor te dra.

Die toepassing van 'n oorkoepelende domestikerende strategie op die vertaling het tot gevolg dat 'n tëks gelewer word wat deur Afrikaanssprekende lesers verstaan en geniet kan word.

5.3.1 Gevolgtrekking ten opsigte van die vertaling van taalgebruik

Daar is gevind dat identiteitsvormende elemente in die taalgebruik van karakters suksesvol na die doeltaal oorgedra kan word deur van domestikering en spreektaalspelling van standaardwoorde gebruik te maak.

Die volgende meer algemene gevolgtrekking kan ook gemaak word: die gebruik van domestikering en spreektaalspelling van standaardwoorde is 'n moontlike benadering vir die hantering van enige opgemaakte dialek wat in 'n doeltëks voorkom.

5.3.2 Gevolgtrekking ten opsigte van die vertaling van name

Die identiteitsvormende elemente wat in name voorkom kan suksesvol na 'n vertaling oorgedra word deur van gespesifiseerde vertaalekwivalente, veral 'n gewone ekwivalent, gebruik te maak.

5.3.3 Gevolgtrekking ten opsigte van die vertaling van ander identiteitsvormende elemente

Identiteitsvormende elemente wat kultuurgebonde is kan na die doeltëks oorgedra word deur van domestikering as vertaalstrategie gebruik te maak.

Hierdie bevindinge is beslis op die betrokke teks van toepassing. 'n Veralgemene bevinding, naamlik dat hierdie strategie en prosedures by enige vertaling van identiteitsvormende elemente in fiksietekste gebruik kan word, is nie werklik moontlik nie. Die sukses van so 'n vertaling sal bepaal word deur die tipe identiteitsvormende elemente wat in die brontekste voorkom.

5.4 Voorstelle vir verdere navorsing

Met die oog op verdere navorsing is daar wel 'n onderwerp wat 'n goeie studie kan lewer. Dit sal 'n interessante studie wees om te ondersoek of dit moontlik is om wel 'n nuwe dialek vir die karakters te skep wat op 'n Afrikaanse streeksdialek gebaseer is. Die vertaler in so 'n geval behoort die dialek goed te ken, moet weet wat die sprekers van die dialek as beledigend sal ervaar en die teks so vertaal om hierdie elemente uit te laat. So 'n studie sal moontlik die betrokkenheid van doeltekstlesers verg om die etiese aspek van die teks uit te klaar.

5.5 Gevolgtrekking

Vertaling van fiksietekste waarin belangrike identiteitsvormende elemente voorkom hou verskeie uitdagings in wanneer die identiteit aan 'n spesifieke kultuur gekoppel is. Dit is nie altyd moontlik om die kultuur na die doeltekste oor te dra nie.

Met hierdie studie is bewys dat deur 'n sekere strategie en verskeie prosedures en subprosedures toe te pas, dit wel moontlik is om aan die karakters in die doeltekste 'n unieke identiteit te gee sonder om die spesifieke kultuur van die brontaal na die doeltekste oor te dra. Die identiteitsvormende elemente sal nie noodwendig met dié van die brontekste ooreenstem nie, maar die funksie daarvan word wel suksesvol na die doeltekste oorgedra om die doeltekstleser dieselfde genot te verskaf as wat die brontekste aan die brontekstleser verskaf.

BIBLIOGRAFIE

- AbeBooks Inc. 2016. *Broons and Oor Wullie the Fab Eleven* [Aanlyn]. Beskikbaar:
<http://www.abebooks.com/BROONS-OOR-WULLIE-FAB-ELEVEN-D.C.Thomson/11896381312/bd> [Besoek 15 Mei 2016].
- Ager, S. 2016. *Sheep scoring numbers* [Aanlyn]. Beskikbaar:
<http://www.omniglot.com/language/numbers/celtic2.htm> [Besoek 27 Julie 2016].
- Appiah, K.A. 1993. Thick translation. In: Venuti, L. (red.) *The Translation Studies Reader*. 2^{de} uitg. Londen en New York: Routledge, Hoofstuk 27.
- Babbie, E. 2007. *The Practice of Social Research*, VSA: Thomson Wadsworth.
- BabyCentre LLC. 2016. *Fion - Girl's name meaning, popularity, and origin* [Aanlyn]. Beskikbaar:
<http://www.babycenter.com/baby-names-fion-429135.htm> [Besoek 27 Julie 2016].
- Baker, M. 1992. *In Other Words: A coursebook on translation*, Londen: Routledge.
- Baker, M. 2005. Routledge Encyclopedia of Translation Studies. 1^{ste} uitg.: Taylor & Francis e-Library.
- Baker, M. 2014. Translation as Renarration. In: House, J. (red.) *Translation: A Multidisciplinary Approach*. Basingstoke: Palgrave Macmillan,
- Bassnett, S. 2002. *Translation Studies*, Londen en New York: Routledge.
- Bassnett, S. 2007. Culture and Translation. In: Kuhiwczak, P. en Littau, K. (reds.) *A Companion to Translation Studies*. Clevedon: Multilingual Matters Ltd, Hoofstuk 1.
- Bassnett, S. en Trivedi, H. 1999. Introduction. Of colonies, cannibals and vernaculars. In: Bassnett, S. en Trivedi, H. (reds.) *Post-colonial Translation Theory and Practice*. Londen: Routledge,
- BBC. 2014. *Terry Pratchett in conversation* [Aanlyn]. Beskikbaar:
http://www.bbc.co.uk/wiltshire/going_out/theatre/pratchett.shtml [Besoek 2 September 2014].
- BBC. 2015. *Sir Terry Pratchett, renowned fantasy author, dies aged 66* [Aanlyn]. Beskikbaar:
<http://www.bbc.com/news/entertainment-arts-31858156> [Besoek 23 Junie 2015 2015].
- Bell, T. 2011. Peter Newmark obituary. *The Guardian*.
- Benjamin, W. 1923. The task of the translator. In: Venuti, L. (red.) *The Translation Studies Reader*. 2^{de} uitg. Londen en New York: Routledge, Hoofstuk 1.
- Benko, A. en Zorko, Z. 2012. Translation of Prežih's dialect lexis into English. *inTRAlinea* [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.intralinea.org/archive/article/1839>.
- Berman, A. 1985. Translation and the trials of the foreign. In: Venuti, L. (red.) *The Translation Studies Reader*. 2^{de} uitg. Londen en New York: Routledge, Hoofstuk 21.
- Blum-Kulka, S. 1986. Shifts of cohesion and coherence in translation. In: Venuti, L. (red.) *The Translation Studies Reader*. 2^{de} uitg. Londen en New York: Routledge, Hoofstuk 22.

- Bly, R. 1982. The Eight Stages of Translation. *The Kenyon Review, New Series*, Vol. 4, No. 2, pp 68-89.
- Bonaffini, L. 1997. Translating Dialect Literature. *World Literature Today*, Vol. 71, No. 2, pp 279-288.
- Borges, J.L. 1935. The translators of the Thousand and One Nights. In: Venuti, L. (red.) *The Translation Studies Reader*. 2^{de} uitg. Londen en New York: Routledge, Hoofstuk 3.
- Boyd, M. 2013. Two Opposing Views of Literary Translation: Nabokov vs. Borges. *Diálogos Online Forum* [Aanlyn]. Beskikbaar by: <http://dialogos.ca/2013/06/two-opposing-views-of-literary-translation-nabakov-vs-borges/> [Besoek 6 Augustus 2014].
- Boyle, J. 2002. *Lincolnshire Shepherd* [Aanlyn]. Beskikbaar: http://www.ramshornstudio.com/lincoln_sheep.htm [Besoek 25 Junie 2015].
- Breebaart, L. 2001. *Bibliographic Information* [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.lspace.org/books/reviews/the-wee-free-men.html> [Besoek 1 Desember 2014].
- Brisset, A. 1996. The search for a native language: translation and cultural identity. In: Venuti, L. (red.) *The Translation Studies Reader*. 2^{de} uitg. Londen en New York: Routledge, Hoofstuk 24.
- Catford, J.C. 1965. Translation Shifts. In: Venuti, L. (red.) *The Translation Studies Reader*. 2^{de} uitg. Londen en New York: Routledge, Hoofstuk 10.
- Chamberlain, L. 1988. Gender and the metaphors of translation. In: Venuti, L. (red.) *The Translation Studies Reader*. 2^{de} uitg. Londen en New York: Routledge, Hoofstuk 23.
- Chappell, A. 2008. *Book Review – Terry Pratchett – Discworld – The Wee Free Men* [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://arthurchappell.me.uk/book.review-terry.pratchett-discworld-the.wee.free.men.htm> [Besoek 2 Desember 2014].
- Charl. 2015. Die Geskiedenis van Afrikaans. *De Afrikander* [Aanlyn]. Beskikbaar by: <http://afrikander.com/705/> [Besoek 5 Junie 2016].
- Chesterman, A. en Williams, J. 2002. *The Map: a beginner's guide to doing research in translation studies*, Manchester: UK: St. Jerome Publishing.
- Chung-ling, S. 2008. Corpus-based Study of Differences in Explicitation Between Literature Translations for Children and for Adults. *Translation Journal* [Aanlyn], Vol. 12. Beskikbaar: <http://www.translationjournal.net/journal/45explicit.htm> [Besoek Julie 2008].
- Cohen, D. en Crabree, B. 2006. *Qualitative Research Guidelines Project* [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.qualres.org/HomeInte-3516.html> [Besoek 9 Maart 2016].
- Cunningham, W.L. 2007. Caveat Translator - Let the Translator Beware. *Translation Journal* [Aanlyn], Vol. 11. Beskikbaar: <http://translationjournal.net/journal/41caveat.htm> [Besoek 29 November 2015].

- Dabbaghian, A.A. en Solimany, S. 2013. The Application of Baker's Taxonomy on Translation of Literary Texts, A Case Study of George Orwell's Animal Farm. *International Journal of Science and Research (IJSR)*, Vol. 2, No. 12, pp 280-284.
- Davies, C. 2009. Reflections on Translating Dialect in Jokes and Humour. *inTRAlinea* [Aanlyn].
Beskikbaar: <http://www.intralinea.org/archive/article/1707>.
- de Stadler, L.G. 1994. *Groot Tesaurus van Afrikaans*, Kaapstad: Southern Boekuitgewers.
- Dictionary.com. 2016. *Dictionary.com* [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.dictionary.com/> [Besoek 15 Mei 2016].
- Discworld & Terry Pratchett Wiki. 2012. *Gonnagle* [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://wiki.lspace.org/mediawiki/Gonnagle> [Besoek 24 Mei 2016].
- Doyle, H.G. 1930. *Notes and News. The Modern Language Journal*, Vol. 14, No. 5, pp 398-404.
- du Plessis, M. (red.) 2005. *Pharos Afrikaans-Engels English-Afrikaans Woordeboek*. Kaapstad: Pharos Woordeboeke.
- Dudovskiy, J. 2016a. *Inductive Approach* [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://research-methodology.net/research-methodology/research-approach/inductive-approach-2/> [Besoek 17 April 2016].
- Dudovskiy, J. 2016b. *Interpretivism (interpretivist)* [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://research-methodology.net/research-philosophy/interpretivism/> [Besoek 3 April 2016].
- Dudovskiy, J. 2016c. *Qualitative Research* [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://research-methodology.net/research-methods/qualitative-research/> [Besoek 24 April 2016].
- Dudovskiy, J. 2016d. *Research Methods* [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://research-methodology.net> [Besoek 2016 20 Februarie].
- Eco, U. 1976. *A Theory of Semiotics*, VSA: Indiana University Press.
- Eco, U. en Nergaard, S. 2005. Semiotic Approaches. In: Baker, M. (red.) *Routledge Encyclopedia of Translation Studies*. Talyor & Francis e-Library.
- Edkins, J. 2006. *Counting Sheep* [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://gwydir.demon.co.uk/jo/numbers/words/sheep.htm> [Besoek 25 Junie 2015].
- Elektroniese WAT. 2013. *Woordeboek van die Afrikaanse Taal (WAT)* [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.woordeboek.co.za.uplib.idm.oclc.org/> [Besoek 27 Julie 2016].
- Englund Dimitrova, B. 1997. Translation of Dialect in Fictional Prose - Vilhelm Moberg in Russian and English as a Case in Point. *Norm, variation and change in Language*.
- Enright, J. g.d.-a. *Awards Terry Pratchett has won* [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.lspace.org/about-terry/awards.html> [Besoek 8 Desember 2014].

- Enright, J. g.d.-b. *Interviews with Terry Pratchett* [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.lspace.org/about-terry/interviews/index.html> [Besoek 8 Desember 2014].
- Enright, J. g.d.-c. *What the Press says about Terry Pratchett* [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.lspace.org/about-terry/press.html> [Besoek 8 Desember 2014].
- Epstein, B.J. 2006a. Killing a Mockingbird or Killing a Dialect? *Brave New Words* [Aanlyn]. Beskikbaar by: <http://brave-new-words.blogspot.com/2006/08/killing-mockingbird-or-killing-dialect.html> [Besoek 25 September 2014].
- Epstein, B.J. 2006b. Translating Dialects. *Brave New Words* [Aanlyn]. Beskikbaar by: <http://brave-new-words.blogspot.com/2006/08/translating-dialects.html> [Besoek 25 September 2014].
- Even-Zohar, I. 1990. The position of translated literature within the literary polysystem. In: Venuti, L. (red.) *The Translation Studies Reader*. 2^{de} uitg. Londen en New York: Routledge, Hoofstuk 15.
- FAK. 2015. *Vermaak en werk* [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.afrikanergeskiedenis.co.za/vermaak-en-werk/> [Besoek 1 Julie 2016].
- Fantasy Book Review. 2016. *Terry Pratchett biography* [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.fantasybookreview.co.uk/Terry-Pratchett/biography.html> [Besoek 27 Julie 2016].
- Farlex Inc. 2016. *The Free Dictionary* [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.thefreedictionary.com> [Besoek 12 Junie 2016].
- Frawley, W. 1984. Prolegomenon to a theory of translation. In: Venuti, L. (red.) *The Translation Studies Reader*. 2^{de} uitg. Londen en New York: Routledge, Hoofstuk 19.
- Gerber, A. 1896. Folk-Tales: Louisiana Folk-Tales in French Dialect and English Translation by Alcée Fortier. *Modern Language Notes*, Vol. 11, No. 1, pp 25-26.
- Glasgowvant. 2016. *Glaswegian Dictionary* [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.glasgowvant.com/glaswegian-dictionary-terms-and-phrases/> [Besoek 5 Junie 2016].
- Gordon, P. 2013. Translation Workflow. *Translation Journal* [Aanlyn], Vol. 17. Beskikbaar: <http://www.translationjournal.net/journal/66workflow.htm> [Besoek Oktober 2013].
- Gorlée, D. 1994. *Semiotics and the Problem of Translation*, Amsterdam en Atlanta: Radopi.
- Gutt, E.-A. 1991. Translation as interlingual interpretative use. In: Venuti, L. (red.) *The Translation Studies Reader*. 2^{de} uitg. Londen en New York: Routledge, Hoofstuk 25.
- Hanks, P., Hardcastle, K. en Hodges, F. 2016. *A Dictionary of First Names*: Oxford.
- Haque, Z. 2012. Translating Literary Prose: Problems and Solutions. *International Journal of English Linguistics*, Vol. 2, No. 6, pp 97-111.

- Harding, S.-A. 2012. "How do I apply narrative theory?" Socio-narrative theory in translation studies. *Target*, Vol. 24, No. 2, pp 286-309.
- Harry. 2004. *Counting in Swaledale* [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://crookedtimber.org/2004/03/02/counting-in-swaledale/> [Besoek 25 Junie 2015].
- Harvey, K. 1998. Translating Camp Talk. In: Venuti, L. (red.) *The Translation Studies Reader*. 2^{de} uitg. Londen en New York: Routledge, Hoofstuk 29.
- Haryanto, S. g.d. An Annotated Translation of *My lover my friend*. Politeknik Negeri Media Kreatif.
- Hatim, B. en Mason, I. 1990. *Discourse and the Translator*. New York: Longman, Hoofstuk 3-4.
- Hatim, B. en Mason, I. 1997. Politeness in screen translation. In: Venuti, L. (red.) *The Translation Studies Reader*. 2^{de} uitg. Londen en New York: Routledge, Hoofstuk 28.
- Hermans, T. 2007. Literary Translation. In: Kuhlman, P. en Littau, K. (reds.) *A Companion to Translation Studies*. Clevedon, Buffalo en Toronto: Multilingual Matters Ltd, Hoofstuk 5.
- Hodges, P. 2009. Linguistic Approach to Translation Theory. Beskikbaar: <http://www.translationdirectory.com/articles/article2019.php> [Besoek 11 Oktober 2015].
- Hodges, P. 2011. A Snapshot of Literary Translation and its Practitioners. Beskikbaar: <http://www.translationdirectory.com/articles/article2332.php> [Besoek 27 November 2013].
- Hofstee, E. 2013. *Constructing a Good Dissertation: A Practical Guide to Finishing a Master's, MBA or PhD on Schedule*, Johannesburg, Suid-Afrika: EPE.
- Holmes, J.S. 1972. The name and nature of Translation Studies. In: Venuti, L. (red.) *The Translation Studies Reader*. 2^{de} uitg. Londen en New York: Routledge, Hoofstuk 13.
- Horobin, S.C.P. 2001. J.R.R. Tolkien as a Philologist: A Reconsideration of the Northernisms in Chaucer's Reeve's Tale. *English Studies*, Vol. 82, No. 2, pp 97-105.
- House, J. 1977. A Model for Assessing Translation Quality. *Meta: Translators' Journal*, Vol. 22, 2, pp 103-109.
- House, J. 2001. Translation Quality Assessment: Linguistic Description versus Social Evaluation. *Meta: Translators' Journal*, Vol. 46, No. 2, pp 242-257.
- Hunt, C. 2016. *McGonagall Online* [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.mcgonagall-online.org.uk/> [Besoek 24 Mei 2016].
- Inaba, T. 2009. Is Translation a Rewriting of an Original Text? *Translation Journal* [Aanlyn], Vol. 13. Beskikbaar: <http://translationjournal.net/journal/48rewrite.htm>.
- Jakobson, R. 1959. On Linguistic aspects of translation. In: Venuti, L. (red.) *The Translation Studies Reader*. 2^{de} uitg. Londen en New York, Hoofstuk 8.
- Kalashnikov, A.V. 2006a. Proper Names in Translation of Fiction. *Translation Journal* [Aanlyn], Vol. 10. Beskikbaar: <http://accurapid.com/journal/35propernames.htm>.

- Kalashnikov, A.V. 2006b. Translation of Charactonyms from English into Russian. *Translation Journal* [Aanlyn], Vol. 10. Beskikbaar: <http://accurapid.com/journal/37characto.htm>.
- Klaudy, K. 1998. Explication. In: Baker, M. (red.) *Encyclopedia of Translation Studies*. Londen en New York: Routledge,
- Klitgård, I. (red.) 2006. *Literary Translation: World Literature or 'Worlding' Literature*. Copenhagen: Museum Tusulanum Press.
- Kotzé, E.F., McLachlan, J.D., Lombard, F.J., Alberts, M., Anker, J., du Plessis, M., Otto, A.N. en van Huyssteen, G.B. (reds.) 2009. *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls*, 10^{de} uitg. Kaapstad: NB-Uitgewers.
- Kruger, H. 2001. The creation of interlingual subtitles: Semiotics, equivalence and condensation. *Perspectives: Studies in Translatology*, Vol. 9,3, pp 177-196.
- Landers, C.E. 2001. *Literary translation: a practical guide*, Groot-Brittanje: Multilingual Matters Ltd.
- Languagehat.com. 2005. *Yan Tan Tethera* [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://languagehat.com/yan-tan-tethera/> [Besoek 25 Junie 2015].
- Lefevere, A. 1982. Mother Courage's Cucumbers. In: Venuti, L. (red.) *The Translation Studies Reader*. 2^{de} uitg. Londen en New York: Routledge, Hoofstuk 18.
- Lefevere, A. 1992. *Translation, Rewriting and the Manipulation of Literary Fame*, USA and Canada: Routledge.
- Levý, J. 1967. Translation as a decision process. In: Venuti, L. (red.) *The Translation Studies Reader*. 2^{de} uitg. Londen en New York: Routledge, Hoofstuk 11.
- Lewis, P.E. 1985. The measure of translation effects. In: Venuti, L. (red.) *The Translation Studies Reader*. 2^{de} uitg. Londen en New York: Routledge, Hoofstuk 20.
- Lipkin, A. 2003. *The Wee Free Men by Terry Pratchett* [Aanlyn]. Beskikbaar: http://www.bookslut.com/fiction/2003_08_000384.php [Besoek 2 September 2014].
- LoveToKnow Corp. 2016. *Your Dictionary* [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.yourdictionary.com/> [Besoek 12 Junie 2016].
- Luther, J., Pfeiffer, F. en Gouws, R.H. (reds.) 2015. *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*, 6^{de} uitg. Kaapstad: Pearson Holdings.
- MacFarlane, M. 1912. *School Gaelic Dictionary*, Stirling: Eneas Mackay, Bookseller.
- Marshall, C. 2007. A change of tongue. *Scrutiny2: Issues in English Studies in Southern Africa*, Vol. 12, No. 1, pp 77-92.
- Mašláň, M. 2006. *Dialect and Translation: MA Major Thesis*. Master of Arts, Masaryk University.
- McElduff, S. 2009. Living at the level of the word Cicero's rejection of the interpreter as translator. *Translation Studies*, Vol. 2, No. 2, pp 133-146.

- McMaster University. 2016. *TAPoR Prototype of Text Analysis Tools* [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://taporware.ualberta.ca/~taporware/textTools/listword.shtml> [Besoek 24 April 2016].
- Metelerkamp, S. 1914. *Outa Karel's Stories - South African folk-lore tales*, Londen: Macmillan and Co.
- Mrzygłodzka, A. 2013. *Dialect in Translation. The role of the West Yorkshire dialect in Emily Brontë's Wuthering Heights and strategies for its translation*. [Aanlyn]. Beskikbaar: http://wa.amu.edu.pl/plm/2013/files/Abstracts/Mrzyg%C5%82odzka_Anna_PLM2013.pdf [Besoek 2 September 2014].
- Müller, M.C. 2003. *Skryf Afrikaans*, Kaapstad: NB-Uitgewers Bpk.
- Munday, J. 2001. *Introducing Translation Studies*, Londen en New York: Routledge.
- Nabokov, V. 1955. Problems of translation: "Onegin" in English. In: Venuti, L. (red.) *The Translation Studies Readers*. 2^{de} uitg. Londen en New York: Routledge, Hoofstuk 5.
- Nameberry. 2016. *Fina* [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://nameberry.com/babynome/Fina> [Besoek 24 Mei 2016].
- Newmark, P. 1976. The Theory and the Craft of Translation. *Language Teaching*, Vol. 9, pp 5-26.
- Newmark, P. 1981. *Approaches to Translation*, Oxford: Pergamon Press.
- Newmark, P. 1988. *A Textbook of Translation*, New York, Londen, Toronto, Sydney en Tokyo: Prentice-Hall International.
- Nida, E. 1964. Principles of correspondence. In: Venuti, L. (red.) *The Translation Studies Reader*. 2^{de} uitg. Londen en New York: Routledge, Hoofstuk 9.
- Nida, E.A. en Taber, C.R. 1964. *The Theory and Practice of Translation*, Leiden: E.J. Brill.
- Nord, C. 2001. *Translation as a Purposeful Activity*, Manchester, VK en Northampton MA, USA: St Jerome Publishing.
- O'Sullivan, E. 2013. Children's literature and translation studies. In: Millán, C. en Bartrina, F. (reds.) *The Routledge Handbook of Translation Studies*. Londen en New York: Routledge, Hoofstuk 33.
- Odendal, F.F. en Gouws, R.H. (reds.) 2005. *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*, 5^{de} uitg. Kaapstad: Maskew Miller Longman (Edms.) Bpk.
- Ortega y Gasset, J. 1937. The misery and the the spendor of translation. In: Venuti, L. (red.) *The Translation Studies Reader*. 2^{de} uitg. Londen en New York: Routledge, Hoofstuk 4.
- Øverås, L. 1998. In Search of the Third Code: An Investigation of Norms in Literary Translation. *Meta: Translators' Journal*, Vol. 43, No. 4, pp 557-570.
- Oxford University Press. 2016. *Oxford Dictionaries* [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.oxforddictionaries.com/> [Besoek 27 Julie 2016].

- Paul, M., Finch, A., Dixon, P.R. en Sumita, E. 2011. Dialect Translation: Integrating Bayesian Co-segmentation Models with Pivot-based SMT. *Empirical Methods in Natural Language Processing*. Edinburg, Skotland, VN.
- Perteghella, M. 2002. Language and Politics on Stage: Strategies for Translating Dialect and Slang with References to Shaw's *Pygmalion* and Bond's *Saved*. *Translation Review*, Vol. 64, No. 1, pp 45-53.
- Peschel, B. 2006. *Interview with Terry Pratchett* [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://planetpeschel.com/2006/09/interview-with-terry-pratchett/> [Besoek 2 September 2014].
- Pound, E. 1929. Guido's Relations. In: Venuti, L. (red.) *The Translation Studies Reader*. 2de uitg. Londen en New York: Routledge, Hoofstuk 2.
- Pratchett, T. 2006. *The Wee Free Men*, VSA: HarperTempest.
- Pratchett, T. en Simpson, J. 2008. The Nac Mac Feegle. *The Folklore of Discworld*. London, Toronto, Sydney, Auckland en Johannesburg: Doubleday, Hoofstuk 4.
- Quine, W.V.O. 1959. Meaning and Translation. In: Venuti, L. (red.) *The Translation Studies Reader*. 2^{de} uitg. Londen en New York: Routledge, Hoofstuk 7.
- Ralph, T. 2016. *Te deu wid sheep* [Aanlyn]. Beskikbaar: http://www.lakelanddialectsociety.org/counting_sheep.htm [Besoek 27 Julie 2016].
- Reiss, K. 1971. Type, kind and individuality of text. In: Venuti, L. (red.) *The Translation Studies Reader*. 2^{de} uitg. Londen en New York: Routledge, Hoofstuk 12.
- Rosenthal, M. 1945. Notes on Some Afro-Cuban Translations. *Phylon (1940-1956)*, Vol. 6, No. 3, pp 267-272.
- Rosser-Owen, D. 2011. *A kind of Appreciation of Sir Terry Pratchett's characters* [Aanlyn]. Beskikbaar: <https://islamizamizdat.wordpress.com/2011/02/06/na-fionnghallaich-as-a-chlar-che-the-nac-mac-feegle-of-discworld/> [Besoek 29 Julie 2015].
- Saldanha, G. en O'Brien, S. 2014. *Research Methodologies in Translation Studies*, Londen en New York: Routledge.
- Schjoldager, A. 2008. The skopos theory. *Understanding Translation*. Aarhus: Academica, Hoofstuk 9.
- Scots-online.org. 2015. *The Online Scots Dictionary* [Aanlyn]. Beskikbaar: http://www.scots-online.org/dictionary/scots_english.asp [Besoek 15 Mei 2016].
- Scottish Language Dictionaries Ltd. 2016. *Dictionary of the Scots Language* [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.dsl.ac.uk/> [Besoek 15 Mei 2016].
- Shmoop Editorial Team. 2008. *The Wee Free Men Tough-o-Meter* [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.shmoop.com/wee-free-men/difficulty.html> [Besoek 27 Julie 2016].

- Smythe, C. 2011. *The L-Space Web: Just who is Terry Pratchett?* [Aanlyn]. Beskikbaar:
<http://www.lspace.org/about-terry/biography.html> [Besoek 2 September 2014].
- Smythe, C. g.d. *Discworld Pages* [Aanlyn]. Beskikbaar:
<http://www.colinsmythe.co.uk/discworldpages/dwindex.htm> [Besoek 2 September 2014].
- Somers, M.R. 1997. Deconstructing and Reconstructing Class Formation Theory: Narrativity, Relational Analysis, and Social Theory. In: Hall, J.R. (red.) *Reworking Class*. Ithaca en Londen: Cornell University Press, Hoofstuk 2.
- Sontag, S. 1964. Notes on Camp. *Partisan Review*. New Jersey: The American Committee for Cultural Freedom, Inc.
- Spivak, G.C. 1992. The politics of translation. In: Venuti, L. (red.) *The Translation Studies Reader*. 2^{de} uitg. Londen en New York: Routledge, Hoofstuk 26.
- Steiner, G. 1975. The hermeneutic motion. In: Venuti, L. (red.) *The Translation Studies Reader*. 2^{de} uitg. Londen en New York: Routledge, Hoofstuk 14.
- TerryPratchettBooks.com. 2011. *Talking with Terry Pratchett* [Aanlyn]. Beskikbaar:
<http://web.archive.org/web/20070523183741/http://www.terrypratchettbooks.com/terry/taalk.html> [Besoek 2 September 2014].
- The British Library Board. g.d. *Geordie* [Aanlyn]. Beskikbaar:
<http://www.bl.uk/learning/langlit/sounds/case-studies/geordie/> [Besoek 27 Julie 2016].
- The SAGA Project. 2013. *BigJob* [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://saga-project.github.io/BigJob/> [Besoek 11 Julie 2016].
- Toury, G. 1981. System, Norm, Performance: Toward a TT-Oriented Approach to Literary Translation. *Poetics Today*, Vol. 2, No. 4, pp 9-27.
- Toury, G. 1995. The nature and role of norms in translation. In: Venuti, L. (red.) *The Translations Studies Reader*. 2^{de} uitg. Londen en New York: Routledge, Hoofstuk 16.
- Umberto, E. en Nergaard, S. 2005. Semiotic Approaches. In: Baker, M. (red.) *Routledge Encyclopedia of Translation Studies*. Taylor & Francis e-Library.
- Urban Dictionary. 2016. *Urban Dictionary* [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.urbandictionary.com> [Besoek 12 Junie 2016].
- van Baars, F.J.J. en van der Schoot, J.G.J.A. 1969. *Engels-Nederlands Woordenboek*, Utrecht en Antwerpen: Uitgeverij Het Spectrum.
- Venuti, L. 2000. Translation, Community, Utopia. In: Venuti, L. (red.) *The Translation Studies Reader*. 2^{de} uitg. Londen en New York: Routledge, Hoofstuk 30.
- Venuti, L. (red.) 2004a. *The Translation Studies Reader*, 2^{de} uitg. Londen en New York: Routledge.
- Venuti, L. 2004b. The Translator's Invisibility. Taylor & Francis e-Library.

- Venuti, L. 2013. *Translation Changes Everything - Theory and Practice*, New York: Routledge.
- Verburg, K. g.d. *The Pratchett Quote File v6.0* [Aanlyn]. Beskikbaar:
<http://www.lspace.org/books/pqf/alt-fan-pratchett.html> [Besoek 8 Desember 2014].
- Vermeer, H.J. 1989. Skopos and Commission in Translational Action. In: Venuti, L. (red.) *The Translation Studies Reader*. Londen en New York: Routledge, Hoofstuk 19.
- Vinay, J.-P. en Darbelnet, J. 1995. A methodology for translation. In: Venuti, L. (red.) *The Translation Studies Reader*. 2^{de} uitg., Hoofstuk 6.
- Von Flotow, L. 2007. Gender and Translation. In: Kuhlwiczak, P. en Littau, K. (reds.) *A Companion to Translation Studies*. Clevedon: Multilingual Matters Ltd., Hoofstuk 6.
- Wechsler, R. 1998. *Performing Without a Stage - The Art of Literary Translation*, North Haven: Catbird Press.
- Weijnen, A. 1989. *Nederlands*, Utrecht: Uitgeverij Het Spectrum.
- Weisstein, U. 1962. Dialect as a Barrier to Translation: The Case of German Literature. *Monatshefte*, Vol. 54, No. 5, pp 233-243.
- Wikia. 2016. *The Wee Free Men* [Aanlyn]. Beskikbaar:
http://discworld.wikia.com/wiki/The_Wee_Free_Men [Besoek 27 Julie 2016].
- Wilss, W. 1996. *Knowledge and Skills in Translator Behavior*, Amsterdam/Philadelphia: John Benjamins Publishing Company.
- Wittman, E.O. 2013. Literary narrative prose and translation studies. In: Millán, C. en Bartrina, F. (reds.) *The Routledge Handbook of Translation Studies*. Londen en New York: Routledge, Hoofstuk 32.
- Zare-Behtash, E. 2010. Culture-Specific Items in Literary Translations. *Translation Journal* [Aanlyn], Vol. 14. Beskikbaar: <http://translationjournal.net/journal/51culture.htm> [Besoek 29 November 2015].